# HOOFSTUK 13

# TERUGBLIK, MOTIVERINGS EN AANBEVELINGS

## 13.1 INLEIDING

Die blinde kind is blind in 'n wêreld van siendes en dit het verskillende implikasies vir die opvoeding en onderwys van blin=des. In die lig van die probleemsituasie van die blinde, is riglyne vir die opvoeding en onderwys van blindes geformuleer. Vervolgens is 'n uiteensetting gegee van die opvoeding- en onder=wysstelsel vir blindes in die RSA, asook van die stand van po=gings om blinde skoolverlaters in 'n siende gemeenskap te help inskakel. Hierdie uiteensetting het gepaard gegaan met 'n evaluering van die praktyk in die lig van sekere pedagogiese beginsels, en waar die praktyk in sekere oorsese lande aspekte van 'n verantwoorde opvoedings-, onderwys-, opleidings- en in=skakelingsprogram kon belig, is na sodanige praktyke verwys. In die onderhawige hoofstuk sal knelpunte wat in die stelsel in die RSA geïdentifiseer is, gestel word en gepoog word om tot verantwoorde aanbevelings te kom.

## 13.2 DIE BEHEER VAN DIE ONDERWYS VIR BLINDES

### 13.2.1 MEDESEGGENSKAP VAN KERKLIKE BEHEERLIGGAME

Die geskiedenis van die onderwys vir blinde kinders in die RSA is in 'n groot mate 'n getuienis van die harmonieuse samewer=king tussen Staat en Kerk. In die voorafgaande hoofstukke is telkens verwys na die bydrae van die kerklike beheerliggame (in besonder die Bestuur van die Skool vir Blindes te Worcester) met betrekking tot die uitbouing van die opvoeding en onderwys van blinde kinders. Afgesien van die feit dat die N.G. Kerk die daarstelling van die Skool vir Blindes geïnisieer het (kyk 3.2.1),

lewer kerklike beheerliggame veral ten opsigte van doeltreffende personeelvoorsiening (kyk 8.4) en opleiding van personeel (kyk 8.2.1.3) 'n wesenlike bydrae. In Engeland het die Vernonkomitee (1972) die noodsaaklikheid dat die ondervinding en praktiese ondersteuning van vrywillige organisasies ten opsigte van onder=wys vir blindes behou sal word, beklemtoon (kyk 4.2.4).

Afgesien daarvan dat finansiële bydraes deur die kerklike beheerlig=game ter instandhouding en uitbreiding van onderwysgeriewe vir blinde kinders die finansiële las van die Staat in hierdie ver=band verlig (kyk 4.2.3), bied sodanige finansiële bydraes die hoof van die skool gewis meer geleentheid tot die uitoefening van persoonlike inisiatief om knelpunte in die opvoedings- en onderwysprogram uit te skakel. Genoemde finansiële bydraes impliseer dus nie alleen 'n bykomende bron van finansiële hulp nie, maar ook 'n bron van morele ondersteuning wat daartoe by=dra dat die hoof en personeel steeds ontvanklik bly vir, en gerig is op nuwe ontwikkelingsmoontlikhede. Ook het die noue verbondenheid van die Kerk met die Skool vir Blindes deur die verloop van jare 'n vormende bydrae gelewer tot die vestiging van 'n eie skoolse tradisie en die skepping van 'n klimaat van wellewendheid en Christelike Geborgenheid wat by die opvoeding van die gestremde kind en in besonder vir die verwerking van sy gestremdheid deur die kind so onontbeerlik is (vgl. 2.2.3.9).

## Aanbeveling

*In die lig van bogenoemde praktiese en morele bydrae van kerklike beheerliggame word aanbeveel dat die medeseggenskap van die N.G. Kerk deur middel van die Instituut vir Dowes en Blindes in die bestuur van die Skool vir Blindes te Worcester, en dié van die drie susterskerke (N.G.,Gereformeerde en Hervormde) deur middel van die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys in die*

*bestuur van die Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes te Pretoria behou sal word.*

### 13.2.2 BEHEER DEUR DIE DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

Met die proklamering van die Wet op Onderwysdienste (Wet. No. 41 van 1967) is die onderwys vir die verskillende tipologieë ge=stremde leerlinge losgemaak van beroepsonderwys (aangebied in onder andere tegniese en handelskole) en het buitengewone onder=wys die besondere verantwoordelikheid van die huidige Departement van Nasionale Opvoeding (die vorige Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) geword. Hierdie verandering het positiewe implikasies vir die opvoeding en onderwys van gestremde leerlinge gehad. Nouer skakeling tussen skole en die verantwoordelike De=partement het moontlik geword aangesien die Departement nou in die eerste plek in die opvoeding en onderwys van gestremde kin=ders gespesialiseer het. Die gevolg hiervan was dat die probleem=situasie van die gestremde (blinde) kind en die eiesoortige behoeftes van skole vir gestremdes (blindes) duideliker in die blikpunt gestel is wat tot meerdere begrip van departementsweë gelei het (kyk 4.2.1 en 4.2.5)*.

#### Aanbeveling

*In die lig van die positiewe implikasies wat die skeiding van buitengewone en beroepsonderwys vir die buitengewone onderwys gehad het, word aanbeveel dat skole vir blindes (saam met skole vir ander tipologieë gestremde kinders) onder die Departement van Nasionale Opvoeding as beherende Departement ingeskakel sal bly.*

---

*Die moontlikheid van die vervreemding van buitengewone en gewone onderwys word in paragraaf 13.3.4 oorweeg.

## 13.3 ENKELE ORGANISATORIESE ASPEKTE VAN DIE ONDERWYS VIR BLINDES

### 13.3.1 DIE NOODWENDIGHEID VAN SENTRALISASIE

Die getal blinde leerlinge in die RSA het sedert ongeveer 1964 nie noemenswaardig vermeerder nie. In Engeland en België is 'n soortgelyke tendens merkbaar (kyk 4.4.2.1). Afgesien van die feit dat die blinde leerlingtal in die RSA nie noemenswaardig vermeerder nie, is die totale getal braillekandidate in skole vir blindes in die RSA betreklik klein. Gedurende 1974 was die gesamentlike blinde leerlingtal aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool slegs ongeveer 160 waarvan 141 aan die Skool vir Blindes verbonde was. Die *gemiddelde* aantal *blinde* leerlinge per standerd, klasgroep of opleidingseenheid aan die Skool vir Blindes gedurende 1974 was soos volg:

a. Voorbereidende klasgroep en substanderds A en B: 4 leerlinge per klasgroep.

b. Standerds 1 tot 5: 7 tot 8 leerlinge per standerd.

c. Standerds 6 tot 10: 11 leerlinge per standerd.

d. Junior en Senior Aanpassingsklas: 7 leerlinge per klasgroep.

e. Hulpklasse I tot III: 5 leerlinge per hulpklas.

f. Vakafdeling: 2 leerlinge per afdeling.

g. Beroepsafdeling: 2 leerlinge per opleidingseenheid (kyk tabel 4.1).

Hierdie gegewens dui op die noodsaaklikheid van sentralisasie indien volwaardige onderwysgeriewe tot die beskikking van blinde leerlinge gestel wil word.

Die feit dat aan die Prinshofskool vir blinde leerlinge tot op graad 2-vlak voorsiening gemaak word, word duidelik in die aantal blinde leerlinge tot op substanderd B-vlak aan die Skool vir

Blindes gereflekteer. Vir blinde leerlinge in die voorbereidende klas en substanderd A aan die Skool vir Blindes moes dan ook in dieselfde klasgroep voorsiening gemaak word. Aan die Prinshofskool was daar gedurende 1973 slegs 14 blinde leerlinge verbonde en die 7 leerlinge in graad 1 en graad 2 was in dieselfde klasgroep saamgegroepeer (kyk 4.4.1.2). Waar die Prinshofskool in die eerste plek vir swaksiende leerlinge voorsiening maak, is daar aan hierdie skool uit die aard van die saak 'n mindere gerigtheid op die spesifieke behoeftes van die klein groepie blinde leerlinge, aangesien die organisasie primêr op die opvoedings- en onderwysbehoeftes van die swaksiende kind ingestel is (kyk 9.2.3.3 b en 9.3.2).

Ten slotte het die onderwys van blindes groot finansiële implikasies. Noodsaaklike hulpdienste soos 'n brailledrukkery, bandopnamediens en beroepsopleidingsfasiliteite kan slegs teen hoë koste daargestel word. Die duplisering van dienste kan dus slegs verantwoord word indien die blinde leerlingtal 'n groot kapitale uitleg regverdig.

## Aanbevelings

*Op grond van die betreklike klein getal blinde leerlinge in die RSA en die feit dat hierdie leerlingtal tans redelik konstant bly, word aanbeveel -*

*a. dat tensy daar 'n drastiese vermeerdering in die aantal blinde kinders in die RSA sou plaasvind, die onderwys vir blindes aan een skool gesentraliseer sal bly ten einde volwaardige onderwysgeriewe aan hierdie kinders beskikbaar te stel;*

*b. dat vir die huidige nie oorweging geskenk sal word aan die moontlike verdere uitbreiding van die afdeling vir blindes aan die Prinshofskool nie, en*

e. *dat indien die blinde leerlingtal tot op graad 2-vlak (substanderd B-vlak) 'n ernstige afname toon, oorweging geskenk sal word aan die oorplasing van blinde leerlinge aan die Prinshofskool na die Skool vir Blindes (vgl. 13.3.2).*

### 13.3.2 DIE LIGGING VAN DIE SKOOL VIR BLINDES TE WORCESTER

Die relatief afgeleë ligging van die Skool vir Blindes te Worces= ter het geblyk in sommige opsigte doeltreffende dienslewering aan blinde leerlinge en skoolverlaters te strem. Aspekte van 'n doeltreffende onderwys-, opleidings-, hulpverlenings- en inska= kelingsprogram wat in 'n mate hierdeur gestrem word, is die vol= gende:

a. Sekere mediese en paramediese dienste (byvoorbeeld optome= triese en spraakterapeutiese dienste) is nie so geredelik bekombaar as in die geval van skole wat in groter sentra geleë is nie (kyk 9.4.2). Ook word die moontlikheid van na= vorsing op van hierdie terreine by wyse van samewerking tus= sen die skool en tersiêre opleidingsinrigtings in 'n mate beperk.

b. Die praktiese gedeelte van onderwysersopleiding vir onderwys aan skole vir blindes word in 'n mate gekortwiek as gevolg van die betreklike afgeleë ligging van die Skool vir Blindes. In hierdie verband is gewys op die skakeling tussen onderwy= sersopleidingsinrigtings en skole vir blindes in Engeland (kyk 8.2.2).

c. Dit gebeur wel dat enkele blinde leerlinge vir meer uitge= breide en gespesialiseerde pedodiagnosering, raadgewing en pedoterapie verwys moet word en dat sodanige dienste nie te Worcester beskikbaar is nie (vgl. 9.2.2.2).

d. In sommige oorsese lande bestaan daar die praktyk om blinde leerlinge as deel van hul opleiding vir sekere tydperke as werknemers in 'n fabriek of kantoor tussen siende werknemers in te skakel. Tydelike indienstreding bied aan die blinde die geleentheid tot selfstandigheidsbeoefening, sosiale oriënta= sie en selfevaluering in werklike werksomstandighede (kyk 7.3.5). Sodanige skakeling tussen die Skool vir Blindes en werkgewende instansies word gekortwiek deur groot afstande.

e. Beroepsplasing en nasorg ten opsigte van blinde skoolverla= ters (insluitende blinde studente) vanuit die Skool vir Blin= des, sowel as skakeling met beroepsplasingbeamptes, is pro= blematies as gevolg van groot afstande (kyk 12.3.4.4 en 12.5.4.1).

f. 'n Skool vir blindes wat in 'n groot stad geleë is, sal ge= reelde skakeling tussen 'n groter aantal ouers (ook ouers van voorskoolse blinde kinders) en die skool, asook tussen 'n groter aantal ouers en hul blinde kinders moontlik maak, aangesien meer ouerhuise in die onmiddellike omgewing van die skool geleë sal wees (kyk 10.3.4 en 10.3.5).

Hierdie uiteensetting dui op van die voordele wat 'n skool vir blindes het wat in 'n groot stad en digby 'n groot hospitaal en tersiêre opleidingsinrigtings geleë is. Dit is egter ook die geval dat die noodwendigheid van sentralisasie (dit wil sê slegs een volwaardige skool vir blindes) in 'n uitgestrekte land soos die RSA, steeds probleme skep ten opsigte van die lewering van sekere dienste, al sou die skool ook in 'n groot sentrum ge= leë wees. Indien 'n skool vir blindes byvoorbeeld in Johannes= burg geleë sou wees, sal daar steeds ouers van blinde kinders in byvoorbeeld Kaapstad of Durban woonagtig wees, sal daar steeds beroepsplasing en nasorg gedoen moet word ten opsigte van blinde skoolverlaters wat in verafgeleë sentrums in diens gaan

tree, en sal die skool steeds ver van sekere tersiêre opleidings= inrigtings geleë was. Die feit dat 60,5 persent van 656 Blanke blinde beroepsbeoefenaars in die ope arbeid in 1970 in die Trans= vaal woonagtig was (kyk 12.4.2.4), en dat 80,4 persent van 347 Blanke blinde persone in die Transvaal in 1973 in stede woonag= tig was (kyk 12.5.2.3), dui egter op die voordele (ten spyte van noodwendige beperkinge as gevolg van sentralisasie) indien 'n skool vir blindes byvoorbeeld in Johannesburg geleë sou wees.

Die uitstekende werk wat deur die Skool vir Blindes te Worcester gedoen word; die hegte tradisie ten opsigte van onderwys vir blindes en samewerking tussen Staat en Kerk wat deur die jare daar uitgebou en gevestig is; die bekwame personeel wat daar saamgetrek is; die fisiese onderwysgeriewe wat daar tot stand gebring is, en die landelike en rustige atmosfeer te Worcester waar die blinde kind gehelp kan word om homself te vind, weerhou die ondersoeker daarvan om tot 'n besliste gevolgtrekking te kom ten opsigte van die moontlike hervestiging van die Skool vir Blindes.

## Aanbeveling

*In die lig van die voordele wat die vestiging van 'n skool vir blindes in byvoorbeeld Johannesburg inhou en met inagneming van geperkinge wat steeds sou voortbestaan as gevolg van die nood= wendigheid van sentralisasie en die uitgestrektheid van die land, asook van die verdienste van die status quo, word aanbeveel dat die hervestiging van die Skool vir Blindes te Worcester in 'n groter sentrum (byvoorbeeld Johannesburg) as moontlikheid oopge= hou sal word, en steeds in die lig van veranderende omstandighede en verdere bevindinge oorweeg sal word, sonder om die verdere uitbouing van die Skool vir Blindes te Worcester enigsins te strem.*

13.3.3 DIE LIGGING VAN SKOLE VIR BLINDES TEN OPSIGTE VAN DIÉ VIR SWAKSIENDES

Alhoewel daar eenstemmigheid is oor die feit dat dit wenslik is om braillekandidate (dit wil sê leerlinge wat noodwendig by wyse van taktuele metodes onderrig moet word) en swaksiende leerlinge (dit wil sê leerlinge wat by wyse van visuele metodes onderrig word en selfs in 'n mate met die lees van gewone druk tereg kan kom) afsonderlik onderrig moet word, is daar verskeie oorweginge ten gunste van 'n praktyk om skole vir blindes en swaksiendes na= by mekaar op te rig. Oorweginge wat sodanige praktyk onderskryf is die volgende:

a. Die moontlike saamgroepering van *grensgevalle* (dit wil sê leerlinge wat volgens die Snellentoets 'n gesigskerpte van ongeveer 3/60 tot 7/60 het) in dieselfde klaskamer waar onderrig by wyse van sowel visuele as taktuele metodes ge= skied, word vergemaklik (vgl. 13.8.2).

b. Die duplisering van sekere dienste (byvoorbeeld mediese en paramediese dienste, asook 'n bandopnamediens) en ontspan= ningsgeriewe word in 'n mate uitgeskakel.

c. Die oorplasing van leerlinge van een skool na 'n ander (in die reël van 'n skool vir swaksiendes na 'n skool vir blindes) word vergemaklik.

d. Die vak- en beroepsopleiding van leerlinge kan ten aansien van sekere opleidingsrigtings in sekere opsigte gekombineer word (byvoorbeeld opleiding in telefonie, masjienoperateurs= werk en weef- en breiwerk).

Aanbeveling

*Op grond van genoemde voordele word aanbeveel dat indien die uitbreiding van onderwysgeriewe ten opsigte van gesigsgestremde*

*kinders genoodsaak word, steeds ernstige oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om skole vir blindes en skole vir swaksiendes op aangrensende of nabygeleë terreine op te rig.*

### 13.3.4 DIE MOONTLIKE VERVREEMDING VAN BUITENGEWONE ONDERWYS EN DIE GEWONE ONDERWYS

Weens die finansiële hulpverlening deur die kerklike beheerlig=game, geniet skole vir gesigsgestremdes 'n groter mate van outo=nomie as skole wat nie so begunstig is nie. Hierdie groter mate van outonomie, asook die feit dat buitengewone onderwys onder die Departement van Nasionale Opvoeding ressorteer, terwyl die gewone onderwys onder die onderskeie provinsiale administrasies ressor=teer, kan tot gevolg hê dat skole vir gesigsgestremdes buite die hoofstroom van ontwikkeling op onderwysgebied sal staan.

In Engeland en Wallis waar 'n groot aantal skole vir blindes deur vrywillige liggame bestuur en beheer word, is gevind dat doeltref=fende skakeling met ander skole en onderwysontwikkeling nie ge=maak word nie (kyk 4.2.4). Alhoewel die koördinerende krag van die Departement van Nasionale Opvoeding daartoe bydrae dat skole vir buitengewone onderwys nie van mekaar vervreemd raak nie en alhoewel sekere onderwysliggame dit as taak het om sorg te dra dat die onderwys op nasionale vlak beplan en gekoördineer word, moet steeds daarteen gewaak word dat skole vir gesigsgestremdes nie met betrekking tot sekere aspekte van die onderwys in 'n mate van isolasie hul eie rigting bepaal nie (kyk 4.2.5).

#### Aanbeveling

*Op grond van die moontlike vervreemding van die buitengewone onderwys en die gewone onderwys word aanbeveel dat ten opsigte van alle vlakke van die onderwys (byvoorbeeld met betrekking tot oorkoepelende beheer en beplanning, onderwysadministrasie,*

*onderwys- en koshuispersoneel) gepoog sal word om wyses van skakeling tussen hierdie twee kategorieë van onderwys te bewerk= stellig en uit te bou. Sodanige skakeling moet ten opsigte van al die verskillende fasette van die onderwys bewerkstellig word, byvoorbeeld die opsporing en identifisering van gestremde kinders, samestelling van sillabusse en kurrikula, indiensopleiding van personeel, skoolvoorligtingsdiens, navorsing en ontwikkeling.*

## 13.4 VOORSIENING VIR DIE VOORSKOOLSE BLINDE KIND

### 13.4.1 DIE OPSPORING VAN VOORSKOOLSE GESIGSGESTREMDE KINDERS

Die jong blinde kind se ontplooiing word ernstig gestrem as ge= volg van sy blindheid, en die ouers is met 'n gespesialiseerde opvoedings- en onderrigtaak gekonfronteer. Ouers het dan ook behoefte aan deskundige hulpverlening met betrekking tot die opvoeding en onderrig van hul voorskoolse blinde kinders (kyk 2.2.3.3 en 2.3.5). In verskeie oorsese lande bestaan daar uitgebreide identifiserings-, voorligtings- en hulpverleningspro= gramme met betrekking tot die voorskoolse blinde kind (kyk 5.2.2). Hoe gouer met die behandeling van die oogkondisie van die kind en met voorligting aan die ouers aangaande die opvoeding en onderrig van hul jong blinde kind 'n begin gemaak kan word, hoe beter mag die prognose van die oogkondisie wees, hoe suksesvoller sal die kind sy gestremdheid verwerk en hoe groter is die moont= likheid van 'n gelukkige gesinslewe.

Alhoewel ouers van blinde kinders oor die algemeen bewus is van die onderwysgeriewe wat daar vir hul kinders bestaan en wel hul kinders vir opname na die skole bring, bestaan daar nie 'n na= sionale opsporings- en identifiseringsprogram ten opsigte van voorskoolse gesigsgestremde kinders in die RSA nie en is daar ook nie 'n georganiseerde program van voorligting en hulpverlening aan ouers van hierdie kinders nie. Dit gebeur dan ook dat ouers

hul blinde kinders eers op ses-, sewe- en selfs agtjarige ouder=dom na die skool bring en dat daar by sommige van hierdie kinders blyke van 'n ernstige ontplooiingsagterstand is (kyk 5.2.1). Hieruit blyk die noodsaaklikheid van die vroeë opsporing van ge=sigsgestremde kinders en van hulpverlening aan ouers. Afgesien van die feit dat die vroeë opsporing van jong gesigsgestremde kinders hulpverlening aan ouers moontlik maak, sal dit ook vroeg=tydige kennisname van 'n toename in die getal voorskoolse gesigs=gestremde kinders moontlik maak wat vir die beplanning van die uit=breiding van onderwysgeriewe van besondere waarde kan wees.

Daar word dus voor oë gestel dat vroegtydige skakeling met ouers van voorskoolse blinde (gesigsgestremde) kinders bewerkstellig moet word en dat voorligting en hulpverlening aan hierdie ouers insake die opvoeding, onderrig en versorging van hul kinders aangebied moet word. Om hierin te slaag, word voorsien dat oog=ondersoeke as deel van 'n algemene gesondheidsondersoek ten aan=sien van alle voorskoolse kinders op nasionale vlak ingestel moet word. Die gesondheidsondersoek kan deur die Departement van Ge=sondheid behartig word en 'n span deskundiges behoort by hierdie ondersoek betrek te word (byvoorbeeld 'n oftalmoloog, kinderarts, huisdokter van die kind en 'n otoloog). Ouers sal by wyse van openbare bekendstellings van die diens, deur mediese praktisyns en ander betrokkenes aangemoedig moet word om hul kinders vir hierdie ondersoeke by gesondheidsklinieke in hul omgewing aan te meld.

Die name en adresse van alle kinders wat vanweë hul oogkondisie *moontlik* nie in skole vir normaalsiende leerlinge tereg sal kan kom nie, asook dié van kinders met progressiewe en gekompli=seerde oogkondisies, tesame met verslae van die ondersoeke wat aan die gesondheidskliniek uitgevoer is, moet dan aan die Depar=tement van Nasionale Opvoeding beskikbaar gestel word. Die name

en adresse, asook die verslae met betrekking tot dié kinders wat in die voedingsarea van 'n sekere skool vir gesigsgestremdes woonagtig is, word dan na die betrokke skool gestuur.

Dit sal dan die taak van die skool wees om met die ouers van hierdie kinders in verbinding te tree en hulle uit te nooi om die skool te besoek. Tydens hierdie besoeke (wat verskeie kere kan plaasvind) sal ouers en hul gesigsgestremde kinders by die akti= witeite van die ouerklinieke verbonde aan die skole*, ingeskakel word en sal die kinders aan verdere oogondersoeke onderwerp word. Verder sal dit van besondere waarde wees indien die oftalmoloog wat aan die skool verbonde is, met die oftalmoloog van 'n betrok= ke span deskundiges (verbonde aan die gesondheidskliniek in die omgewing van die kind se ouerhuis) kan skakel en menings kan wis= sel aangaande die aard en implikasies van die oogkondisie van die kind en sy moontlike opname in 'n skool vir gesigsgestremdes. Sodanige samewerking kan vir die oftalmoloog van die span deskun= diges wat in die omgewing van die ouerhuis van die kind werksaam is, in sy opvolgingswerk van besondere waarde wees, veral waar die oftalmoloog verbonde aan die skool in sy werksaamhede veral ook op die didaktiese implikasies van die oogkondisies van kinders gerig is.

## Aanbevelings

*In die lig van genoemde voordele wat die vroegtydige opsporing en identifisering van voorskoolse gesigsgestremde kinders inhou, word aanbeveel -*

*a. dat die evaluering van die algemene fisiese toestand (inslui= tende die oogkondisie) en ontwikkeling van voorskoolse kinders*

---

*In paragraaf 13.4.2 word 'n aanbeveling gemaak in verband met die daarstelling van ouerklinieke aan skole vir blindes.

*(so vroeg as moontlik) deur 'n span deskundiges aan gesondheidsklinieke as 'n diens op nasionale vlak ingestel sal word;*

b. *dat die name, adresse en gesondheidsverslae van dié kinders wat vanweë hul oogkondisie moontlik nie in skole vir normaalsiendes tereg sal kan kom nie, deur bemiddeling van die Departement van Nasionale Opvoeding na die skool vir gesigsgestremdes in die voedingsarea waarvan 'n betrokke kind woonagtig is, verwys sal word;*

c. *dat die ouers uitgenooi en aangemoedig sal word om die betrokke skool te besoek en sodoende by die werksaamhede van die ouerkliniek verbonde aan die skool, ingeskakel sal word, terwyl die kind in die skool se oogkliniek aan verdere oogondersoeke onderwerp word, en*

d. *dat volgehoue samewerking en konsultasie tussen die oftalmoloog verbonde aan die skool en die oftalmoloog verbonde aan die gesondheidskliniek in die omgewing van die ouerhuis van die kind, sal plaasvind.*

### 13.4.2 VOORLIGTING EN HULPVERLENING AAN OUERS VAN VOORSKOOLSE BLINDE KINDERS

In die vorige paragraaf is daarop gewys dat ouers van voorskoolse blinde kinders met 'n gespesialiseerde opvoedings- en onderrigtaak gekonfronteer word en dat sommige blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool vir blindes toegelaat word, blyke van 'n ontplooiingsagterstand gee. Die opname van hierdie kinders in skole vir blindes het besondere probleme tot gevolg (kyk 6.2.1.4). Hulpverlening en voorligting aan ouers insake die opvoeding en onderrig van hul blinde kinders is dus van aktuele belang.

Wat betref die voorligting en hulpverlening aan ouers van

voorskoolse blinde kinders moet in die eerste plek aandag geskenk word aan hul ontvangs en verblyf aan skole vir blindes. Vir hier=die doel sal *ouerklinieke* aan skole ingerig moet word waar ouers en hul kinders tydens hul besoek kan inwoon. Vervolgens sal geskool=de personeel beskikbaar gestel moet word. Waar voorligting met betrekking tot die affektiewe en veral kognitiewe ontplooiing van die jong blinde kind en die bewerkstelliging van 'n positiewe ouer-kindverhouding verskaf moet word, moet personeel aangestel word wat deeglike kennis dra van sowel die ontplooiing van die blinde kind as beperkinge wat deur sy situasie geïmpliseer word (kyk 2.2.3.3 en 2.3.5). Maatskaplike werksters wat sodanig geskoold is, sal beswaarlik gevind word en daar word voorsien dat onderwyspersoneel en veral skoolvoorligters (onderwysersiel=kundiges) wat 'n spesialiseringskursus in die opvoeding en onder=wys van blinde kinders deurloop het (byvoorbeeld die kursus wat uitloop op die verwerwing van die Diploma in Buitengewone Onder=wys, kyk 8.2.1.1), dié taak die doeltreffendste sal kan verrig*. Tydens besoeke van ouers aan ouerklinieke moet ook aan die ver=stands- en fisiese evaluering van hul voorskoolse blinde kinders aandag gegee word. Vir hierdie doel kan senior skoolvoorligtings=personeel, die fisioterapeut en skoolverpleegster ingeskakel word.

Ten einde kontinuïteit aan die werksaamhede van die ouerklinieke te verleen, sal besondere aandag aan *opvolgingswerk* gegee moet word. Opvolgingswerk kan by wyse van voortgesette besoeke aan die ouerklinieke; by wyse van besoeke van die personeel van die ouer=klinieke aan ouerhuise, en by wyse van briefwisseling geskied. Huisbesoeke hou die voordeel in dat personeel in die geleentheid gestel word om deur waarneming van die huislike omstandighede van

---

*In paragraaf 13.10.3 is 'n aanbeveling gemaak aangaande spesia=liseringsopleiding in die opvoeding en onderrig van voorskoolse blinde kinders.

die gesin, insig in moontlike probleemsituasies te verkry en voortgesette voorligting in die lig daarvan aan te bied.

'n Volgende aspek wat aandag moet geniet, is die beskikbaar=stelling van literatuur aan ouers aangaande die opvoeding en on=derrig van hul blinde kinders. In besonder behoort 'n deeglike handleiding in Afrikaans en Engels vir gebruik deur ouers opge=stel te word. Inligtingsbrosjures wat deur die Royal National Institute for the Blind (RNIB) in Engeland vrygestel word, kan as waardevolle leidraad by die opstel van so 'n handleiding dien (vgl. RNIB, 1971b).

## Aanbevelings

*Op grond van die aktualiteit van voorligting en hulpverlening aan ouers met betrekking tot die opvoeding en onderrig van hul voorskoolse blinde kinders word aanbeveel -*

*a. dat deur die Departement van Nasionale Opvoeding vir die daarstelling van ouerklinieke aan sowel die Skool vir Blindes te Worcester as die Prinshofskool te Pretoria voorsiening gemaak sal word waar ouers en hul voorskoolse blinde kinders vir 'n sekere tydperk kan vertoef ten einde ouers die ge=leentheid te bied om voorgelig te word aangaande die opvoe=ding en onderrig van hul blinde kinders (en dat indien wens=lik, ook ouers en hul voorskoolse swaksiende kinders aan hierdie ouerklinieke ontvang sal word);*

*b. dat aanvanklik vir een addisionele personeellid aan elk van hierdie ouerklinieke voorsiening gemaak sal word en dat hier=die personeellid deeglik in die teorie van die opvoeding en onderrig van die jong blinde kind onderlê sal wees en ook ervaring sal hê in die onderwys van blindes (uitbreiding na twee personeellede per ouerkliniek moet later oorweeg word);*

c. *dat ook ander personeellede (byvoorbeeld die skoolvoorligter, fisioterapeut, arbeidsterapeut, spraakterapeut, skoolver= pleegster en oftalmoloog) by kliniekwerk betrek sal word en dat met die span deskundiges (verbonde aan gesondheidskli= nieke in die omgewing van die ouerhuise van dié kinders) skakeling en samewerking sal plaasvind (kyk 13.4.1);*

d. *dat die werksaamhede aan die ouerklinieke en die taak van die verantwoordelike personeel duidelik omskryf sal word, veral ook in die lig van oorsese praktyke in hierdie verband;*

e. *dat besondere aandag aan opvolgingswerk gegee sal word ten einde kontinuïteit aan die werksaamhede van die ouerkliniek te verleen en dat sodanige opvolgingswerk by wyse van onder andere besoeke aan ouerhuise, verdere besoeke deur ouers en hul kinders aan die ouerklinieke en briefwisseling sal ge= skied, en*

f. *dat 'n deeglike handleiding aangaande die opvoeding en onder= rig van voorskoolse blinde kinders opgestel sal word wat vir ouers as leidraad met betrekking tot hul taak in dié verband kan dien*.*

### 13.4.3 DIE DAARSTELLING VAN KLEUTEREENHEDE VIR BLINDES

In die lig van genoemde gespesialiseerde opvoedingstaak en ver= wante probleme waarmee ouers van jong blinde kinders gekonfron= teer is, asook van die feit dat jong blinde kinders soms met 'n

---

*Volgens getuienis gelewer op die Vyfde Konferensie oor die Onder= wys van Gesigsgestremdes (gehou van 23 tot 26 Junie 1975 aan die Prinshofskool te Pretoria) het die Departement van Nasionale Op= voeding erkenning verleen aan die belangrikheid van behoorlik georganiseerde ouerleidingsdienste aan skole vir gesigsgestremdes. Die implementering van 'n beleid in hierdie verband het egter nog nie 'n aanvang geneem nie.

ernstige ontplooiingsagterstand tot skole vir blindes toegelaat word, sal die opname van blinde kleuters in afsonderlike kleuter=eenhede of kleutereenhede verbonde aan bestaande skole vir gesigs=gestremdes van besondere betekenis wees. In Engeland word byvoor=beeld wel vir die opname van blinde kleuters in kleuterskole voor=siening gemaak (kyk 5.2.2.1).

'n Voorvereiste vir die daarstelling van kleutereenhede vir blin=des is dat 'n toereikende aantal blinde kleuters hierdie eenhede op 'n *daaglikse grondslag* sal kan besoek. Weens die besondere behoefte van die kleuter aan ouerlike koestering en die belewing van geborgenheid in die huiskring, asook aan 'n voortdurende bewus=wees van die onkreukbaarheid van die affektiewe verbondenheid met sy ouers, kan nie oorweging geskenk word aan residensiële kleuter=skole vir blindes nie*.

Die mening word gehuldig dat indien ongeveer 5 blinde kleuters 'n kleutereenheid op 'n daaglikse grondslag kan bywoon, die daarstelling van 'n kleutereenheid geregverdigd is. Indien blinde kleuters nie verder as ongeveer 'n uur se reis van die kleutereenheid woonagtig is nie, behoort dit moontlik te wees om hulle by die werksaamhede van die eenheid in te skakel. Ge=durende 1974 was daar 'n totaal van 112 blinde leerlinge vanaf die voorbereidende klasgroep tot op standerd 6-vlak op skool in die RSA (kyk 4.4.1.2). Hiervolgens kom dit voor asof daar onge=veer 11 tot 13 blinde kinders in elke ouderdomsgroep in die RSA is. Indien blinde kinders van twee- tot vyfjarige ouderdom tot kleutereenhede toegelaat sou word, is daar ongeveer 44 tot 52 blinde kinders in die RSA wat vir toelating kwalifiseer. Op grond van 'n opname van die aantal blinde kleuters in die groter

---

*Die problematiek van residensiële skole is in paragraaf 10.2 bespreek.

sentra (byvoorbeeld Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en Bloemfontein) moet oorweging geskenk word aan die daarstelling van kleutereenhede in elke betrokke sentrum. Indien dit sou blyk dat die aantal blinde kleuters wat 'n kleu= tereenheid in 'n sekere sentrum op 'n daaglikse grondslag kan bywoon, nie die daarstelling van sodanige eenheid regverdig nie, moet oorweging geskenk word aan die moontlikheid om sowel blinde as swaksiende kleuters in hierdie eenhede op te neem.

## Aanbevelings

*Op grond van die betekenis wat die daarstelling van kleutereen= hede vir ouers van blinde kleuters en vir die voorbereiding van blinde kleuters vir skooltoetrede sal inhou, word aanbeveel -*

*a. dat 'n opname gemaak sal word van die aantal blinde kleuters (van twee- tot vyfjarige ouderdom) in die groter sentra wat 'n kleutereenheid op 'n daaglikse grondslag kan bywoon;*

*b. dat in die lig van die opname deur die Departement van Na= sionale Opvoeding oorweging geskenk sal word aan die daar= stelling van kleutereenhede in die groter sentra;*

*c. dat waar van toepassing, hierdie eenhede aan skole vir ge= sigsgestremdes verbonde sal wees, en*

*d. dat indien die aantal blinde kleuters nie die daarstelling van 'n eenheid regverdig nie, oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om sowel blinde as swaksiende kleuters op te neem.*

## 13.4.4 DIE DAARSTELLING VAN 'N EVALUERINGS- EN REMEDIËRENDE EENHEID AAN SKOLE VIR BLINDES*

Daar is gewys op die heterogeniteit ten aansien van intellektuele vermoë, kognitiewe, affektiewe en selfstandigheidsontplooiing, asook fisiese ontwikkeling van blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool vir blindes in die RSA toegelaat word. Om vas te stel of 'n ontplooiingsagterstand by 'n blinde kleuter aan pedagogiese verwaarlosing, ander opvoedingstekorte of verstande= like vertraging toegeskryf moet word, is 'n besonder problematiese aangeleentheid. Dit word dan ook as onontbeerlik beskou dat jong blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool toegelaat word, aanvanklik in 'n voorbereidende klasgroep opgeneem word wat as evaluerings-, remediërende en voorbereidende tydperk dien voordat met meer formele onderwys begin word.

Die genoemde heterogeniteit van hierdie groep skooltoetreders bemoeilik egter die voorbereidings- en evalueringstaak wat 'n besondere mate van indiwiduele aandag vereis. In 'n voorskoolse klasgroep waarin leerlinge saamgetrek is van wie sommige byna gereed is vir oorplasing na die aanvangsklas van die primêre skool, ander as gevolg van pedagogiese verwaarlosing byvoorbeeld nog nie selfstandige toiletgebruike bemeester het nie of bang is om te beweeg en ander skynbaar ernstig verstandelik vertraagd is, word die evaluerings-, remediërende en voorbereidingstaak beslis onder= myn. Hieruit blyk die noodsaaklikheid van differensiasie met be= trekking tot blinde kinders (as pre-primêre groep) wat vir die eerste keer tot 'n skool toegelaat word.

---

*Indien (van) die voorafgaande aanbevelings met betrekking tot hulpverlening aan ouers en die instelling van ouerklinieke en kleutereenhede verwerklik word, sal die nodigheid van afsonder= like evaluerings- en remediërende eenhede (bykomstig by die be= staande voorbereidende klasgroepe) in 'n groot mate wegval.

Aanbevelings

*Op grond van genoemde heterogeniteit van jong blinde kinders wat vir die eerste keer in 'n skool vir blindes opgeneem word, word aanbeveel -*

*a. dat by wyse van onder andere die nodige personeeltoekenning vir twee voorskoolse klasgroepe aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool voorsiening gemaak sal word;*

*b. dat in die een klasgroep (voorbereidende klas) aan elke skool voorskoolse blinde kinders wat binne afsienbare tyd met meer formele werk in die aanvangsklas van die primêre skool sal kan begin, saamgetrek sal word;*

*c. dat voorskoolse blinde kinders wat blyke gee van 'n ont=plooiingsagterstand in die ander klasgroep (evaluerings- en remediërende eenheid) saamgetrek sal word;*

*d. dat indien die getal voorskoolse blinde kinders nie twee voorskoolse klasgroepe aan elke skool regverdig nie, oorwe=ging daaraan geskenk sal word om slegs aan die Skool vir Blindes vir 'n tweede voorskoolse klasgroep (as evaluerings- en remediërende eenheid) voorsiening te maak, en dat blinde kinders wat nie in die voorbereidende klas aan die Prinshof=skool tereg kan kom nie, na die evaluerings- en remediërende eenheid aan die Skool vir Blindes oorgeplaas sal word, en*

*e. dat blinde kinders in die evaluerings- en remediërende een=heid aan die Skool vir Blindes te Worcester (afhangende van hul vordering) na òf die voorbereidende klas, òf die studie=kursus vir lig verstandelik vertraagde blinde kinders (kyk 13.6.3) òf die inrigting vir ernstig verstandelik vertraagde blinde kinders (kyk 13.5.3.2) oorgeplaas sal word.*

## 13.5 MAATREËLS MET BETREKKING TOT DIE TOELATING VAN LEERLINGE TOT 'N SKOOL VIR BLINDES

### 13.5.1 VERPLIGTE SKOOLTOETREDE EN SKOOLBYWONING

#### 13.5.1.1 Skooltoetredingsouderdom

In die vorige paragraaf is gewys op die ontplooiingsagterstand van heelwat blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool vir blindes toegelaat word. Hierdie agterstand kan die blinde kind beswaarlik weer verhaal. Dit is dan ook noodsaaklik dat blinde kinders eers in 'n voorbereidende klas opgeneem word voor= dat met meer formele onderwys in die aanvangsklas (graad 1 of substanderd A) van die primêre skool begin word. Die opvoedings- en onderwysprogram in die voorbereidende klasse verbonde aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool is daarop gerig om die skoolgereedheid van die jong blinde kind te bevorder. Dit ge= beur egter wel dat ouers hul blinde kinders eers op ses-, sewe- en selfs agtjarige ouderdom vir opname na 'n skool bring (kyk 6.2.1). Hierdie toedrag van sake bring mee dat daar 'n hetero= geniteit wat betref ouderdomsgroepering in sowel die voorberei= dende klas as die junior klasse van die primêre skool voorkom.

'n Oplossing van die probleem sou wees om ouers te *verplig* om hul blinde kinders vir opname na 'n skool te bring aan die begin van die jaar waarin hul vyf word. Dit sou die ouderdomsverprei= ding van kinders wat vir die eerste keer toegelaat word, verminder en geleentheid bied vir minstens 'n jaar se voorbereiding in 'n voorbereidende klas. Waar die opname van 'n blinde kind in 'n skool egter in die meeste gevalle impliseer dat die jong blinde kind in 'n koshuis moet tuisgaan, is dit nie wenslik om die kind op 'n te jeugdige ouderdom uit die beskermende huislike milieu te verwyder nie (kyk 13.4.3).

In Engeland word blinde kinders in die reël nie onder vyfjarige

ouderdom tot skole vir blindes toegelaat nie. Enkele skole vir blindes in België en Nederland neem wel blinde kinders van drie=jarige ouderdom op. Aangesien hierdie skole in die reël naby aan die ouerhuise van kinders geleë is en die band tussen ouers en kind deur gereelde persoonlike skakeling heg gehou kan word, is die opname van hierdie kinders nie so 'n problematiese aange=leentheid as hier te lande nie (kyk 5.3.3.2).

## Aanbevelings

*Op grond van die heterogeniteit ten opsigte van ouderdom en ontplooiingspeil van blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool vir blindes toegelaat word, word aanbeveel -*

a. *dat blinde kinders wat voor of op 30 Junie van 'n betrokke jaar die ouderdom van ses jaar bereik daardie jaar as skool=pligtig beskou sal word, en*

b. *dat, met inagneming van die huislike agtergrond van 'n kind, ouers aangemoedig sal word om hul blinde kinders aan die begin van die jaar waarin hul ses word, vir opname na 'n skool vir blindes te bring (hierdie aanbeveling het betrekking op blinde kinders wat tussen 1 Julie en 31 Desember van 'n betrokke jaar ses word)*.*

---

*Die vorige aanbevelings (kyk 13.4.2 en 13.4.3) hou uit die aard van die saak verband met hierdie aanbeveling in verband met skooltoetredingsouderdom. Indien dit sou blyk dat hulpverle=ning aan ouers insake die opvoeding en onderrig van hul voorskool=se blinde kinders en/of die daarstelling van kleutereenhede die genoemde heterogeniteitsprobleem uitskakel of verminder, sal die verpligte skooltoetredingsouderdom in heroorweging geneem moet word.

### 13.5.1.2 Die stadium waarop blinde leerlinge die skool mag verlaat

Die blinde persoon ondervind heelwat probleme om hom in 'n nuwe situasie te oriënteer en 'n selfstandige bestaan te voer in 'n gemeenskap wat visuele eise stel (kyk 2.2.3.4 en 2.3.7). Op grond van die beperkthede van die blinde persoon in hierdie ver= band, is dit nodig dat die blinde leerling sodanig opgevoed, onderrig en opgelei sal word dat hy (so ver as wat dit moontlik is) nie na skoolverlating met lewens- en beroepssituasies gekon= fronteer sal word ten opsigte waarvan hy hom nie kan oriënteer nie.

#### Aanbeveling

*In die lig van die probleme wat die blinde persoon ondervind om hom in 'n siende gemeenskap te oriënteer, word aanbeveel dat die blinde jeugdige die skool mag verlaat aan die einde van die jaar waarin hy sestien word, met die voorbehoud dat hy nié die skool mag verlaat nie alvorens hy -*

a. *'n vak- of beroepsopleidingskursus aan die skool voltooi het, òf*

b. *'n verklaring van die skool ontvang het dat hy so ver gevor= der het as waartoe hy in staat is, òf*

c. *die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het en spesifieke beroepsvooruitsigte het, of tot 'n naskoolse opleidings= inrigting gaan toetree.*

## 13.5.2 ASPEKTE VAN DIE BENADERING BY DIE OORPLASING VAN 'N LEERLING NA 'N SKOOL (OF AFDELING) VIR BLINDES

### 13.5.2.1 Skakeling tussen die klasonderwyser en die oftalmoloog

Die korrekte evaluering van die visuele vermoë van veral dié kinders wat as grensgevalle beskou kan word (dit wil sê kinders van wie die visuele vermoë op die grens tussen swaksiendheid en blindheid lê), asook van kinders met progressiewe oogkondisies is 'n besondere probleem. Die onsekerheid ten opsigte van die graad van gesigsgestremdheid spruit onder andere uit die feit dat kinders hul gesigsreste so *verskillend gebruik* (dit wil sê kinders wat numeries ongeveer dieselfde visuele vermoë mag hê). Gevalle van foutiewe evaluering en gevolglike foutiewe plasing kom dan ook voor (kyk 5.3.1.1 a en 5.3.1.2 a).

Om die gebruik van hul gesigsreste deur kinders doeltreffend te evaluering, is dit onontbeerlik dat sodanige evaluering in die laaste instansie in die onderwyssituasie self sal geskied. Sodanige praktyk impliseer 'n gerigtheid op die moontlikhede van die leerling en nie 'n verabsolutering van sy oogkondisie as sodanig nie. Vir die klasonderwyser om sinvol by die evaluering van die visuele vermoë van leerlinge betrek te word, is dit nodig dat hy onderlê sal wees in die fisiologies-mediese aspekte van gesigsgestremdheid en op hoogte sal wees met die didaktiese implikasies van die oogkondisie van elke kind wat oor bruikbare gesigsreste beskik. In die kursus wat lei tot die verwerwing van die Diploma in Buitengewone Onderwys (gesigsgestremdes) aan die Universiteit van Suid-Afrika word dan ook besondere aandag gegee aan onder andere die medies-fisiologiese aspekte van gesigsgestremdheid (kyk 8.2.1.1 b).

Aanbevelings

*Wat betref die evaluering van die visuele vermoë van gesigsge= stremde kinders (grensgevalle) word aanbeveel -*

*a. dat noue samewerking en wedersydse konsultasie tussen die klasonderwyser en die oftalmoloog sal plaasvind, en*

*b. dat die oftalmoloog ook in die klaskamersituasie ingeskakel sal word waardeur verseker sal word dat die gebruik van sy gesigsreste deur die kind in aanmerking geneem sal word en dat die oogkondisie as sodanig nie verabsoluteer sal word nie.*

## 13.5.2.2 Oorplasing van leerlinge na 'n skool (of af= deling) vir blindes op grond van agteruitgang in hul skoolwerk

Uit die praktyk het geblyk dat agteruitgang in die skoolwerk van die ernstig swaksiende kind soms 'n belangrike oorweging kan wees by 'n besluit of 'n kind na 'n skool (of afdeling) vir blindes, waar hy deur medium van braille moontlik vinniger kan vorder, oorgeplaas moet word (kyk 5.3.1.1 b.2). Dit is egter noodsaaklik dat indien 'n leerling tot op 'n sekere skolastiese vlak deur middel van visuele metodes kon vorder en sy skoolwerk onder andere as gevolg van verhoogde werkstempo, vermeerdering van leerinhoude en verhoging van die standaard wat vereis word, sodanig verswak dat sy vordering nie meer na wense is nie, die moontlike oorplasing van die leerling na 'n skool (of afdeling) vir blindes *gerugsteun sal word deur bewys van verswakking van sy gesig*. Indien oorplasing sou geskied sonder dat 'n agteruit= gang in die oogkondisie van die ernstig swaksiende kind merkbaar is, is die rede vir oorplasing eerder die intellektuele onvermoë van die kind, onvoldoende ywer of ander persoonstruktuurprobleme as onvoldoende visuele vermoë. Sodanige praktyk sou ook

geïnterpreteer kan word as 'n poging tot differensiasie by wyse van medium van onderrig (visueel of taktueel) in die plek van die nodige differensiasie op grond van intellektuele vermoë wat ver=eis word. Dit sou selfs gestel kan word dat die onvermoë van die kind om aan sekere skolastiese eise te voldoen, hom as "blind" laat kwalifiseer het.

Oorplasing mag dus nie bloot op grond van didaktiese oorwegings geskied nie - dan word beter skolastiese prestasies of 'n ver=hoogde werkstempo 'n doel in sigself. Ook die verderliggende pedagogiese, psigologiese, sosiale en beroepskundige implikasies moet in ag geneem word, dit wil sê in watter mate die oorplasing van 'n spesifieke leerling hom beter geleenthede sal bied om sy moontlikhede as mens te verwerklik; om tot toereikende sosiale inskakeling in die gemeenskap te kom, en om tot bevredigende beroepsvervulling te kom (vgl. 2.2.3.6 en 2.2.3.7).

Aanbeveling

*In die lig van genoemde verderliggende implikasies van die oor=plasing van 'n leerling na 'n skool (of afdeling) vir blindes word aanbeveel dat ernstig gewaak sal word teen 'n praktyk waar swak=siende leerlinge in die eerste plek op grond van agteruitgang in hul skoolwerk na braille as medium van onderrig oorgeskakel word en dat oorplasing van leerlinge veral ook gegrond sal word op bewyse van 'n verswakking van gesigsvermoë.*

13.5.3 DIE AANGELEENTHEID VAN VERSTANDELIK VERTRAAGDE BLINDE KINDERS

13.5.3.1 Die terme "skolasties ononderrigbaar" en "verstandelik vertraagd"

Soos daarop gewys word in Wet No. 63 van 1974 na *"geestelik*

*vertraagde kinders"* verwys as *"onopvoedbare"* maar wel "opleibare" kinders. Hierdie kinders word van skoolplig vrygestel en beskik in die reël oor 'n IK van minder as ongeveer 50 (kyk p. 8). In hierdie ondersoek is die term "lig verstandelik vertraagdes" ge=bruik in verwysing na kinders wat nie in die *gewone* standerds van die primêre skool tereg kan kom nie, maar wel "skolasties onder=rigbaar" is en in spesiale klasse aan skole vir blindes opgeneem kan word (leerlinge met IK tussen ongeveer 50 en 80). Die term "ernstig verstandelik vertraagd" is gebruik in verwysing na kin=ders wat "skolasties ononderrigbaar" is en nie aan 'n skool tuis hoort nie (kinders met IK laer as ongeveer 50)*.

In die eerste plek word nie saamgestem met die tipering van kin=ders wat nie aan 'n skool tuis hoort nie, as "onopvoedbare kin=ders" nie. Die term "opvoedbaar" dui in die eerste plek op die tuisbring van behoorlikheidsnorme. Dit is egter die geval dat by sommige kinders wat skolasties geen vordering maak nie (en *in besonder* by kinders wat nog as "opleibaar" bestempel word), die eis van die behoorlike wel ingang kan vind. Hierdie kinders kan dus nie as "onopvoedbaar" bestempel word nie, en sodanige tipe=ring kan selfs as 'n aantasting van hul menswaardigheid beskou word. In der waarheid gaan dit by hierdie kategorie kinders oor die probleme wat hulle ondervind om sekere kennisinhoude hul eie te maak en daarom is die gebruik van die term "skolasties ononder=rigbaar", maar wel "opleibaar" meer toepaslik wanneer na hulle verwys word (vgl. 5.3.2.1 a).

---

*Aangesien fynere onderskeidinge tussen "skolasties ononderrig=bare kinders" vir die doel van hierdie ondersoek nie ter sprake is nie, word met hierdie verdeling in twee kategorieë verstande=lik vertraagde kinders volstaan. Kinders wat wel die primêre onderwysprogram suksesvol kan deurloop, maar nie in die junior stan=derds van die sekondêre skool tereg kan kom nie, word in die reël as "domnormale kinders" beskryf (kyk 13.6.4).

Die rede vir die gebruik van die term "geestelik vertraagd" is onduidelik. Waarom sou 'n kind wat slegs in 'n spesiale klas aan 'n skool tereg kan kom, verstandelik vertraagd of verstande=lik gestremd wees, terwyl 'n kind wat nie in 'n spesiale klas tereg kan kom nie, maar wat wel "opleibaar" is, "geestelik ver=traagd" wees? 'n Moontlike rede vir die gebruik van dié term *mag* die beskouing wees dat 'n kind wat nog in 'n spesiale klas aan 'n skool tereg kan kom, slegs verstandelik vertraagd is, terwyl 'n stremming van die totale persoon geïmpliseer word indien die kind slegs "opleibaar" is. Moontlik daarom ook die gebruik van die term "onopvoedbaar" saam met dié van "geestelik vertraagd". Sodanige beskouing is egter onhoudbaar aangesien daar kwalik ge=konstateer kan word dat indien 'n verstandelik vertraagde kind wel in 'n spesiale klas aan 'n skool tereg kan kom, daar *nie sprake* van 'n *stremming van die totale persoon* is nie, maar *wel*, indien die kind slegs as "opleibaar" beskou word.

Verder word verskillende betekenisse aan die woord "geestelik" geheg wat nie noodwendig in genoemde konteks toepaslik is nie. Onder andere word na die woord "geestelik" verwys in verband met die religieuse, die moreel-etiese en die intensionele in menslike bestaan. Waar dit dan hier gaan om kinders wat in staat is om sekere kennisinhoude te bemeester, al dan nie - wat *primêr* deur die verstandelike moontlikhede van die kind bepaal word - word die gebruik van die term "verstandelik" in plaas van "geestelik" in bogenoemde verband as die mees toepaslike beskou.

## Aanbevelings

*Met verwysing na blinde kinders wat nie die gewone primêre onder=wysprogram suksesvol kan deurloop nie, word aanbeveel -*

a. *dat die term "lig (of lig tot matig) verstandelik vertraagde blinde kinders" gebruik sal word met verwysing na kinders wat nie die gewone primêre onderwysprogram suksesvol kan deurloop nie, maar wel in spesiale klasse waar aangepaste en praktiesgerigte leerinhoude aangebied word, tereg kan kom (skolasties onderrigbare kinders met IK tussen ongeveer 50 en 80), en*

b. *dat die term "ernstig verstandelik vertraagde blinde kinders" gebruik sal word met verwysing na kinders wat skolasties geen vordering kan maak nie (kinders met IK onder ongeveer 50). Hierdie kinders kan as skolasties ononderrigbaar bestempel word (maar kan wel in 'n mate een of ander handvaardigheids= opleiding bemeester) en sal beswaarlik 'n ekonomies onafhank= like bestaan kan voer.*

### 13.5.3.2 Die opname van ernstig verstandelik vertraag= de blinde kinders in 'n afsonderlike inrigting

Verstandelik vertraagde blinde kinders word wel tot die Skool vir Blindes en die Prinshofskool toegelaat. As gevolg van die feit dat daar dikwels vir kinders wat as skolasties ononderrigbaar be= stempel kan word geen ander heenkome is nie, word hulle wel toegelaat. Beide lig en ernstig verstandelik vertraagde blinde kinders word in Hulpklasse aan die Skool vir Blindes toegelaat (kyk 6.2.2.7). Die opname van skolasties ononder= rigbare kinders (dit wil sê ernstig verstandelik vertraag= de kinders) in klasse waar 'n sekere mate van skolastiese vorde= ring en die bemeestering van sekere vaardighede van hulle verwag word, belemmer die doeltreffendheid van die opvoedings- en onder= wysprogram. Voorts dui getuienis en gegewens daarop dat verstan= delike vertraagdheid ten opsigte van blinde kinders toeneem en die problematiek van die opvoeding, onderrig, opleiding en

versorging van hierdie kinders tree al sterker op die voorgrond. Gedurende 1973 was daar 8 braillekandidate en 10 swaksiende leer= linge verbonde aan die Skool vir Blindes wat as ernstig verstan= delik vertraagd beskou is (kyk 4.4.2.2 en tabel 4.2).

In verskeie oorsese lande word in afsonderlike skole, afdelings of inrigtings vir verstandelik vertraagde blinde kinders voor= siening gemaak. In Engeland word blinde kinders wat slegs as lig verstandelik vertraagd beskou kan word, ook in afsonderlike skole vir blindes opgeneem. Enkele van hierdie leerlinge tree selfs later tot beroepe in die ope arbeid toe. 'n Sekere skool vir blindes in Nederland laat byvoorbeeld nie leerlinge met 'n IK van minder as ongeveer 70 toe nie (kyk 5.3.2.2 b).

Daar word dus voor oë gestel dat *ernstig* verstandelik vertraagde blinde kinders (skolasties ononderrigbare maar opleibare kinders) in 'n afsonderlike inrigting opgeneem sal word. Wat betref die oorplasing van hierdie kinders kan 'n onbuigsame kriterium nie neergelê word nie en sal dit in die lig van die moontlikhede en vordering van elke kind moet geskied. Dit is egter belangrik dat vir verstandelik vertraagde kinders (ook vir dié oor wie se moontlikhede daar nog onsekerheid bestaan) in afsonderlike klasse aan skole vir blindes voorsiening gemaak sal word.*

## Aanbevelings

*In die lig van die gestelde problematiek van die ernstig verstan= delik vertraagde blinde kind word aanbeveel -*

---

*In paragraaf 13.10.2 is 'n aanbeveling gemaak aangaande spesialiseringsopleiding in die opvoeding en onderrig van die verstandelik vertraagde blinde kind.

a. *dat deur die Departement van Nasionale Opvoeding in 'n afson=derlike inrigting vir ernstig verstandelik vertraagde blinde kinders voorsiening gemaak sal word;*

b. *dat oorplasing na genoemde inrigting sal geskied na 'n tydperk van evaluering aan 'n skool (of afdeling) vir blindes en sodra onomwonde vasgestel is dat die gebrek aan vordering van die kind nie slegs aan pedagogiese verwaarlosing of ander opvoe=dingstekorte toegeskryf kan word nie, maar wel aan ernstige verstandelike vertraging*;*

c. *dat indien die aantal (waarskynlik) verstandelik vertraagde blinde leerlinge aan die Prinshofskool nie afsonderlike voor=siening regverdig nie, hierdie kinders dadelik na die Skool vir Blindes vir evaluering in 'n afsonderlike klasgroep oor=geplaas sal word (dit wil sê dat nie gewag sal word totdat hulle graad 2 deurloop het nie);*

d. *dat hierdie inrigting in die omgewing van 'n skool vir blin=des opgerig sal word wat die oorplasing van kinders sal vergemaklik en die duplisering van dienste sal uitskakel (onder andere die verskaffing van hulpmiddels, bandopname=dienste en brailledrukkery);*

e. *dat die opvoedings- en opleidingsprogram spesifiek toegespits sal wees op wat vir die ernstig verstandelik vertraagde kind in sy wêreld bevatlik, betekenisvol en van praktiese waarde is (byvoorbeeld die verrigting van noodsaaklike alledaagse*

---

*In paragraaf 13.4.4 is aanbeveel dat vir twee voorbereidende klasgroepe aan elke skool (of afdeling) vir blindes voorsiening gemaak sal word waar die een in besonder as evaluerings- en remediërende eenheid sal funksioneer.

*take, handwerk, musiek, liggaamlike opvoeding en oriëntasie en mobiliteit);*

f. *dat oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om ook ernstig verstandelik vertraagde doofblinde en swaksiende kinders in hierdie inrigting op te neem;**

g. *dat aan hierdie kinders die geleentheid gebied sal word om, indien hul latere ontplooiing dit regverdig, vakopleiding (byvoorbeeld in rottang- of breiwerk) te deurloop as voorbereiding vir moontlike toetrede tot beskutte werkswinkels vir blindes, en*

h. *dat verseker sal word dat daar vir ernstig verstandelik vertraagde blinde persone wat bogenoemde inrigting verlaat en nie in beskutte werkswinkels vir blindes tereg kan kom nie, 'n plek van heenkome sal wees wat in die eerste plek op versorging ingestel is.*

## 13.6 DIE STRUKTUUR EN FUNKSIONERING VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR BLINDE LEERLINGE

### 13.6.1 INLEIDING

Die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting insake 'n Nasionale Onderwysstelsel op Primêre en Sekondêre Skoolvlak (1970) het onder andere gewys op die wenslikheid daarvan om die onderwys in vier onderwyseenhede te verdeel. Op grond van fisiese ontwikkeling, sosiale aanpasbaarheid en intellektuele

---

*Die aanname in Oktober 1974 van die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders (Wet No. 63 van 1974) maak afsonderlike voorsiening vir sodanige kinders deur onderwysowerhede moontlik. Die Departement van Nasionale Opvoeding het egter nog nie maatstawwe vir die keuring van kandidate neergelê nie, of opleidingsvoorskrifte beskikbaar gestel nie (Pauw, T. 1975, pp. 8 en 10).

ontplooiing is vier ontplooiingsfases in die lewe van kinders onderskei, naamlik die kleinkinderfase (die grade of substanderds en standerd 1), die kinderfase (standerds 2 tot 4), die puberteitsfase (standerds 5 tot 7) en die laat-puberteitsfase of adolessensiefase (standerds 8 tot 10).

Die kleinkinderfase vorm 'n natuurlike tydperk van 3 jaar waartydens met formele onderwys 'n aanvang gemaak word en wat by die opvoedings- en onderwysbehoeftes van die leerlinge in die kinderfase sal aansluit. Die verwantskap tussen hierdie twee fases dui daarop dat hulle as 'n eenheid beplan moet word. Die puberteitsfase word gekenmerk deur die woelinge en onsekerheid waarin hierdie leerlinge verkeer - 'n fase waarin die leerling hom losmaak van kindwees en jeugdige volwassene word. Hierdie leerlinge het 'n besondere behoefte aan leiding ten opsigte van hul persoonswording en die toekoms wat hul vir hulself visualiseer. Gedurende die adolessensiefase is die leerlinge nou grotendeels meer koersvas. Die leerling beskik nou oor 'n suiwerder siening van sy eie waarde en van die noodsaaklikheid om homself deeglik te bekwaam vir die taak wat voorlê (RGN, 1970a, pp. 138-144).

In die lig van die verslag van bogenoemde Komitee het die Minister van Nasionale Opvoeding dan sekere riglyne vir 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys neergelê. Onder andere is aangekondig dat die onderwys in vier fases moet geskied, naamlik die junior primêre skoolfase, die senior primêre skoolfase, die junior sekondêre skoolfase en die senior sekondêre skoolfase. Voorts is aangekondig dat agt studierigtings op senior sekondêre skoolvlak aangebied sal word en dat in 'n afsonderlike praktiese beroepsgerigte kursus voorsiening gemaak sal word vir leerlinge wat wel die primêre onderwysprogram (tot standerd 5) suksesvol deurloop het, maar nie voldoende voordeel uit die gewone sekondêre onderwysprogram kan trek nie (kyk 6.2.4.2).

Die aangekondigde stelsel van gedifferensieerde onderwys is in besonder 'n poging om te verseker dat die kwalitatiewe ongelyk= heid van kinders in die onderwys in ag geneem sal word. Wat be= tref die uitbouing van die onderwys van blinde kinders is dit van belang dat getrou gebly sal word aan die beginsels wat hierdie stelsel onderlê. Daar sal dan nou gepoog word om binne die raamwerk van die aangekondigde riglyne vir 'n stelsel van gedif= ferensieerde onderwys, en in die lig van die besondere situasie van die blinde kind, asook van die bestaande onderwysstelsel vir blindes, aanbevelinge te maak in verband met die struktuur en funksionering van die onderwysstelsel vir blindes.

### 13.6.2 DIE BEHOEFTE AAN DIFFERENSIASIE IN DIE ONDERWYS VIR BLINDES EN DIE BEPERKINGE IN HIERDIE VERBAND

Daar is groot verskille tussen mense in die sin dat hulle kwali= tatief ongelyk is (kyk 2.3.1). Waar "blindheid" kinders in 'n spesiale onderwyskategorie plaas, maak dit hulle egter nie 'n homogene groep nie.

Waar die Skool vir Blindes te Worcester die enigste volwaardige skool vir blindes in die RSA is, moet die skool as 'n *onderwys= stelsel in die kleine* beskou word. In Engeland word die kwali= tatiewe ongelykheid van blinde kinders gereflekteer deur die verskillende tipe skole vir blindes wat (alhoewel op 'n kleiner skaal) ooreenstem met die nasionale onderwysstruktuur vir siende kinders. In Engeland bestaan daar skole vir verstandelik ver= traagde blinde kinders; skole wat blinde leerlinge voorberei vir verskillende tipe naskoolse beroepsopleiding, en skole wat leerlinge voorberei vir toetrede tot universiteite (kyk 4.3.2.1). Daarenteen moet in die RSA aan een skool vir ernstig (IK onder 50) en lig (IK ongeveer 50 tot 79) verstandelik vertraagde blinde kinders, domnormale blinde kinders (IK ongeveer 80 tot 89),

asook vir blinde kinders wat verstandelik as gemiddeld, bogemid=deld en begaafd bestempel kan word, voorsiening gemaak word*. Afgesien van verskille oor die hele linie wat verstandelike ver=moë betref, verskil blinde leerlinge ook ten opsigte van hul aan=leg en belangstelling wat impliseer dat geleentheid vir vak- en kursuskeuse gebied moet word.

Gedifferensieerde onderwys moet noodwendig in die lig van die *beroepswerklikheid* van die kind geskied. Om blinde leerlinge voor te berei vir beroepe wat nie vir hulle toeganklik is nie, is betekenisloos. Die feit dat die beroepsmoontlikhede wat daar vir blindes bestaan, uiters beperk is (kyk 12.4.2.1), lê dus ernstige beperkinge op die moontlikheid om in verskillende stu=dierigtinge te differensieer wat by voortgesette naskoolse op=leiding en beroepe moet aansluiting vind.

### 13.6.3 STUDIEKURSUS VIR LIG VERSTANDELIK VERTRAAGDE BLINDE KINDERS

Daar is gewys op die probleme wat aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool ondervind word weens die opname van verstan=delik vertraagde blinde kinders (kyk 6.2.1.4). Sommige van die lig verstandelik vertraagde blinde kinders in die primêre afde=ling van die Skool vir Blindes bevind hulle saam met skolastiese vertraagde kinders en kinders met ander leerprobleme in Aanpas=singsklasse (kyk 6.2.2.6). Ander lig verstandelik vertraagde blinde kinders bevind hulle saam met ernstig verstandelik ver=traagde kinders in Hulpklasse vanwaar hulle na die Vakafdeling

---

*Aangesien die opname van ernstig verstandelik vertraagde blinde kinders reeds in paragraaf 13.5.3.2 bespreek is, word voorsie=ning vir hierdie kategorie blinde kinders nie hier herhaal nie.

vir opleiding in 'n handvaardigheidsrigting oorgeplaas word (kyk 6.2.2.7). Gedurende September 1973 was daar 26 braillekan= didate en 33 swaksiende leerlinge verbonde aan die Skool vir Blindes wat as lig verstandelik vertraagd beskou is (IK 52 tot 85; kyk tabel 4.2).

Afgesien daarvan dat in die huidige praktyk probleme ondervind word om *afsonderlike* voorsiening vir skolasties vertraagde *en* lig verstandelik vertraagde leerlinge, asook vir lig *en* ernstig verstandelik vertraagde leerlinge te maak, leen die huidige struk= tuur hom nie tot voortgesette algemeen vormende onderwys aan ver= standelik vertraagde leerlinge wat na die Vakafdeling oorgeplaas word nie. Daarom word gepoog om by wyse van voortsettingsklasse wat nie duidelik by die organisatoriese geheel inskakel nie, in hierdie behoefte te voorsien (kyk 6.2.3.8).

Wat betref die praktyk in sekere oorsese lande word in Engeland, België en Nederland in afsonderlike skole (of afdelings aan skole vir blindes) vir lig verstandelik vertraagde blinde (onderrig= bare) kinders voorsiening gemaak. 'n Algemeen vormende onderwys= program vorm 'n integrale deel van beroepsopleidingskursusse wat aan hierdie kinders aangebied word (kyk 6.3.4).

Wanneer vir ernstig verstandelik vertraagde blinde kinders in 'n afsonderlike inrigting voorsiening gemaak is, sal duideliker dif= ferensiasie tussen skolasties vertraagde leerlinge of leerlinge met ander leerprobleme *en* lig verstandelik vertraagde leerlinge aan skole vir blindes moontlik wees, aangesien dan vir slegs twee in plaas van drie hoofkategorieë addisioneel "gestremde" blinde kinders afsonderlik van die gewone (buitengewone) onderwys aan hierdie skole, voorsiening gemaak moet word. Alhoewel lig ver= standelik vertraagd, is *hierdie* blinde kinders wel onderrigbaar en vir hulle moet dus wel aan 'n skool voorsiening gemaak word. Die leerinhoud wat aan hulle aangebied word, moet direk op hul

lewenswerklikheid toegespits wees en moet ooreenkomstig hul be= vatlikheidsvermoë en vorderingsmoontlikhede aangebied word. Hierdie kinders wat wel tot selfstandige taakvervulling kan kom en in beskutte werkswinkels vir blindes (sommige moontlik ook in die ope arbeid) tereg sal kan kom; wie se moontlikhede veral op handvaardigheidsvlak verwerklik kan word, en wat aan die hand van 'n konkrete benadering tot kennisverowering gebring moet word, sal met opleiding in 'n handvaardigheidsrigting (as beroepsoplei= ding) 'n begin moet maak sodra die basies vaardigheide en kundig= hede wat gereedheid daartoe ten grondslag lê, bemeester is.

## Aanbevelings

*In die lig van die kwalitatiewe ongelykheid van blinde kinders, die problematiek van die onderwys van die lig verstandelik ver= traagde blinde kind en die beroepswerklikheid van hierdie kinders word aanbeveel -*

a. *dat die lig verstandelik vertraagde blinde kind so vroeg as moontlik, dit wil sê sodra onomwonde vasgestel kan word dat die kind nie in die gewone primêre klasse tereg kan of sal kan kom nie, na 'n afsonderlike studiekursus verbonde aan die Skool vir Blindes oorgeplaas sal word;*

b. *dat uitkenning van leerlinge om die hand van die volgende kriteria en gegewens (indien beskikbaar) sal geskied:*

   1. *Skolastiese vordering;*
   2. *prestasies in gestandaardiseerde skolastiese toetse;*
   3. *resultate van verstands- en aanlegtoetse;*
   4. *agtergrondgegewens, en*
   5. *persoonlikheidsgegewens;*

c. *dat aan kinders in hierdie kursus wat uit 'n reeks opeenvol= gende klasse sal bestaan, 'n onderwysprogram aangebied sal*

*word wat direk op hul lewenswerklikheid gerig is en wat af= sluiting sal vind in 'n senior klas vir ongeveer sestien- tot agtienjariges*;*

d. *dat algemeen vormende onderwys 'n integrale deel van hierdie kursus sal uitmaak;*

e. *dat handvaardigheidsonderrig sterk in hierdie kursus beklem= toon sal word (dit wil sê voordat met spesifieke handvaardig= heidsopleiding as beroepsopleiding 'n begin gemaak word), en*

f. *dat vanaf ongeveer dertien- tot veertienjarige ouderdom met spesifieke beroepsopleiding in 'n handvaardigheidsrigting begin sal word.*

### 13.6.4 PRAKTIESE BEROEPSGERIGTE STUDIEKURSUS

Met die aankondiging van die instelling van 'n praktiese beroeps= gerigte studiekursus (ooreenkomstig die beleidsaankondiging aan= gaande 'n nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys deur die Minister van Nasionale Opvoeding) is beoog om dié leerlinge wat by voltooiing van standerd 5 daarvan blyke gee dat hulle nie by die gewone onderwys in die sekondêre afdeling baat sal kan vind nie (dit wil sê leerling met IK tussen ongeveer 80 en 89), in hierdie kursus op te neem (kyk 6.2.4.2). Die mening word egter gehuldig dat in die lig van die besondere situasie van die blinde kind, aan die Skool vir Blindes vir meer as slegs hierdie katego= rie kinders in die praktiese beroepsgerigte kursus voorsiening gemaak moet word.

---

*In paragraaf 13.7.2 word aanbevelings gemaak betreffende die in= houd van die kursus vir lig verstandelik vertraagde blinde leer= linge.

In die eerste plek beskik blinde leerlinge wat reeds by voltooi= ing van standerd 5 daarvan blyke gee dat hulle beswaarlik op stan= derd 6- of standerd 7-vlak tereg sal kan kom, nie oor die moont= likhede om die Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf nie. Aan die Skool vir Blindes word dan ook probleme ondervind met blinde leerlinge wat noodgedwonge na standerd 6 oorgeplaas is, nie die nodige vordering toon nie en later na die Vakafdeling oorgeplaas moet word. Daar word dus voor oë gestel dat hierdie kategorie blinde leerlinge direk na voltooiing van standerd 5 na die prak= tiese beroepsgerigte kursus oorgeplaas word. Sommige van hierdie leerlinge vereis spesiale hulpverlening om die primêre afdeling suksesvol te kan deurloop en daar sal steeds op primêre onderwys vlak vir afsonderlike ortopedagogiese en -didaktiese programme (die primêre funksie van die huidige Aanpassingsklasse, kyk 6.2.2.6) voorsiening gemaak moet word (veral ten opsigte van Wiskunde en die twee amptelike tale).

In die tweede plek moet blinde kinders wat *gedurende* hul sekondêre skoolloopbaan nie meer die vereiste vordering toon nie, ook na die praktiese beroepsgerigte kursus oorgeplaas word. Nieteen= staande die feit dat "domnormale" blinde leerlinge (IK tussen on= geveer 80 en 89) reeds na voltooiing van standerd 5 na die prak= tiese beroepsgerigte kursus oorgeplaas is, word voorsien dat daar steeds blinde leerlinge sal wees wat gedurende standerd 6, 7 en 8 nie meer die nodige vordering sal maak nie, of wat na vol= tooiing van standerd 8 nie meer verdere skolastiese aspirasies het nie of hul skolastiese "plafon" bereik het, en vir wie *beroepsopleiding* aangebied sal moet word. Hierdie stelling is gebaseer op die feit dat *sommige* blinde leerlinge wat hul sekon= dêre skoolloopbaan in die junior sekondêre skoolfase, en later in die senior sekondêre skoolfase voortsit, verstandelik steeds ondergemiddeld bedeeld sal wees, asook op die beperkte beroeps= moontlikhede vir blindes wat slegs oor 'n standerd 8-sertifikaat

of selfs 'n standerd 10-sertifikaat beskik (kyk 12.4.2.1). Waar die blinde persoon besondere probleme ondervind om hom as self=standige persoon in 'n siende gemeenskap te handhaaf en om hom ten opsigte van nuwe situasies te oriënteer (kyk 2.2.3.4 en 2.3.7), is dit onontbeerlik dat blinde leerlinge wat nie tot tersiêre opleidingsinrigtings gaan toetree nie, voor skoolverlating vir 'n spesifieke beroep opgelei word*.

Hierdie bespreking van blinde leerlinge wat na die praktiese be=roepsgerigte studiekursus oorgeplaas moet word, impliseer dus dat domnormale leerlinge (IK ongeveer tussen 80 en 89), sowel as som=mige leerlinge wat as verstandelik ondergemiddeld beskryf kan word, hulle in hierdie kursus kan bevind. Afgesien daarvan dat die leerinhoude van hierdie studiekursus ooreenkomstig die per=soonsmoontlikhede van en beroepsgeleenthede vir hierdie kinders beplan moet word, sal vir genoemde verskille in verstandelike vermoë voorsiening gemaak moet word.

## Aanbevelings**

*In die lig van die problematiek van die domnormale blinde kind en dié van die blinde kind wat gedurende sy sekondêre skoolloop=baan sy skolastiese plafon bereik, asook van die noodsaaklikheid daarvan dat die blinde leerling wat nie tot 'n tersiêre oplei=dingsinrigting gaan toetree nie, voor skoolverlating vir 'n spesifieke beroep opgelei word, word aanbeveel -*

---

*Vergelyk in hierdie verband die aanbeveling insake die stadium waarop blinde leerlinge die skool mag verlaat (kyk 13.5.1.2).

**Aspekte van hierdie aanbevelings is in ooreenstemming met die uiteensetting van die Departement van Nasionale Opvoe=ding in sy handleiding aan skole insake gedifferensieerde onderwys (kyk Suid-Afrika, 1973b, pp. 9-12).

a. *dat blinde leerlinge wat nie voldoende voordeel uit die gewone sekondêre onderwysprogram kan trek nie na voltooiing van standerd 5, na die praktiese beroepsgerigte studiekursus oorgeplaas sal word;*

b. *dat leerlinge wat later gedurende hul sekondêre skooljare hul skolastiese "plafon" bereik, ook die geleentheid sal hê om na die praktiese beroepsgerigte kursus oorgeplaas te word;*

c. *dat die studiekursus minstens drie jaar sal duur (van standerd 6 tot standerd 8);*

d. *dat (veral vir blinde leerlinge wat in 'n latere stadium vanuit die sekondêre afdeling vir spesifieke beroepsopleiding na hierdie studiekursus oorgeplaas word) vir 'n vierde en vyfde studiejaar as spesialiseringsjare (voor beroepstoetrede) voorsiening gemaak sal word;*

e. *dat by wyse van intraklasgroepering, ortopedagogiese en -didaktiese hulpverlening, die benutting van geleenthede vir indiwidualisering, vakkeuses en keuses ten opsigte van beroepsopleidingskursusse vir kwalitatiewe verskille tussen kinders voorsiening gemaak sal word, en*

f. *dat afgesien van beroepsopleiding, 'n deurlopende vormende onderwysprogram ook aangebied sal word.*

### 13.6.5 DIE JUNIOR SEKONDÊRE SKOOLFASE (STANDERDS 5 TOT 7)

Die oorplasing van dommormale blinde leerlinge (na voltooiing van standerd 5), asook van blinde leerlinge wat gedurende hul sekondêre skooljare hul skolastiese "plafon" bereik, na die praktiese beroepsgerigte kursus impliseer dat blinde leerlinge in die junior sekondêre afdeling 'n meer homogene groep (wat betref verstandelike vermoë) as voorheen sal wees. Ook sal 'n

groter persentasie van die leerlinge in standerds 6 en 7 aspireer, asook oor die moontlikhede beskik, om die senior sekondêre skool=fase (standerds 8 tot 10) te deurloop en die Nasionale Senior Sertifikaat te verwerf. Die junior sekondêre skoolfase word dus in die eerste plek as oriënterings- en verkenningsjare beskou voordat die leerling in die senior sekondêre skoolfase 'n studie=rigting ooreenkomstig sy bekwaamheid, aanleg en belangstelling gaan volg. Waar die leerling gedurende die puberteitsfase as oorgangsfase - van kindwees na jeugdige volwassenheid - 'n beson=dere behoefte het aan leiding, moet ook die vormende aspek van die onderwys gedurende hierdie skoolfase steeds sterk op die voorgrond tree (kyk 13.6.1).

## Aanbevelings

*In die lig van die ontplooiing van die kind gedurende die puber=teitsfase en die oriënterende en vormende inslag van die junior sekondêre skoolfase word aanbeveel -*

*a. dat die kurrikulum voorsiening sal maak vir sowel 'n verplig=te vormende program as 'n groep verpligte en keusevakke om aan die leerlinge die geleentheid tot verkenning van studie=rigtinge te bied;*

*b. dat al die vakke ongedifferensieerd aangebied sal word ten einde tot insig in die moontlikhede van leerlinge ten opsigte van verskillende studierigting te kom, en*

*c. dat leerlinge in die geleentheid gestel sal word om, indien wenslik, na die praktiese beroepsgerigte kursus oor te ska=kel.*

16.6.6 DIE SENIOR SEKONDÊRE SKOOLFASE (STANDERDS 8 TOT 10)

In die senior sekondêre skoolfase as finale skoolfase, is dit belangrik dat leerlinge 'n studierigting sal kies wat aanslui= ting vind by beroepsopleiding of beroepsgerigte opleiding wat aan tersiêre opleidingsinrigtings (of aan die Skool vir Blindes self) aangebied word. Die onderwys in die senior sekondêre skoolfase is dus *beroepsgerig* wat impliseer dat die leerling 'n vakkombinasie aanbied wat op 'n spesifieke beroepsrigting (studierigting) dui waarin hy op naskoolse vlak opleiding gaan ontvang. In die onderhawige skoolfase is daar dan 'n klemver= skuiwing van algemene onderwys na beroepsgerigte onderwys.

Terwyl sommige blinde leerlinge in 'n sekere studierigting be= sonder goed presteer (byvoorbeeld musiek) en in 'n ander minder bekwaam is (byvoorbeeld die natuurwetenskappe; kyk 6.2.3.2 b), is dit sinvol dat hierdie verskille in ag geneem sal word by wyse van differensiasie in studierigtinge en die aanbieding van *vakke op verskillende vlakke**. Die aanbieding van vakke op meer as een vlak (gedifferensieerde sillabusse) stel die leerling in die ge= leentheid om in elke vak ooreenkomstig sy bekwaamheid onderwys te ontvang (kruisgroepering) en om dié vakke wat direk aansluit= ting vind by die opleiding wat hy op namatrikulasievlak gaan deurloop, op 'n hoër standaard aan te bied.

Wat betref die studierigtinge (gereflekteer deur vakkombinasies) wat in die senior sekondêre skoolfase aan die Skool vir Blindes aangebied moet word, moet hierdie studierigtinge beplan word in die lig van die namatrikulasie beroepsopleidings- en beroepsmoont= likhede wat daar vir blindes bestaan. Uit die oorsig van beroepe

---

*In die hersiene universiteitstoelatingsvereistes van die GMR word onder andere vereis dat 'n kandidaat minstens drie vakke, insluitende een van die amptelike tale, op 'n hoër vlak slaag (kyk 6.2.4.4).

wat vir blindes in die RSA toeganklik is, het geblyk dat blinde persone wat naskoolse (dit wil sê namatrikulasie) beroepsoplei= ding deurloop het, veral die volgende beroepe beoefen: Dosent, fisioterapeut, musiekonderwyser, onderwyser, orrelis, predikant, prokureur, arbeidsterapeut en sekretariële werker (insluitende bandmasjientikwerk) (kyk tabel 12.1). Tans word beplan om blin= des ook as rekenaarprogrammeerders op te lei (kyk 7.2.2.6). Volgens die beleidsaankondiging insake 'n stelsel van gediffe= rensieerde onderwys moet die studierigting wat aangebied word uit agt moontlike studierigtinge gekies word (kyk 6.2.4.2).

## Aanbevelings

*Op grond van die noodsaaklikheid van 'n mate van spesialisering (by wyse van vakgroepering) op senior sekondêre skoolvlak, die behoefte aan differensiasie ten opsigte van die standaard van leerinhoude en die studierigtinge wat aangebied word, en die be= sondere beroepswerklikheid van die blinde persoon wat beroeps= opleiding op namatrikulasievlak deurloop het, word aanbeveel -*

*a.* *dat blinde leerlinge na voltooiing van standerd 7 een van die volgende studierigtinge sal kies, waaraan deur 'n kombinasie van vakke inhoud gegee word:*

  *1.* *'n Handelstudierigting;*

  *2.* *'n Geesteswetenskaplike studierigting;*

  *3.* *'n Natuurwetenskaplike studierigting;*

  *4.* *'n Kunsstudierigting, en*


*b.* *dat die vakke op 'n hoër en standaard vlak aangebied sal word (na gelang van die wenslikheid daarvan wat spesifieke vakke betref) en leerlinge ooreenkomstig hul moontlikhede en beroepsaspirasies 'n spesifieke vak op 'n hoër of stan= daard vlak sal aanbied (leerlinge wat aspireer om matriku=*

*lasievrystelling te verwerf, sal hulle vakke ooreenkomstig die vereistes van die GMR moet kies),* en

c. *dat leerlinge in die senior sekondêre skoolfase (na voltooi= ing van standerd 8) ook in die geleentheid gestel sal word om na die praktiese beroepsgerigte studiekursus oor te ska= kel (kyk 13.6.4 c).*

FIGUUR 13.1

DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN DIE STRUKTUUR EN FUNKSIONERING VAN DIE VOORGESTELDE ONDERWYSSTELSEL VIR BLINDES IN DIE RSA



## 13.7 DIE KURRIKULA AAN SKOLE VIR BLINDES

### 13.7.1 INLEIDING

In die voorafgaande afdeling 13.6 is die struktuur en funksio=nering van 'n stelsel van onderwys vir blindes in verskillende studiekursusse en studierigtings, die oorplasing van leerlinge en die beskikbaarheid van vakke op meer as een vlak aan die orde gestel. Veral die vormende inslag van sekere kursusse, die aan=sluiting by naskoolse opleidingskursusse en die inagneming van die beroepswerklikheid van die blinde is sterk beklemtoon. Met vormende onderwys word beoog om by wyse van die aanbieding van kennisinhoude aangaande die religieus-etiese, die staatsburger=like, die estetiese en die kulturele 'n gesindheid daarteenoor by die kind te bestendig. Met verpligte vormende vakke (as kernkurrikulum) word dan 'n bepaalde vorming en oriëntering be=oog (RGN, 1970a, p. 169). In die RSA moet die vorming ooreenkom=stig die wêreld- en lewensbeskouing van die inwoners 'n Christe=like en nasionale inslag hê. Vervolgens word die kurrikula vir die verskillende studiekursusse en studierigtings dan bespreek.

### 13.7.2 KURRIKULA VIR DIE STUDIEKURSUS VIR LIG VERSTANDELIK VERTRAAGDE BLINDE KINDERS

Die kurrikula wat in die aanbevole studiekursus vir lig verstan=delik vertraagde blinde kinders aangebied word, moet vir vormende onderwys voorsiening maak, praktiesgerig en konkreet van aard wees en in besonder op die lewenswerklikheid van hierdie kinders toegespits wees. Wanneer hierdie kinders op dertien- of veertien=jarige ouderdom met spesifieke vakopleiding in 'n handvaardig=heidsrigting begin (as voorbereiding vir toetrede tot beskutte werkswinkels vir blindes), moet 'n vormende onderwysprogram steeds 'n integrerende deel van die kursus vorm. In besonder moet hier=die kinders gehelp word om ten opsigte van hulle volwasse lewe,

sover as wat dit moontlik is, tot 'n selfstandige daaglikse be= staan te kom.

## Aanbevelings

*Ten opsigte van die studiekursus vir lig verstandelik vertraagde blinde kinders word aanbeveel dat die kurrikulum vir elk van die verskillende op mekaar volgende klasgroepe uit van die volgende vakke saamgestel sal word:*

a. Vormende program

**Godsdiensonderrig;*
**Liggaamlike Opvoeding;*
*Mobiliteitsonderrig;*
**Estetiese Opvoeding (waarby Kuns, Musiek en Sang ingesluit is);*
*Handwerk;*
*Huisbestuur (die verrigting van huishoudelike take);*
*Moederkunde en Gesondheidsopvoeding;*
*Brailleonderrig;*
**Praktiese Afrikaans;*
**Praktiese Engels;*
*Praktiese Rekene;*
*Geskiedenis/Aardrykskunde (Omgewingsleer);*
*Elementêre Algemene Wetenskap, en*
*Tik (prakties).*

**Hierdie vakke sal in elk van die verskillende klasgroepe aan= gebied moet word, terwyl al die vakke vir een of meer jare aangebied moet word.*

b. Vakopleiding

*Opleiding vanaf dertien- of veertienjarige ouderdom in een of meer van die volgende handvaardigheidsrigtinge:*

*Rottangwerk;*
*Brei- en Weefwerk;*
*Elementêre masjienoperateurswerk;*
*Monteerwerk;*
*Verpakking, en*
*Stoffeerwerk.*

### 13.7.3 KURRIKULA VIR DIE PRAKTIESE BEROEPSGERIGTE STUDIE=KURSUS

In paragraaf 13.6.4 is aanbeveel dat afgesien van (domnormale) blinde leerlinge wat na voltooiing van standerd 5 na die praktiese beroepsgerigte kursus oorgeplaas word, ook voorsiening gemaak moet word vir leerlinge wat in 'n latere stadium van hul sekon=dêre skoolloopbaan oorgeplaas word. 'n Vormende onderwysprogram en spesifieke beroepsopleiding vorm 'n integrale deel van die kursus, die leerinhoude moet ooreenkomstig die verstandelike moontlikhede van hierdie leerlinge beplan word en die beroeps=opleiding moet by die beroepsmoontlikhede vir hierdie leerlinge aansluiting vind. Voorts moet ten opsigte van die leerinhoude, vakke en beroepsopleiding wat op standerd 9- en standerd 10-vlak in die praktiese beroepsgerigte kursus aangebied word, rekening gehou word met die moontlikheid dat leerlinge na voltooiing van standerd 8 in die senior sekondêre skoolfase na dié kursus oor=geplaas kan word.

Soos daarop gewys (kyk 7.2.2), word die verwerwing van die Nasionale Junior Sertifikaat (standerd 8) as 'n vereiste gestel vir opleiding in telefonie en klavierstem- en klavierherstelwerk, en word slegs leerlinge wat die Nasionale Senior Sertifikaat

verwerf het, tot die sekretariële kursus wat deur die Skool vir Blindes aangebied word, toegelaat. Blinde leerlinge wat dus na die praktiese beroepsgerigte kursus oorgeplaas sou word voordat hulle standerd 8 in die senior sekondêre skoolfase deurloop het, sal nie vir opleiding in telefonie en klavierstem- en herstelwerk kwalifiseer nie. Dit is dus van belang dat die moontlikheid ondersoek sal word om sommige leerlinge (dié wat oor die moontlikhede beskik) wat reeds na voltooiing van stan= derd 5, of vanuit standerds 6 of 7 na dié kursus oorgeplaas word, in telefonie, klavierstem- en klavierherstelwerk en seke= re aspekte van sekretariële werk op te lei.

## Aanbevelings

*Wat betref die praktiese beroepsgerigte kursus vir blinde leerlinge wat nie by die gewone sekondêre onderwysprogram kan baat nie, of nie dié onderwysprogram suksesvol kan deurloop nie, word aanbeveel dat die kurrikula vir elk van die verskil= lende standerds (standerds 6, 7, 8, 9 en 10) uit van die vol= gende vakke saamgestel sal word:*

a. Vormende program

**Godsdiensonderrig;*
**Liggaamlike Opvoeding;*
**Estetiese Opvoeding (waarby Kuns, Musiek en Sang ingesluit is);*
*Huisbestuur (die verrigting van huishoudelike take);*
*Moederkunde en Gesondheidsopvoeding;*
**Afrikaans (eerste of tweede taal);*
**Engels (eerste of tweede taal);*
*Geskiedenis/Aardrykskunde;*
*Praktiese Wiskunde;*
*Algemene Wetenskap;*

*Tik (prakties), en*

*Brailleonderrig (na behoefte).*

**Hierdie vakke sal in elk van die verskillende standerds aange=bied moet word.*

b. Beroepsopleiding

*Tik (prakties);*

*Tik (insluitende bandmasjientikwerk en ander sekretariële werk indien wenslik);*

*Telefonie;*

*Masjienoperateurswerk, insluitende ligte metaalwerk (seuns);*

*Klavierstem- en klavierherstelwerk (seuns);*

*Houtbewerking (seuns);*

*Breiwerk (meisies);*

*Weefwerk (meisies);*

*Besigheidsmetodes (prakties);*

*Verkoopkuns, en*

*Brailledruk- en -skryfwerk.*

*Waar toepaslik moet sowel werkswinkelpraktyk as - teorie aange=bied word. Verder sal die Skool vir Blindes moet bepaal op welke wyse sekere van bogenoemde opleidingsrigtinge gekombineer moet word om aan 'n spesifieke beroepsopleidingskursus inhoud te gee.*

13.7.4 KURRIKULA VIR DIE JUNIOR SEKONDÊRE SKOOLFASE

In die junior sekondêre skoolfase (standerds 5 tot 7), wat veral as oriënterings- en verkenningsjare beskou word, en waartydens die vormende aspek van die onderwys steeds sterk beklemtoon word, word al die vakke ongedifferensieerd aangebied (kyk 13.6.5). In stan=derd 5 neem alle leerlinge dieselfde vakke (waarna sommige leer=linge na die praktiese beroepsgerigte kursus oorgeplaas word), terwyl in standerds 6 en 7 geleentheid tot vakkeuses gebied word

ten einde reg te laat geskied aan die oriënterende en verkennende inslag van hierdie periode. Leerlinge moet dus voorgelig word aangaande die keusevakke wat in standerds 6 en 7 aangebied word ten einde hul te lei om vakke te kies wat aansluiting vind by die studierigting wat hulle beoog om in die senior sekondêre skool= fase te volg, indien reeds duidelikheid in hierdie verband verkry is. Die inskakeling van skoolvoorligting moet daarom veral gedu= rende hierdie skoolfase sterk beklemtoon word.

## Aanbevelings

*Op grond van die vormende, oriënterende en verkennende inslag van die junior sekondêre skoolfase word die volgende kurrikula vir standerds 5, 6 en 7 aanbeveel:*

a. Standerd 5

Verpligte vormende program
*Godsdiensonderrig;*
*Liggaamlike Opvoeding, en*
*Estetiese Opvoeding (waarby Sang, Musiek, Kuns en Handwerk ingesluit is).*

Verpligte eksamenvakke
*Afrikaans (eerste of tweede taal);*
*Engels (eerste of tweede taal);*
*Algemene Wiskunde;*
*Algemene Wetenskap;*
*Geskiedenis/Aardrykskunde, en*
*Tik.*

b. Standerds 6 en 7

Verpligte vormende program
*Godsdiensonderrig;*
*Liggaamlike Opvoeding, en*

*Estetiese Opvoeding (waarby Sang, Musiek en Kuns ingesluit is).*

Verpligte eksamenvakke

*Afrikaans (eerste of tweede taal);*
*Engels (eerste of tweede taal);*
*Algemene Wiskunde;*
*Geskiedenis, en*
*Tik.*

Keusevakke (eksamenvakke)

*Algemene Wetenskap (insluitende Fisiologie);*
*Tegniese oriëntering;*
*Handelsoriëntering;*
*Aardrykskunde;*
*Duits;*
*Latyn, en*
*Musiek.*

*Minstens twee keusevakke moet geneem word, terwyl die groepering van keusevakke en die keusevakke wat in 'n sekere standerd en gedurende 'n betrokke jaar aangebied word, bepaal moet word deur die behoeftes van die betrokke leerlinge in die lig van die eise wat sekere studierigtings op senior sekondêre skoolvlak aan hulle gaan stel.*

13.7.5 KURRIKULA VIR DIE SENIOR SEKONDÊRE SKOOLFASE

Na voltooiing van standerd 7 moet blinde leerlinge ooreenkomstig hul aanleg, bekwaamheid en belangstelling 'n beroepsgerigte studie=rigting kies wat op senior sekondêre skoolvlak (standerds 8 tot 10) aangebied word. In die lig van die beroepswerklikheid van die blinde skoolverlater wat op namatrikulasievlak beroeps=opleiding gaan deurloop, is aanbeveel dat 'n handels-, geestes=wetenskaplike, natuurwetenskaplike en kunsstudierigting (wat

deur 'n vakkombinasie aangedui word) aan blinde leerlinge in hierdie skoolfase aangebied word (kyk 13.6.6). Verder moet die verskillende studierigtings 'n gemeenskaplike kernkurrikulum hê waarmee 'n bepaalde vorming beoog word (kyk 13.7.1). Die keusevakke wat in die verskillende studierigtings aangebied word en die vlak waarop hulle aangebied word, moet ooreenkomstig die vereistes ten opsigte van groepvakke van die GMR saamgestel word indien matrikulasievrystelling beoog word (kyk 6.2.4.4; GMR, 1971, pp. 1-5), en moet ooreenkomstig die vereistes van die De= partement van Nasionale Opvoeding saamgestel word indien die verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat (sonder matri= kulasievrystelling) beoog word (kyk Suid-Afrika, 1973b, pp. 20-22).

## Aanbevelings

*Op grond van die noodsaaklikheid van 'n kernkurrikulum, die ver= eistes van die GMR en die Departement van Nasionale Opvoeding en die huidige beroepswerklikheid van die blinde persoon word aan= beveel dat die aanbieding van die volgende vakke en vakgroepe vir die senior sekondêre skoolfase oorweeg word:*

a. Verpligte vormende program

*Godsdiensonderrig;*
*Liggaamlike Opvoeding, en*
*Estetiese Opvoeding (waarby Sang, Musiek en Kuns ingesluit is).*

b. Verpligte eksamenvakke

Groep A

*Afrikaans (eerste of tweede taal), en*
*Engels (eerste of tweede taal).*

c. Keusevakke (eksamenvakke)

Groep B

*Wiskunde (hoër en standaard graad).*

Groep C

*Natuur- en Skeikunde (hoër en standaard graad), en*
*Fisiologie (hoër en standaard graad).*

Groep D

*Latyn (hoër graad), en*
*Duits (hoër graad).*

Groep E

*Geskiedenis (hoër en standaard graad);*
*Musiek (hoër en standaard graad), en*
*Bybelkunde (hoër en standaard graad).*

Groep F

*Bedryfsekonomie (standaard graad);*
*Tik (standaard graad);*
*Handelsreg (standaard graad);*
*Rekenaarwetenskap (standaard graad), en*
*Musiek (spesialiseringsrigting).*

*Met die uitsluiting van die verpligte vakke, word die volgende groeperinge van keusevakke in die vier verskillende studierigtings as* voorbeelde *voorgehou. Waar die vlak waarop 'n betrokke vak aangebied word, nie aangedui word nie, is reeds voldoen aan die vereistes ten opsigte van die getal vakke wat op hoër vlak aangebied moet word.*

a. Handelstudierigting (Nasionale Senior Sertifikaat)

*Tik (standaard graad);*
*Handelsreg (standaard graad);*
*Bedryfsekonomie (standaard graad); en*
*Geskiedenis of Fisiologie of Musiek.*

*Hierdie vakgroepering vind aansluiting by naskoolse opleiding in sekretariële werk.*

b. Natuurwetenskaplike studierigting (Matrikulasievrystelling)
*Wiskunde (hoër graad);*
*Natuur- en Skeikunde;*
*Fisiologie (hoër graad), en*
*Bedryfsekonomie of Geskiedenis of Musiek.*

*Hierdie vakgroepering vind aansluiting by opleiding in fisio= terapie.*

c. Geesteswetenskaplike studierigting (Matrikulasievrystelling)
*Latyn (hoër graad);*
*Handelsreg;*
*Geskiedenis (hoër graad), en*
*Fisiologie of Musiek.*

*Hierdie vakgroepering vind aansluiting by opleiding in die regs= pleging.*

d. Kunsstudierigting (Matrikulasievrystelling)
*Musiek (hoër graad);*
*Musiek (spesialiseringsrigting);*
*Geskiedenis of Tik, en*
*Duits (hoër graad) of Fisiologie (hoër graad).*

*Hierdie vakgroepering vind aansluiting by tersiêre opleiding in musiek.*

## 13.8 AANBIEDINGSAANGELEENTHEDE TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYS VIR BLINDE LEERLINGE

### 13.8.1 GROEPERINGSMAATREËLS WEENS DIE BETREKLIK KLEIN GETAL BLINDE LEERLINGE

'n Skoolse praktyk waarin leerlinge in afsonderlike studiekursusse

saamgetrek word, wat 'n groot verskeidenheid keusevakke aanbied en waarin leerlinge wat 'n spesifieke vak op 'n hoër of standaard vlak aanbied, in afsonderlike klasgroepe saamgegroepeer word, vereis dat die leerlingtal sodanige differensiasie regverdig. Gedurende 1973 was daar 'n totaal van 26 (13 seuns en 13 meisies) lig verstandelik vertraagde blinde leerlinge en 33 (23 seuns en 10 meisies) lig verstandelik vertraagde swaksiende leerlinge aan die Skool vir Blindes verbonde (kyk tabel 4.2). Hierdie getalle dui op die probleme wat ondervind sal word om byvoorbeeld vir blindes en vir swaksiendes, sowel as vir seuns en vir meisies bo die ouderdom van ongeveer dertien in afsonderlike klasgroepe vir opleiding in verskillende handvaardigheidsrigtinge voorsie= ning te maak. Verder was daar gedurende 1974 16 blinde leerlinge in standerd 8, 6 in standerd 9 en 6 in standerd 10 (kyk tabel 4.1). Op grond van hierdie syfers sal daar beswaarlik vir blinde leerlinge wat verskillende keusevakke op 'n hoër of standaard vlak aanbied, in afsonderlike klasgroepe voorsiening gemaak kan word. Die saamgroepering van verskillende kategorieë leerlinge sal dus waarskynlik noodsaaklik wees.

Die betreklike klein getal blinde leerlinge mag dus sekere differensiasiemoontlikhede onmoontlik maak, tensy sekere groep= peringsmaatreëls toegepas word. Hierdie toedrag van sake impli= seer dat die onderwysowerhede ten opsigte van die saamgroepering van verskillende kategorieë leerlinge voor 'n keuse te staan kom. In die eerste plek mag dit slegs moontlik wees om meer keusevakke, meer vakke op meer as een vlak, meer studiekursusse en studierigtings aan te bied, indien sekere kategorieë blinde en swaksiende leerlinge saamgegroepeer word, wat didaktiese pro= bleme sal meebring. In die tweede plek kan besluit word om minder keusevakke en mindere differensiasie in studiekursusse en -rig= tings aan te bied met die voordeel van afsonderlike aanbieding aan blinde en swaksiende leerlinge. Die mening word gehuldig dat

*indien* 'n keuse tussen *bogenoemde twee* moontlikhede gemaak moet word, eersgenoemde die mees verantwoorde moontlikheid is. Hier=die beskouing is gegrond op die feit dat die inagneming van kwa=litatiewe verskille tussen kinders (ten opsigte van bekwaamheid, aanleg en belangstelling) en die verderliggende positiewe impli=kasies daarvan vir naskoolse beroepsopleiding, latere beroeps=beoefening en selfstandige inskakeling in die siende gemeenskap, belangriker is as die uitskakeling van onmiddellike didaktiese probleme wat in die praktyk as nie onoorkomelik nie, bewys is. Die eerste moontlikheid (dit wil sê die instelling van 'n verskei=denheid differensiasiemaatreëls op grond van kwalitatiewe verskil=le tussen gesigsgestremde kinders) impliseer 'n erkenning van die kind as psigies-geestelike moontlikheid; die tweede (dit wil sê die *oorbeklemtoning* van die noodsaaklikheid van differensiasie op grond van gesigsvermoë) 'n verabsolutering van die gesigsge=stremdheid.

In die lig van voorafgaande word dan in die eerste plek aan die hand gedoen dat oorweeg moet word om die *getal* blinde leerlinge wat die kursus vir lig verstandelik vertraagde blinde kinders deurloop, die aantal afsonderlike klasgroepe in hierdie studie=kursus te laat bepaal. Voorts kan die moontlikheid ondersoek word om verskillende kategorieë blinde leerlinge (byvoorbeeld lig verstandelik vertraagdes en dommormales), asook blinde en swaksiende leerlinge vir opleiding in sekere handvaardigheidsrig=tings (byvoorbeeld opleiding in masjienoperateurswerk, brei- en weefwerk) en vir opleiding in byvoorbeeld sekretariële werk saam te groepeer.

Wat betref die aanbieding van sekere akademiese vakke (byvoorbeeld Latyn en Rekenaarwetenskap) sal dit gebeur dat slegs enkele (of selfs slegs een) blinde leerlinge 'n betrokke vak met die oog op aansluiting by naskoolse beroepsopleiding benodig. Waar die

blinde kind egter verplig is om hom juis tot die Skool vir Blindes te wend en hy aanspraak kan maak op gelykwaardige onder=wysvoorsiening as dié wat tot die beskikking van sy siende eweknie gestel word, sal hierdie leerlinge (of leerling) wel in die geleentheid gestel moet word om sodanige vak in sy kurri=kulum in te sluit. Om die aanbieding van 'n verskeidenheid vakke prakties moontlik te maak, sal oorweging geskenk moet word aan die moontlikheid om dieselfde onderwyser te gebruik vir die aanbieding van 'n betrokke vak aan 'n skool vir blindes en 'n naburige skool vir swaksiendes, en selfs aan die saamgroep=pering van blinde en swaksiende leerlinge. In hierdie verband behoort die moontlikheid oorweeg te word om blinde leerlinge vir die onderrig van sekere vakke wat om genoemde praktiese oorwe=ginge beswaarlik aan die Skool vir Blindes aangebied sal kan word, by naburige skole vir siendes in te skakel soos byvoor=beeld aan enkele skole vir blindes in Engeland, Nederland en Italië die praktyk is. Afgesien van praktiese didaktiese oor=weginge kan die sosialiseringswaarde van sodanige praktyk vir die blinde kind, moeilik oorskat word (kyk 6.3.1.3).

Ten slotte sal oorweging geskenk moet word aan die moontlikheid om blinde leerlinge in 'n betrokke standerd in die senior sekondêre skoolfase wat 'n spesifieke vak op onderskeidelik 'n hoër of standaard vlak aanbied, in dieselfde klasgroepe saam te trek. Daar sal dan ten opsigte van aanbieding in dieselfde klasgroep gedifferensieer moet word (byvoorbeeld by wyse van intraklasgroepering), terwyl eksaminering by wyse van afsonder=like vraestelle vir die twee groepe moet geskied.

Aanbevelings

*Op grond van die noodsaaklikheid van differensiasie as gevolg van kwalitatiewe verskille tussen kinders en as 'n poging om die*

*praktiese beperkinge die hoof te bied wat die betreklike klein getal blinde leerlinge aan die Skool vir Blindes op die moontlik=heid plaas om in verskillende studiekursusse en studierigtings te differensieer; om vakke op meer as een vlak aan te bied, en om 'n groter verskeidenheid keusevakke aan te bied, word aanbeveel -*

*a. dat dit oorweeg sal word om verskillende kategorieë blinde leerlinge (asook blinde en swaksiende leerlinge) tydens die aanbieding van handvaardigheids- en beroepsopleiding saam te groepeer;*

*b. dat dit oorweeg sal word om dieselfde onderwyser te gebruik vir die aanbieding van sekere vakke aan 'n skool vir blindes en 'n naburige skool vir swaksiendes; om leerlinge wat 'n betrokke vak op onderskeidelik 'n hoër of standaard vlak aanbied, saam te groepeer, en selfs om blinde en swaksiende leerlinge vir die aanbieding van sekere vakke saam te groe=peer, en*

*c. dat ondersoek ingestel sal word na die moontlikheid om blinde leerlinge vir die onderrig van sekere vakke by klasse aan naburige skole vir siendes in te skakel.*

### 13.8.2 DIE MOONTLIKHEID VAN DIE SAAMGROEPERING VAN BRAILLE=KANDIDATE EN SWAKSIENDE LEERLINGE (GRENSGEVALLE) IN DIE KLASKAMERSITUASIE

Alhoewel braillekandidate en swaksiende leerlinge aan die Skool vir Blindes te Worcester van standerd 7 tot standerd 10 in die=selfde klasgroepe saamgegroepeer is, sal 'n afsonderlike afdeling vir swaksiende leerlinge binne afsienbare tyd in gebruik geneem word. Oor die algemeen word saamgestem oor die wenslikheid van 'n praktyk waar braillekandidate en swaksiende leerlinge wat nie as grensgevalle bestempel kan word nie, afsonderlik onderrig word.

Hierdie beskouing is gegrond op die feit dat die benadering in die onderwyssituasie met betrekking tot die twee groepe heel verskillend is, aangesien die een groep van die taktuele, en die ander van die visuele as medium van onderrig gebruik maak. Aan die Skool vir Blindes word blinde en swaksiende leerlinge tot op standerd 6-vlak reeds etlike jare in afsonderlike klasgroepe onderrig, terwyl slegs twee skole in Engeland en Wallis vir sowel blinde as swaksiende leerlinge voorsiening maak. Daarenteen be= staan daar 18 spesiale skole wat slegs vir blindes, en 19 wat slegs vir swaksiendes voorsiening maak (Great Britain, 1972, p. 6).

Gewigtige argumente word egter aangevoer ten gunste van 'n prak= tyk waar braillekandidate met bruikbare gesigsreste en erg swak= siende leerlinge (grensgevalle, dit wil sê leerlinge wat volgens die Snellentoets 'n gesigskerpte van ongeveer 3/60 tot 7/60 het; kyk 5.3.1.1) gesamentlik en by wyse van sowel die taktuele as die visuele as medium, onderrig word. In hierdie verband is onder andere op die volgende gewys:

a. Die saamgroepering van hierdie twee kategorieë leerlinge stel die leerling in die geleentheid om in een onderwys= situasie van sy gesig gebruik te maak, terwyl hy in 'n ander van braille gebruik kan maak (kyk 6.3.1.2).

b. Die "skeidingslyn" tussen blindes en swaksiendes in die mid= delgroep is dikwels baie onseker, veral omdat kinders hul gesig verskillend gebruik. Gevalle van foutiewe evaluering van die visuele vermoë van kinders kom dus wel voor, gevolg deur foutiewe plasing as braillekandidaat of swaksiende leerling met gevolglike skadelike implikasies (kyk 5.3.1.2 a.2).

c. Die alternatiewe gebruikmaking van visuele en taktuele meto=des in die onderwyssituasie aktiveer die kind (dit wil sê die braillekandidaat wat andersinds slegs by wyse van taktuele metodes onderrig sou word) om steeds te probeer om te sien en sodoende op sy bruikbare gesigsreste gerig te bly (kyk 6.3.1.2).

d. Die geleentheid aan braillekandidate (ook braillekandidate wat nie noodwendig as grensgevalle beskou word nie) om hul bruikbare gesigsreste te gebruik, impliseer dat die leerling nie tot 'n spesifieke medium gepredisponeer word nie, maar dat die medium ooreenkomstig die eise wat spesifieke situa=sies aan die gesig stel, aangewend word. Die gesigsreste van die "braillekandidaat" word nie negeer en onteien terwyl dit nog vir hom van waarde (praktiese en psigologiese waarde) kan wees nie, hoe gering ook al.

e. Die eise wat in die onderwyssituasie en in sekere beroepsi=tuasies aan die visuele vermoë van 'n persoon gestel word, verskil soms drasties. Dit mag dus gebeur dat 'n kind wat hom in sekere onderwyssituasies op taktuele metodes met ver=laat, in spesifieke beroepsituasies wel van sy gesig gebruik sal kan maak. Voorts kan die gesigsreste van braillekandi=date (grensgevalle) ook in ander opsigte vir hulle van waarde wees, byvoorbeeld ten opsigte van persoonlike mobiliteit.

f. Erg swaksiende leerlinge wat in die onderwyssituasie noodge=dwonge hoofsaaklik van grootdruk gebruik moet maak, ondervind dikwels probleme om in die beroepsituasie waar grootdruk in die reël nie beskikbaar gestel word nie, te voldoen aan die eise wat gestel word.

Uit die voorafgaande blyk die betekenis van 'n praktyk waar grens=gevalle deur beide taktuele en visuele metodes onderrig word. Daar is egter ook gewys op die gevaar van verwarring by die

primêre skoolleerling indien gepoog sou word om hom gewone druk en brailleskrif gelyktydig te laat bemeester (kyk 6.3.1.1).

Die saamgroepering van grensgevalle impliseer dat gesigsgestrem= de kinders aan skole vir gesigsgestremdes in drie groepe verdeel word, naamlik -

a. Swaksiende leerlinge wat by wyse van visuele metodes onderrig word. Hierdie leerlinge sal met behulp van optiese hulpmid= dels, nog in 'n groot mate met gewone druk in die onderwyssi= tuasie tereg kan kom. Indien hulle op grootdruk aangewys is, bestaan 'n sterk moontlikheid dat hulle wel later met gewone druk tereg sal kan kom.

b. Grensgevalle (dit wil sê leerlinge met 'n gesigskerpte van ongeveer 3/60 tot 7/60) wat deur middel van beide taktuele en visuele metodes onderrig word.

c. Braillekandidate wat noodwendig op die taktuele as medium van onderrig aangewys is.

Die moontlikheid van 'n verdeling in drie kategorieë sal egter onder andere bepaal word deur die aantal leerlinge in die grens= gevalkategorie, en of die aantal gesigsgestremde leerlinge drie afsonderlike klasgroepe per standerd regverdig. Indien nie, kan oorweging geskenk word aan die moontlikheid om die grens= gevalle en kinders wat spesifiek op braille as medium van onder= rig aangewys is, in dieselfde klasgroep saam te groepeer waar van beide media gebruik gemaak sal word.

## Aanbevelings

*Op grond van bogenoemde pedagogiese, didaktiese, psigologiese en beroepskundige oorweginge word aanbeveel -*

a. *dat ondersoek ingestel sal word na die moontlikheid om braillekandidate met bruikbare gesigsreste en erg swak=siende leerlinge (grensgevalle) gesamentlik te onderrig waartydens van sowel taktuele as visuele metodes van onderrig gebruik gemaak sal word (vgl. 13.3.3), en*

b. *dat in klasse vir (spesifiek) braillekandidate gewaak sal word teen 'n totale onteiening van bruikbare gesigsreste waaroor leerlinge nog mag beskik.*

### 13.8.3 DIE ERKENNING VAN DIE "TWEE WERKLIKHEDE" WAARMEE DIE BLINDE KIND GEKONFRONTEER IS

Tydens die opvoedings- en onderriggebeure moet die besondere si=tuasie waarin die blinde kind hom bevind - dit wil sê dat hy blind is in 'n wêreld waarin visuele eise gestel word - steeds in aanmerking geneem word. Indien die eie werklikheid van die blinde kind afgewys word en van hom verwag word om hom klakkeloos by die gedrag van siendes aan te pas, sou dit beteken dat die blinde homself moet verloën om opgevoed te kan word en dat sy blindheid ontken word. Van die blinde moet dus nie in die eerste plek verwag word om hom soos 'n siende te gedra nie, (of om bloot met die siende te kompeteer nie), maar sy besondere moontlikhede en beperkthede moet as riglyn vir die opvoeding en onderwys dien (kyk 2.2.3.6 en 2.3.4).

Andersyds is dit die taak van die skool om die blinde kind voor te berei op inskakeling in 'n siende gemeenskap. Daar is dan ook sekere eise, veral ook ten opsigte van naskoolse beroepsop=leiding, beroepsbeoefening en sosiale inskakeling waaraan die blinde noodwendig sal moet kan voldoen (kyk 2.3.3). Die proble=matiek van die opvoeding en onderwys van die blinde kind lê dan veral daarin dat 'n balans tussen hierdie twee pole gevind moet

word. Vanselfsprekendheid is hierdie "twee werklikhede" nie in alle konsekwensies versoenbaar nie en sal blote "aanpassing" deur die blinde nie altyd vermy kan word nie.

Bogestelde beginsels moet onder andere ten opsigte van sowel die leerinhoude wat aan blindes aangebied word, as die eksaminerings=praktyk toegepas word. Wat betref die situasie aan die Skool vir Blindes te Worcester is daarop gewys dat die blinde leerlinge wel besondere probleme ondervind om sekere leerinhoude te bemeester; dat die stadiger werkstempo van die blinde tot gevolg het dat onderwysers probleme ondervind om voorgeskrewe leerinhoude binne die vasgestelde tyd af te handel; dat die blinde kind min tyd tot sy beskikking het om vir selfstandige studie in te ruim, en dat sekere probleme met die aflê van eksamens deur blinde kinders ondervind word.

In 'n poging om sommige van hierdie probleme die hoof te bied, word sekere aanpassings met betrekking tot leerinhoude wat aan blindes aangebied word, gemaak (insluitende die weglating van sekere gedeeltes); word in 'n sekere mate 'n eksamengerigte benadering gevolg; vind die finale eksaminering van leerlinge in standerds 6 tot 9 intern plaas (asook dié van sekere vakke in die standerd 10-eindeksamen), met eksterne moderering deur die Departement van Nasionale Opvoeding en geld sekere toegewings wat betref die aflê van eksamens deur blinde leerlinge (kyk 6.2.3.2 tot 6.2.3.5). Alhoewel dus gepoog word om sekere beperkthede van die blinde kind by wyse van genoemde prosedures te erken, vind sommige van hierdie maatreëls op nie-amptelike grondslag plaas. Die indruk word gekry dat sommige van hierdie maatreëls eerder uit nood gebore is, as wat dit in die lig van die ver=antwoordbaarheid daarvan, ten volle deurgevoer is.

Aanbevelings

*Op grond van die noodsaaklikheid dat "albei werklikhede" waarmee die blinde kind gekonfronteer word, erken moet word, word aan= beveel -*

*a. dat die opvoedende bemoeienis met die blinde kind en onder= wysaktiwiteite aan skole vir blindes beplan sal word met inagneming van die eie werklikheid van blindwees;*

*b. dat die eise wat deur naskoolse opleidingskursusse, spesi= fieke beroepe en die sosiale lewe in 'n gemeenskap van siendes aan die blinde gestel word, by sodanige beplanning in aanmerking geneem sal word, en*

*c. dat die sillabusse wat voorgeskryf word, die eksamens wat deur blinde leerlinge afgelê word en die sertifikate wat deur hulle verwerf word, as volwaardig erken sal word met die oog op toelating tot naskoolse opleidingskursusse en beroepstoetrede.*

## 13.9 BEROEPSOPLEIDING AAN SKOLE VIR BLINDES

### 13.9.1 DIE AANBIEDING VAN "NASKOOLSE" BEROEPSOPLEIDING AAN SKOLE VIR BLINDES

Tans bied die Skool vir Blindes verskeie beroepsopleidingskursusse aan blindes wat 'n spesifieke skolastiese standaard bereik het. Kursusse in telefonie en klavierstem- en klavierherstelwerk word aangebied aan kandidate wat oor die Nasionale Junior Sertifikaat beskik, terwyl voortgesette opleiding in sekretariële werk en musiek aan kandidate wat in besit van die Nasionale Senior Ser= tifikaat is, aangebied word. Tans word die aanbieding van 'n kursus in programmering oorweeg (kyk 7.2.2). Die feit dat beroepsleiding aan die skool self aangebied word, hou verskeie

voordele in*:

a. Die skool is in die geleentheid om (indien wenslik) steeds al=meen vormende onderwys as integrale deel van beroepsopleidings=kursusse aan te bied.

b. Kontinuïteit word verseker in die oorgang van skolastiese op=leiding na beroepsopleiding.

c. Die tydperk wat beroepsopleiding (of voorberoepsopleiding) deurloop word, dien as oriënteringstydperk wat die oorgang vanuit die beskermende opvoedingsmilieu van die skool na op=leiding aan tersiêre opleidingsinrigtings of die beoefening van 'n beroep in die ope arbeid vir die kind vergemaklik.

d. Beroepsopleiding word aangebied deur personeel wat die kandi=date reeds vir 'n geruime tyd ken en bewus is van hul moont=likhede en beperkthede. Hierdie personeel is ook in die ge=leentheid om eerstehandse inligting aangaande 'n kandidaat van onderwysersielkundiges, onderwysers, die oftalmoloog en koshuispersoneel in te win.

e. 'n Kandidaat kan op grond van die persoonsbeeld wat oor verloop van jare van hom opgebou is, geadviseer word aangaande die beroepskeuse wat hy moet doen.

f. Die blinde skoolverlater wat direk tot die ope arbeid gaan toe=tree, verlaat die skool as volwaardig opgeleide persoon wat verantwoorde beroepsplasing vergemaklik en die moontlikheid van 'n suksesvolle plasing verhoog.

---

*'n Nadeel waarteen gewaak moet word, word in paragraaf 13.9.2 aan die orde gestel.

Aanbeveling

*In die lig van genoemde voordele word aanbeveel dat voortgegaan sal word om die voorberoeps- en beroepsopleiding (ook aan blinde leer= linge wat hul skolastiese opleiding voltooi het) as faset van die skoolprogram aan die Skool vir Blindes uit te bou.*

## 13.9.2 DIE BENADERING WAT MOET GELD BY DIE AANBIEDING VAN BEROEPSOPLEIDING AAN SKOLE VIR BLINDES

'n Besondere probleem waarmee die blinde persoon gekonfronteer word, is die feit dat hy hom nie so geredelik as die siende in 'n nuwe situasie kan oriënteer nie. Om sy wêreld te interpreteer en 'n greep daarop te verkry, is die blinde hoofsaaklik op taktuele en ouditiewe verkenning aangewys wat sekere voor die hand liggen= de beperkinge impliseer (kyk 2.2.3.1). Dit is dus noodsaaklik dat die opleidingsprogramme wat aan blindes aangebied word, werklik= heidsgerig moet wees om die latere oriëntering van die blinde in die beroepsituasie te vergemaklik (kyk 2.3.3).

Sodanige gerigtheid impliseer dat die opleiding noue verband sal hou met *spesifieke* eise wat in 'n beroep aan die blinde gestel gaan word. Dit is egter onvermydelik dat die blinde beroepsbe= oefenaar steeds met vreemde situasies gekonfronteer sal word. Afgesien van die voorbereiding van die blinde om aan spesifieke eise te voldoen, moet hy dus ook voorberei word oor hoe om hom in 'n nuwe situasie te oriënteer. Dit is egter van belang dat gepoog sal word om die moontlikheid van die voordoen van nuwe situasies te beperk by wyse van beroepsgerigte opleiding. Ook sal die toepasbaarheid in die beroepsituasie van die beroepsop= leiding wat hy ontvang het, vir die blinde as "platform" dien wat sy oriëntering in vreemde situasies sal vergemaklik.

Dit is dus noodsaaklik dat noue skakeling deur die skool met die

beroepsbestel bewerkstellig sal word om sodoende op hoogte te bly met veranderende eise wat gestel word in beroepe waarvoor blindes opgelei word. In Engeland bestaan 'n liggaam, genoem die Indus=trial Advisers to the Blind (IAB) wie se taak dit is om instan=sies wat vir beroepsopleiding van blindes verantwoordelik is, te adviseer aangaande die veranderende eise waaraan blinde beroeps=beoefenaars moet voldoen. Voorts word blinde studente as deel van hul opleiding aan naskoolse sentra vir beroepsvoorligting en beroepspotensiaalevaluering in die geleentheid gestel om op 'n tydelike basis as werknemer in 'n fabriek, winkel of kantoor tus=sen siende werknemers in te skakel (kyk 7.3.5). Sodoende word hulle die geleentheid gebied tot eie kennisname van die werksi=tuasie, selfstandigheidsbeoefening en sosiale en beroepsoriënte=ring.

## Aanbevelings

*Aangesien die blinde persoon probleme gaan ondervind om hom in vreemde situasies in sy toekomstige beroep (en ook op sosiale vlak) te oriënteer en dit van aktuele belang is dat beroepsop=leiding noue verband moet hou met die veranderende eise wat in spesifieke beroepe gestel word, word aanbeveel -*

a. *dat skakeling tussen instansies wat met die voorberoepsoplei=ding en beroepsopleiding van blindes gemoeid is (in besonder die Skool vir Blindes te Worcester) en beroepsektore waar blindes in diens geneem word, op 'n vaste grondslag geplaas sal word ten einde te verseker dat daar in voorberoeps- en beroepsopleidingsprogramme tred gehou sal word met veranderende eise waaraan blindes sal moet voldoen;*

b. *dat blinde leerlinge as deel van hul opleiding ook met nuwe probleemsituasies gekonfronteer sal word waarvoor hulle self oplossings moet probeer vind, en*

c. *dat die moontlikheid om blinde leerlinge as deel van hul be=roepsopleiding vir sekere tydperke op 'n tydelike basis in die beroepspraktyk in te skakel, ondersoek sal word.*

## 13.10 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSPERSONEEL

### 13.10.1 DIE KUNDIGHEID VAN DIE ONDERWYSER IN DIE PRINSIPIËLE ASPEKTE ONDERLIGGEND AAN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS VAN BLINDES

In hoofstuk 2 is gewys op kenmerkende aspekte van die situasie van die blinde persoon in 'n wêreld waarin veral ook visuele eise aan die mens gestel word. In hierdie verband is verwys na die wyse waarop die blinde sy wêreld verken; na die onvryheid van die blinde en die inperking van sy moontlikhede om selfstandig te wees; na sy onsekere toekomsperspektief; na die moontlike mis=kenning van sy volwaardigheid as mens en die feit dat hy wel vol=waardig is binne die grense wat vir hom getrek is. Voortspruitend uit die problematiek van blindwees, is vervolgens gewys op enkele breë beginsels wat onderliggend aan die opvoeding en onderwys van blindes is. In hierdie verband is beklemtoon dat die opvoeding en onderwys van blinde kinders op die dinge in die lewenswerklikheid gerig moet wees, maar dat die eie werklikheid van die blinde ook erkenning moet kry; dat die blinde kind deur volkome aanvaarding tot selfaanvaarding gehelp moet word, en dat aan die blinde kind geleentheid gebied moet word om sy skeppingsmoontlikhede te ver=werklik om sodoende outentiek aan sy menswees gestalte te gee.

Om waarlik reg te laat geskied aan sy opvoedings- en onderwystaak is dit vir die onderwyser noodsaaklik dat hy vertroud sal wees met die prinsipiële aspekte wat hierdie taak onderlê. Sodoende kan die onderwyser tot groter begrip van die indiwiduele blinde kind kom om hom te steun tot 'n volkomer verwerking van sy gestremdheid en tot lewensvervulling.

Aanbeveling

*In die lig van die gespesialiseerde opvoedings- en onderwystaak van die onderwyser van blinde leerlinge word aanbeveel dat die problematiek van blindwees en die prinsipiële aspekte wat die opvoeding en onderwys van blinde kinders onderlê, sterk in on=derwysersopleidingskursusse beklemtoon sal word.*

### 13.10.2 SPESIALISERINGSOPLEIDING IN DIE ONDERWYS VAN MEER=VOUDIGGESTREMDE BLINDE KINDERS EN BLINDE KINDERS MET LEERPROBLEME

Onder die blinde skoolbevolking is 'n redelik groot persentasie verstandelik vertraagde kinders en getuienis en gegewens dui daarop dat daar 'n toename in die voorkoms van verstandelike ver=traging en ander bykomstige gestremdhede onder blinde kinders is (kyk 1.2 en tabel 4.2). Hierdie bykomende gestremdhede sluit onder andere gehoorgestremdheid, epilepsie, serebrale verlamming en sekere vorms van liggaamlike gestremdheid in. Dit word dus al hoe noodsaakliker dat onderwysers kennis sal dra van die impli=kasies van bykomstige gestremdhede by blinde kinders. In hierdie verband is daarop gewys dat die kursus aan die Universiteit van Birmingham vereis dat studente besoeke aan spesiale skole vir verskillende tipologieë gestremdes moet bring (kyk 8.2.2). Vaughan (1975) wys daarop dat in onderwysersopleidingskursusse in sekere oorsese lande aandag gegee word aan die basiese onder=wysbeginsels van die buitengewone onderwys in die algemeen. In die afdeling "Pedagogiek" aan die Heidelbergse Universiteit (Duitsland) word byvoorbeeld die vak "Ontwikkelingsteorie en die teorie van buitengewone onderwys" gedoseer. Ook in die kur=sus wat deur die Universiteit van Ruhr (Dortmund) aangebied word, word heelwat aandag aan gestremde kinders gewy. Die vak "Opvoe=dingswetenskap I" word in sy geheel toegespits op wat genoem

word "Algmene Heilpedagogiek" (pp. 3-4).

Afgesien van die probleem van die meervoudiggestremde blinde kind, gee heelwat blinde kinders wat vir die eerste keer tot 'n skool toegelaat word, blyke van 'n ontplooiingsagterstand (wat toege=skryf kan word aan pedagogiese verwaarlosing en/of gebrekkige op=voedingskennis van ouers). Dit gebeur ook dat leerlinge met 'n skolastiese agterstand en ander ernstige leerprobleme (veral ten opsigte van die tale en rekene) na 'n skool (of afdeling) vir blin=des oorgeplaas word (kyk 6.2.1.4 en 6.2.2.6). Aansluitend hierby wys Vaughan (1975) daarop dat ondersoeke, sowel hier te lande as oorsee, getoon het dat ongeveer 5 tot 7 persent van kinders met normale verstandsvermoë en van wie die singtuiglike vermoë onge=skonde is, aan minimale breindisfunksie ly wat 'n belangrike oor=saak van "leergestremdhede" is. Hy noem dat daar geen rede is waarom dieselfde statistiek nie ook vir gesigsgestremde kinders sal geld nie (p. 4)*.

## Aanbeveling

*In die lig van die problematiek van die meervoudiggestremde (in besonder die verstandelik vertraagde) blinde kind, die skolas=ties vertraagde blinde kind en die blinde kind met ernstige leerprobleme word aanbeveel dat die moontlikheid ondersoek sal word om die onderwys van hierdie kategorieë kinders as self=standige spesialiseringsrigting (of spesialiseringsrigtings) in opleidingskursusse vir onderwysers van blinde leerlinge uit te bou.*

---

*Die Universiteit van Suid-Afrika stel vanaf 1976 'n sesde vak vir die DBO-kursus (kyk 8.2.1.1) in, naamlik "Agtergrondstudie tot leerprobleme by gesigsgestremdes" (Vaughan, 1975, p. 4).

## 13.10.3 SPESIALISERINGSOPLEIDING IN DIE OPVOEDING EN ONDERRIG VAN VOORSKOOLSE BLINDE KINDERS

Die probleemsituasie van die voorskoolse blinde kind vereis 'n ge= spesialiseerde opvoedings- en onderrigtaak (kyk 2.2.3.3 en 2.3.5). In hierdie verband is gewys op die noodsaaklikheid vir die daar= stelling van ouerklinieke aan skole vir blindes, die wenslikheid van voorligting aan ouers aangaande die opvoeding en onderrig van hul voorskoolse kinders (kyk 13.4.2) en die noodwendigheid van voorbereidende klasse en remediërende eenhede aan skole vir blindes (kyk 13.4.4). Personeel wat vir bogenoemde opvoedings-, onderrig- en voorligtingsfasette verantwoordelik is (of sal moet wees), moet vertroud wees met die probleemsituasie van die blinde persoon en onderlê wees in die teorie van die opvoeding en onder= rig van die jong blinde kind.

### Aanbeveling

*Op grond van die gespesialiseerde opvoedings- en onderrigtaak wat deur die voorskoolse blinde kind vereis word, word aanbeveel dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid om die opvoeding en onderrig van hierdie kinders as selfstandige spesialiseringsrig= ting in opleidingskursusse vir onderwysers van blinde kinders uit te bou, met besondere verwysing na ortopedagogiese werksaam= hede op hierdie vlak.*

## 13.10.4 INDIENSOPLEIDING VAN ONDERWYSPERSONEEL AAN SKOLE VIR BLINDES

Verskeie aspekte van die situasie in skole vir gesigsgestremdes in die RSA beklemtoon die noodsaaklikheid van indiensopleiding van onderwyspersoneel. In die eerste plek verg die gespesiali= seerdheid van die opvoedings- en onderwystaak (in besonder wat betref remediërende onderwys aan blindes) dat aandag aan indiens=

opleiding gegee word. In hierdie verband is gewys op die kursus in braille-onderrig wat deur die Skool vir Blindes aangebied word en die noodsaaklikheid daarvan dat nuwe onderwysers aanvanklik deur ervare personeel begelei sal word (kyk 8.2.1.2 en 13.10.2).

In die tweede plek is daarop gewys dat die groter mate van outo= nomie wat skole vir gesigsgestremdes geniet en die feit dat die buitengewone en die gewone onderwys onder afsonderlike onderwys= owerhede ressorteer, daartoe aanleiding kan gee dat skole vir gesigsgestremdes buite die hoofstroom van ontwikkeling op onder= wysgebied kan staan. Wat betref die indiensopleiding van onder= wyspersoneel moet daar dan skakeling tussen die gewone onderwys en skole vir gesigsgestremdes bewerkstellig word (kyk 4.2.5).

Derdens bemoeilik die relatief afgeleë ligging van die RSA skake= ling met deskundiges op die gebied van die opvoeding en onder= wys van blindes in oorsese lande. Die Skool vir Blindes, as enigste volwaardige skool vir blindes, moet dus (onder leiding van die Departement van Nasionale Opvoeding) in 'n mate van isolasie verdere ontwikkeling en uitbreiding beplan. In hierdie verband is dan ook gewys op geleenthede wat aan personeel aan die Skool vir Blindes gebied word om hul by wyse van verkennings- en studiebesoeke op hoogte te stel met ontwikkeling op die gebied van die onderwys vir blindes in oorsese lande (kyk 8.2.1.3).

## Aanbevelings

*Op grond van die gespesialiseerde opvoedings- en onderwystaak van personeel aan skole vir blindes, die gevaar dat onderwys vir blindes buite die hoofstroom van ontwikkeling op onderwysgebied sal staan en die relatief afgeleë ligging van die RSA word aan= beveel -*

a. *dat voortgegaan sal word met indiensopleidingsaktiwiteite aan skole vir blindes;*

b. *dat die vereiste personeel en geriewe vir hierdie doel deur die Departement van Nasionale Opvoeding beskikbaar gestel sal word;*

c. *dat onderwyspersoneel aan skole vir blindes saam met onder= wyspersoneel aan gewone skole by indiensopleidingsprogramme betrek sal word;*

d. *dat voortgegaan sal word om personeel by wyse van studie- en verkenningsbesoeke op hoogte te stel met verwikkelinge op die gebied van die onderwys vir blindes in die buiteland en om so= doende kontinue skakeling met die verantwoordelike instansies uit te bou, en*

e. *dat die Departement van Nasionale Opvoeding en die besture van skole vir gesigsgestremdes deskundiges op die gebied van die opvoeding en onderwys van blindes uit die buiteland vir be= soeke aan die RSA sal uitnooi.*

### 13.10.5 DIE VERWERWING VAN SPESIALISERINGSKWALIFIKASIES DEUR ONDERWYSPERSONEEL

Uit die verskillende aspekte van die opvoedings- en onderwyspro= gram aan skole vir blindes wat in dié ondersoek aangesny is, blyk die gespesialiseerde taak wat van onderwyspersoneel verwag word. Om hierdie taak doeltreffend te verrig, is dit noodsaaklik dat onderwysers, afgesien van hul breëre geskooldheid in die opvoeding en die onderwys, ook onderleg sal wees in die besondere probleem= situasie van die blinde kind,in die teorie onderliggend aan die opvoeding en onderwys van blindes en in gespesialiseerde onder= wysmetodes wat aangewend word. Van onderwysers aan skole vir blindes in Engeland word vereis om binne drie jaar na aanstelling 'n spesialiseringskwalifikasie te verwerf (kyk 8.2.2).

Aanbeveling

*In die lig van die gespesialiseerde taak van onderwysers aan skole vir blindes word aanbeveel dat van nuwe onderwyspersoneel (wat nie oor 'n spesialiseringskwalifikasie beskik nie) vereis sal word om binne 'n sekere tydperk na aanstelling (byvoorbeeld vier jaar) aan 'n skool vir blindes 'n goedgekeurde spesialiseringskwalifikasie te verwerf.*

## 13.11 DIE TOEKENNING VAN ONDERWYSPERSONEEL

Die aantal leerlinge per klasgroep aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool vergelyk goed met dié aan skole vir blindes in Engeland, Italië en België (kyk 8.5). Die feit dat die kerklike beheerliggame van hierdie skole poste (ook onderwysposte) bewillig en finansieel dra wanneer sodanige poste noodsaaklik geag word, begunstig die personeelsituasie. Nogtans word steeds probleme ten opsigte van voldoende onderwyspersoneel ondervind wat gere=flekteer word deur die feit dat sommige klasgroepe noodwendig saamgegroepeer moet word (byvoorbeeld die voorbereidende klasgroep en substanderd A); deur die saamgroepering van blinde en swaksien=de leerlinge in Hulpklasse (kyk 4.4.1.2), asook deur die feit dat kerklike beheerliggame dit nodig vind om sekere poste te bewillig.

Probleme wat in verband met voldoende onderwyspersoneel ondervind word, moet toegeskryf word aan die komprehensiewe aard van die Skool vir Blindes en die feit dat personeeltoekenning hoofsaaklik op grond van totale leerlingtal geskied (kyk 8.4). Die komprehen=siewe aard van die skool word weerspieël deur die verskillende opvoedings-, onderwys- en opleidingsprogramme wat aangebied word en wat ruim personeelvoorsiening verg. In hierdie verband kan gewys word op die voorsiening vir voorskoolse en verstandelik ver=traagde blinde kinders, die afrondingskursus (kyk 11.3.2), die beroepsopleidingsprogramme vir verskillende kategorieë blinde

kinders (kyk 4.3.1) en die indiensopleidingsaktiwiteite (kyk 8.2.1.2). Verder bemoeilik 'n ongelyke verdeling van leerlinge in klasgroepe personeelindeling indien personeeltoekenning bloot op grond van totale leerlingtal geskied.*

Aanbevelings

*Op grond van bogestelde situasie word aanbeveel -*

a. *dat die wyse van personeeltoekenning sodanig gewysig sal word dat, afgesien van blinde leerlingtal, veral ook die verskil= lende opvoedings-, onderwys- en opleidingsprogramme wat aan skole vir blindes aangebied word, by die toekenning van per= soneel in ag geneem sal word***.

b. *dat die Departement van Nasionale Opvoeding daartoe bereid moet wees om die instandhouding van onderwysdienste oor te neem wat deur kerklike beheerliggame gedra word en wat nie meer as voorlopig van aard beskou kan word nie, en*

c. *dat afsonderlike personeeltoekenning ten opsigte van Afri= kaans- en Engelssprekende blinde leerlinge toegepas sal word sodra die aantal Engelssprekende leerlinge dit regverdig.*

---

*Aan die Skool vir Blindes was daar byvoorbeeld gedurende 1974 5 blinde leerlinge in substanderd B en 19 in standerd 6.

**Tydens die Vyfde Suid-Afrikaanse Konferensie oor die Onderwys van Gesigsgestremdes, gehou vanaf 23 tot 26 Junie 1975 aan die Prinshofskool te Pretoria, het die Adjunk-direkteur van die Departement van Nasionale Opvoeding verbetering van voorsie= ningskale ten opsigte van onderwyspersoneel aangekondig. Op 15 Augustus 1975 was die aard van die verbetering egter nog nie bekend nie.

## 13.12 SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES

### 13.12.1 DIE FUNKSIONERING VAN DIE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGS= DIENS

In paragraaf 9.2.2 is 'n uiteensetting gegee van die aard en wese van 'n doeltreffende Sielkundige en Voorligtingsdiens. Onder an= dere is daarop gewys dat die Sielkundige en Voorligtingsdiens as opvoedkundige hulpdiens die kind, ouer en onderwyser van hulp moet wees. Ook moet dié diens nie slegs vir kinders wat probleme on= dervind, beskikbaar wees nie, maar moet elke kind van sy primêre tot sekondêre skoolloopbaan aktief bevoordeel. Verder is op die pedodiagnoserende, raadgewende, ortopedagogiese, verwysende, inligtende, voorkomende en beslissende aspekte van die diens ge= wys.

Aanbevelings

*In die lig van die taak van 'n doeltreffende Sielkundige en Voor= ligtingsdiens word aanbeveel -*

*a. dat dié diens aan skole vir blindes steeds sal poog om aan al die verskillende aspekte van hulpverlening aandag te gee;*

*b. dat blinde leerlinge (ook aan die Prinshofskool waar blinde leerlinge ver in die minderheid is en die diens in die eerste plek op die behoeftes van die swaksiende leerling gerig is) by 'n kontinue program van voorligting en hulpverlening inge= skakel sal word en dat nie slegs 'n probleemgevalgerigte werk= metode gevolg sal word nie, en*

*c. dat noue skakeling tussen die Sielkundige en Voorligtingsdiens aan die Prinshofskool en dié aan die Skool vir Blindes bewerk= stellig sal word met die oog op die oorplasing van (veral ook verstandelik vertraagde) blinde kinders na die Skool vir*

*Blindes en die uitplasing van ernstig verstandelik vertraag= de blinde kinders na 'n afsonderlike inrigting (kyk 13.5.3.2).*

### 13.12.2 KWALIFIKASIES WAAROOR ONDERWYSERSIELKUNDIGES MOET BESKIK

Uit die vereistes wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding vir aanstelling as onderwysersielkundige gestel word, blyk dat be= sondere klem op onderlegdheid in Sielkunde gelê word, terwyl op= voedkundige geskooldheid nie sterk beklemtoon word nie (kyk 9.2.3.2). Sielkundige hulpverlening en voorligting geskied in 'n pedagogiese situasie en met hulpverlening en voorligting ten op= sigte van persoonstruktuur-, onderwys- en beroepsaangeleenthede word dan ook pedagogies-georiënteerde hulpverlening en voorligting bedoel. Met die Sielkundige en Voorligtingsdiens word beoog om die kind te help om sy eie staanplek in die lewe te bepaal, om tot selfkennis te kom en sodoende sy moontlikhede te verwerklik en sy beperkthede te verwerk (vgl. RGN, 1970a, pp. 200-201). Hieruit blyk die pedagogiese inslag van 'n skoolvoorligtingsdiens.

Wat betref die verskaffing van voorligting aan die blinde kind, kom die onderwysersielkundige voor 'n nog groter opgaaf as in die geval van die siende kind te staan. In 'n wêreld wat visuele ei= se stel, loop die blinde kind hom in die onderwyssituasie, in die gesinsituasie en ten opsigte van sy toekomstige beroep vas in die beperkinge wat blindheid hom oplê. Volgens die Vernonkomitee (1972) wat ondersoek ingestel het na die onderwys van gesigsge= stremdes in Engeland is die voorkoms van emosionele onewewigtig= heid onder blinde kinders hoog. Die rede hiervoor word onder andere toegeskryf aan oorbeskerming of verwerping deur die ouers, die belewing van vrees en onsekerheid deur die kind as sy gesig met verloop van tyd verswak, asook die moontlikheid dat emosio= nele onewewigtigheid in 'n mate noodwendig is weens die aard van die gestremdheid (Great Britain, 1972, p. 18).

Aanbevelings

*In die lig van die pedagogiese inslag van die Sielkundige en Voorligtingsdiens en van die gespesialiseerde voorligtingstaak van onderwysersielkundiges aan skole vir blindes word aanbeveel -*

a. *dat die opleidingsprogram vir onderwysersielkundiges voor= siening sal maak vir 'n universiteitsgraad (B.-graad) met Opvoedkundige Sielkunde, Filosofie van die Opvoeding, Didak= tiek, en Onderwysorganisasie en -administrasie as vakke, met spesialisering in Skoolvoorligting en Kliniese Kindersielkun= de, en die moontlikheid van voortgesette spesialisering op Magistergraadvlak;*

b. *dat benewens die teoretiese onderlegdheid wat verwerf moet word, daar ook vir praktiese opleiding aan 'n kinderleiding= kliniek voorsiening gemaak sal word waar die student onder bekwame leiding praktiese ervaring kan opdoen**, *en*

c. *dat van onderwysersielkundiges aan skole vir blindes verwag sal word om binne 'n sekere tydperk (byvoorbeeld vier jaar) 'n kursus in die opvoeding en onderwys van blindes (byvoorbeeld die Diploma in Buitengewone Onderwys), met spesialisering in skoolvoorligting, te deurloop.*

13.12.3 DIE WYSE WAAROP ONDERWYSERSIELKUNDIGES TOEGEKEN WORD

Skole vir gesigsgestremdes met 'n leerlingtal van tot 109 is op een onderwysersielkundige geregtig en 'n tweede pos kan toegestaan word sodra die leerlingtal 110 bereik (kyk 9.2.3.1). Wat betref die taak van onderwysersielkundiges is gewys op die persoonstruk=

---

*Die eerste twee aanbevelings is in ooreenstemming met die aanbe= velings in Deel 1 van die Verslag van die Komitee vir Gedifferen= sieerde Onderwys en Voorligting (RGN, 1970a, pp. 205-208).

tuurprobleme waaraan aandag gegee moet word; deeltydse klasonder=rig deur onderwysersielkundiges; die besondere mate van indiwi=dualisering wat voorligting aan blindes vereis; voorligting wat met betrekking tot die plasing van blinde leerlinge verskaf moet word (byvoorbeeld ten opsigte van die uitplasing van ernstig ver=standelik vertraagde blinde kinders, die oorplasing van kleuters na die aanvangsklas van die primêre skool, die oorplasing van leerlinge na die studiekursus vir lig verstandelik vertraagde blinde kinders en na die praktiese beroepsgerigte kursus, en die uitplasing van leerlinge na verskillende beroepsopleidingskur=susse); voorligting in verband met vak- en kursuskeuse in die sekondêre afdeling; persoonsbeelde van kinders wat saamgestel moet word, en beroepsvoorligting, beroepsplasing en beroepsver=kenning wat behartig moet word (kyk 9.2.3.3 en 12.3.2.2). Hier=uit blyk die omvangrykheid van die taak van onderwysersielkundi=ges.

Aanbevelings

*In die lig van die omvattende en intensiewe taak van onderwyser=sielkundiges word aanbeveel -*

*a. dat 'n derde pos van onderwysersielkundige toegeken sal word sodra die leerlingtal van 'n skool vir blindes (gesigsge=stremdes) die 200-kerf bereik, en 'n vierde pos sodra die leeringtal die 260-kerf bereik, en*

*b. dat die derde pos wat toegeken word, dié van vise-hoof (onderwysersielkundige) sal wees.*

## 13.13 DIE BESKIKBAARSTELLING VAN ONDERWYSHULP=MIDDELS

### 13.13.1 DIE VOORSIENING VAN LITERATUUR IN BRAILLE EN OP BAND

Die beskikbaarheid van literatuur in braille en op band hou direk verband met die suksesvolheid van die onderwys en opleiding van blindes. Alhoewel die blinde leerling en student op onderwys- en opleidingsgeleenthede kan aanspraak maak wat gelykwaardig is aan dié wat tot die beskikking van hul siende eweknie gestel word, het blindes uit die aard van die saak 'n besondere agterstand wat be=tref die toeganklikheid van literatuur en is hierdie agterstand vanselfsprekend onuitwisbaar (kyk 9.3.1).

Daar is gewys op probleme wat blinde studente aan tersiêre oplei=dingsinrigtings ondervind om voldoende literatuur in braille en op band te bekom en dat in die reël 'n redelik lang tydperk ver=loop voordat literatuur beskikbaar gestel kan word (kyk 12.2.2.3). Die bestudering van enkele voorgeskrewe boeke en die aantekeninge van dosente mag genoeg wees om die blinde student te laat slaag, maar sal hom beswaarlik in staat stel om 'n greep op die vakge=bied as geheel te kry.

Wat betref die voorsiening van literatuur in braille en op band aan blinde leerlinge en studente in sekere oorsese lande is ge=wys op die hulp verleen deur persone in gevangenisse, die noue skakeling wat met blinde studente in hierdie verband bewerkstel=lig word, die brailledrukkerye wat hoofsaaklik in die behoeftes van skole vir blindes voorsien en die dienste gelewer deur pri=vate braillekopiïste (kyk 9.3.3 en 12.2.3.3).

#### Aanbevelings

*In die lig van die aktualiteit van die voorsiening van voldoende literatuur aan blinde leerlinge en studente word aanbeveel -*

a. *dat die Departement van Nasionale Opvoeding steeds simpatiek sal luister na vertoë om die produksie van literatuur in braille en op band aan skole vir blindes uit te brei;*

b. *dat die moontlikheid dat instansies wat literatuur in braille en op band produseer, voorkeur aan dringende aanvrae deur blinde studente sal gee, deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes ondersoek sal word;*

c. *dat blinde studente deur die Departement van Nasionale Opvoeding gesubsidieer sal word om literatuur op band op eie inisiatief te bekom (byvoorbeeld by wyse van die vergoeding van medestudente en ander persone om vakliteratuur op band voor te lees), en*

d. *dat die Departement van Gevangenisse genader sal word (moontlik deur die Sentrale Koördinerende Raad vir die Voorsiening van Literatuur aan Gesigsgestremdes) in verband met die moontlikheid om die arbeidskrag van gevangenes vir sekere aspekte van die produsering van literatuur in braille te gebruik.*

### 13.13.2 DIE VOORSIENING VAN MODELLE VIR TAKTUELE VERKENNING

Die inskakeling van modelle in die didaktiese situasie wat deur die blinde kind betas kan word ten einde te probeer verseker dat hy tot sinvolle interpretasie, suiwere begripsvorming en lewensnabye ervaring sal kan kom, is van die grootste belang (kyk 2.2.3.1 a en 2.3.9). Aan die Skool vir Blindes is personeel op 'n deeltydse basis vir die vervaardiging van sodanige onderwyshulpmiddels verantwoordelik (kyk 9.3.2.4). Die behartiging van hierdie taak op 'n deeltydse basis het tot gevolg dat die inskakeling van onderwyshulpmiddels vir taktuele verkenning nie tot sy reg kom nie, aangesien die tyd nie altyd gevind kan word om voldoende onderwyshulpmiddels te vervaardig en om met vernuwing op

hierdie gebied tred te hou nie.

Aanbevelings

*Op grond van die noodsaaklikheid van die inskakeling van modelle vir taktuele verkenning in die didaktiese situasie word aanbeveel -*

*a. dat aan die Skool vir Blindes te Worcester 'n sentrale diens ingestel sal word wat verantwoordelik sal wees vir die aankope, vervaardiging, katalogisering en verskaffing van onderwyshulp=middels;*

*b. dat 'n addisionele pos van tegnikus ingestel sal word en dat die bekleër daarvan verantwoordelik sal wees vir die vervaar=diging van onderwyshulpmiddels wat deur personeel aangevra word, vir die uitbouing van 'n onderwyshulpmiddelsentrum en vir die instandhouding van toerusting (ook bandopnemers en radio's van leerlinge) en*

*c. dat kontinue skakeling tussen die Skool vir Blindes en die Prinshofskool ten opsigte van die beskikbaarheid van onderwys=hulpmiddels (ook wat betref literatuur in braille en op band) bewerkstellig sal word ten einde te verseker dat die beskik=baarstelling van onderwyshulpmiddels aan die afdeling vir blindes verbonde aan die Prinshofskool sodanig beplan kan word dat dit op gesette tye in die onderwysprogram aldaar ingeskakel sal kan word.*

## 13.14 DIE VOORSIENING EN FUNKSIONERING VAN MEDIESE EN PARAMEDIESE DIENSTE AAN SKOLE VIR BLINDES

### 13.14.1 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N GERIGTHEID OP DIE GESIGS=RESTE VAN BRAILLEKANDIDATE

Alhoewel braillekandidate in die eerste plek deur medium van die taktuele onderrig word, is die gesigsreste van sommige braille=

kandidate vir hulle steeds van psigologiese en ook van praktiese waarde en mag dit nie in die onderwyssituasie negeer of onteien word. Daar is op gewys dat die gesigsreste van braillekandidate vir hulle wel van waarde mag wees tydens die aanbieding van seke= re vakke, by die beoefening van kuns, in die latere beroepsitu= asie en ten opsigte van persoonlike mobiliteit (kyk 6.3.1.1). Terwyl braillekandidate nie deur middel van visuele metodes van onderrig in die didaktiese situasie tereg kan kom nie en in die eerste plek op die taktuele as medium aangewys is (en die swak= siende leerling op die visuele as medium), is dit verstaanbaar dat onderwysers van braillekandidate nie daarop gerig is om leer= linge te help om die gesigsreste waaroor hul nog mag beskik, te benut nie.

### Aanbeveling

*Op grond van die betekenis en waarde wat hul gesigsreste nog vir braillekandidate kan hê (ook in nie-didaktiese situasies), word aanbeveel dat personeel (onderwyspersoneel, koshuispersoneel en onderwysersielkundiges) steeds daarop attent gemaak sal word om in hul omgang met dié kinders nie húl gesigsreste te ontken nie (al word hulle by wyse van taktuele metodes onderrig), en om daarop gerig te wees om ook braillekandidate by oftalmologiese en opto= metriese dienste in te skakel ten einde te verseker dat hierdie kinders die beste gebruik van hul gesigsreste sal kan maak.*

## 13.14.2 PARAMEDIESE DIENSTE GELEWER DEUR STUDENTE AS DEEL VAN HUL OPLEIDING

Aan skole vir gesigsgestremdes (in besonder aan die Prinshofskool te Pretoria) word gebruik gemaak van dienste wat deur senior stu= dente as deel van hul opleiding gelewer word. In hierdie verband is gewys op die dienste wat deur studente in optometrie aan die

Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys, en deur studente in spraakterapie aan die Universiteit van Pretoria aan=gebied word (kyk 9.4.2). Alhoewel hierdie dienste vir die kind van besondere waarde is, moet tog gewaarsku word teen die moontlik=heid dat die opleidingsaspek die feit dat studente met 'n gesigs=gestremde *kind* te make het, mag verdring. Waar hierdie dienste deur jeugdige studente gelewer word wat nie almal pedagogies on=derleg is nie en nie self ouers is nie, is die gevaar van peda=gogies onverantwoorde optrede wel wesenlik. 'n Jong gesigsge=stremde kind alleen in 'n vertrek saam met 'n student wat hy moontlik nie goed verstaan nie (sommige van die studente is Engelssprekend), nie (goed) kan sien nie, nie ken nie en dus be=swaarlik vertroue in kan hê, sal onveilig voel - veral as hy bloot as "oogkondisie" beskou sou word.

Aanbevelings

*In die lig van die voorafgaande word aanbeveel dat waar gesigsge=stremde (blinde) kinders aan ondersoeke en hulpverlening deur stu=dente onderworpe is -*

*a. daarop gelet sal word dat die kind as opvoedeling steeds vooropgestel word;*

*b. studente op die noodsaaklikheid van 'n pedagogies verantwoor=de benaderingswyse gewys sal word, en*

*c. 'n personeellid van die skool (indien moontlik) veral die jonger kinders tydens ondersoeke en hulpverlening sal bystaan.*

13.14.3 DIE UITBREIDING VAN MEDIESE EN PARAMEDIESE DIENSTE AAN (MEERVOUDIGGESTREMDE) BLINDE KINDERS

Getuienis en statistiese gegewens dui op 'n toename in die persen=tasie blinde kinders wat meervoudiggestremd is (kyk 4.4.2.2).

Wat betref die situasie aan die Skool vir Blindes te Worcester, het 80 (54,1%) van die 148 braillekandidate wat in 1973 aan die skool verbonde was, addisionele gestremdhede gehad. Onder hierdie leerlinge was daar onder andere 5 gevalle van epilepsie, 4 van spastisiteit, 3 van ataksie, 2 van parese en 16 van postuur- en ontwikkelingsafwykings (kyk tabel 4.2). Hierdie toedrag van sake beklemtoon die aktualiteit van die beskikbaarstelling van onder andere fisioterapeutiese, arbeidsterapeutiese, ortopediese en spraakterapeutiese dienste. In hierdie verband is dan ook daarop gewys dat die Direkteur van die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel (België) die ruimer inskake= ling van 'n arbeidsterapeut ("ergotherapeut") en 'n "bewegings= terapeut" ("kinesist") bepleit (kyk 9.4.3).

In paragraaf 9.4.2 is gewys op die mediese en paramediese dienste wat tans geredelik aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool beskikbaar is. Die Prinshofskool, geleë in Pretoria waar sodanige dienste meer geredelik bekombaar is, is in 'n gunstige posisie. Daarenteen is sekere dienste (byvoorbeeld arbeidsterapeutiese dienste) nie so geredelik te Worcester bekombaar nie.

## Aanbevelings

*Op grond van die toename in die persentasie blinde kinders wat meervoudiggestremd is en die gevolglike behoefte aan meer uitge= breide mediese en paramediese dienste word aanbeveel -*

a. *dat 'n pos van arbeidsterapeut aan die Skool vir Blindes inge= stel sal word;*

b. *dat indien die instelling van andersoortige paramediese poste en die voorsiening van sekere gespesialiseerde mediese dienste weens die geringe aantal blinde leerlinge wat sodanige behan= deling vereis, finansieel nie geregverdig is nie, oorweging*

*geskenk sal word aan die moontlikheid om hierdie dienste as 'n gekombineerde diens aan nabygeleë skole vir verskillende tipologieë gestremde kinders aan te bied.*

## 13.15 MAATREËLS BETREFFENDE RESIDENSIËLE SKOLE VIR BLINDES

### 13.15.1 DIE KOSHUIS AS TUISTE VIR DIE KIND

Die koshuis as opvoedingsmilieu is deur die onderwysowerhede daar=gestel en is geen natuurlike of primêre opvoedingsmilieu nie. Waar sommige blinde leerlinge selde by hul ouers aan huis kom, is dit die verantwoordelikheid van die skool om die opvoedings=taak in 'n groot mate oor te neem. Om hierin te kan slaag, is wedersydse vertroue en intimiteit tussen koshuisouers en kinders wat spontane en verinnigde omgang moontlik maak, onontbeerlik; dit noodsaaklik dat elke kind persoonlik geken moet word; opvoeding by wyse van identifikasie en die rol van sowel koshuis=vader as koshuismoeder as identifikasiefigure aktueel, en die bewerkstelliging van 'n pedagogiese situasie noodwendig wat onder andere vereis dat koshuisouers of opvoeders in die koshuis vir 'n redelike klein groepie kinders opvoedingsverantwoorde=likheid moet aanvaar (kyk 10.2). Voorts is gewys op die praktyk in sekere oorsese lande om in die koshuise 'n in=tieme, rustige, informele en huislike atmosfeer te skep wat vir die vervulling van die opvoedingstaak bevorderlik is (kyk 10.4.3).

#### Aanbevelings

*Op grond van die noodsaaklikheid om 'n huislike atmosfeer in die koshuise te skep, word aanbeveel -*

*a. dat die Skool vir Blindes sal voortgaan met die praktyk om ouerpare (van wie die man 'n personeellid van die skool is) as koshuisouers aan te stel;*

b. *dat gepoog sal word om in alle koshuise sowel 'n koshuisva= der as koshuismoeder aan te stel;*

c. *dat by die beplanning van skoolaktiwiteite en die bepaling van die pligte van onderwyspersoneel, die opvoedingsverant= woordelikheid van koshuisvaders (en koshuismoeders) daadwerk= lik in ag geneem sal word om sodoende te probeer verseker dat hulle nie slegs insidenteel by die opvoedingstaak betrokke sal wees nie (byvoorbeeld by die toepassing van straf), maar in die geleentheid sal wees om waarlik "plaasvervangende vader" te kan wees;*

d. *dat aan die Skool vir Blindes voortgegaan sal word om klein koshuiseenhede daar te stel (tans 'n gemiddelde leerlingtal van ongeveer 25 per koshuis), en*

e. *dat jong blinde kinders (dit wil sê veral kinders in die voor= bereidende klasse en die grade of substanderds) in nog kleiner koshuiseenhede gehuisves sal word (ongeveer 12 kinders per koshuiseenheid behoort nie oorskry te word en slaapvertrekke behoort nie vir meer as 4 kinders voorsiening te maak nie) wat pedagogiese ontmoeting tussen koshuisouers en kinders sal bevorder en die onderlinge samesyn van hierdie kinders sal verinnig.*

## 13.15.2 DIE WYSE VAN GROEPERING VAN BLINDE EN SWAKSIENDE KINDERS IN DIE KOSHUISE

Aan die Prinshofskool word *blinde en swaksiende kinders* (in die voorbereidende klas tot op graad 2-vlak) saamgegroepeer in kos= huise, terwyl blinde en swaksiende kinders aan die Skool vir Blindes (in besonder die leerlinge in standerds 7 tot 10) ook in dieselfde koshuise gehuisves word (kyk tabel 10.1). Op die voor- en nadele van die saamgroepering van blinde en swaksiende kinders in koshuise is gewys (kyk 10.3.1 en 10.4.2). Die mening word

gehuldig dat nadele van saamgroepering soos gebrek aan selfstandigheidsontplooiing as gevolg van hulpverlening deur swaksiende maats, die ondermyning van die gespesialiseerde opvoedings- en onderrigtaak in die koshuise (kyk 10.4.3.3), en die verdere isolering van totaal blinde kinders, aangesien braillekandidate met bruikbare gesigsreste geneig is om met swaksiendes te speel, in koshuise vir groter kinders (byvoorbeeld vir kinders vanaf standerd 2-vlak) deur doeltreffende organisatoriese maatreëls uitgeskakel kan word, terwyl die voordele behou word. Die voorwaarde is dat in die opvoedings- en onderrigprogram in die koshuise gedifferensieer moet word ten opsigte van die behoeftes van blinde en swaksiende kinders (byvoorbeeld wat betref mobiliteitsonderrig, selfstandigheidsverwerwing en sosiale inskakeling). Wat betref die jong blinde kind (byvoorbeeld kinders tot op standerd 1-vlak) wat volgehoue en intensiewe indiwiduele hulpverlening met betrekking tot die bemeestering van taktuele eksplorasie en die verwerwing van persoonlike mobiliteit vereis, kan sy behoeftes die beste gedien word indien afsonderlike huisvesting vir blinde en swaksiende kinders verskaf word.

'n Tweede groeperingsaspek is die saamgroepering van *blinde kinders wat op verskillende ontplooiingsniveaus verkeer.* Die opvoedings- en onderrigprogram* in die koshuise word aangebied ooreenkomstig die vordering wat kinders op 'n gegewe stadium vertoon. Die taak van koshuispersoneel kan dus vergemaklik word deur blinde kinders wat in hierdie opsig 'n homogene beeld vertoon, saam te groepeer. Aan die Skool vir Blindes waar blinde meisies vanaf die voorbereidende klas tot op standerd 3-vlak in Huis Malan gehuisves word, sal doeltreffende volgehoue gespesialiseerde hulpverlening bemoeilik word.

---

*Aanbevelings in verband met opvoedings- en onderrigprogramme in koshuise aan die Skool vir Blindes word in paragraaf 13.15.3 gemaak.

'n Derde aspek wat by die groepering van blinde kinders in koshuise in ag geneem moet word, is die *verstandelike bekwaamheid* van koshuisgangers. Gedurende 1974 is blinde kinders met uiteenlopende verstandelik bekwaamhede (ernstig en lig verstandelik vertraagdes en verstandelik normaalbegaafdes) saam in koshuise gehuisves (kyk tabel 10.1). Die wyse waarop hulp in koshuise aan hierdie verskillende kategorieë blinde kinders verleen word, asook die tempo waarteen verskillende kategorieë kinders kan voldoen aan die hoër wordende opvoedings- en onderrigeise, verskil. Dit is dus wenslik dat die verstandelike bekwaamheid van leerlinge by 'n verdeling in koshuise in ag geneem sal word.*

## Aanbevelings

*In die lig van die problematiek van die groepering van gesigsgestremde kinders in koshuise word aanbeveel -*

*a. dat jong blinde kinders (byvoorbeeld kinders tot op standerd 1-vlak) in afsonderlike koshuise saamgetrek sal word om reg te laat geskied aan die volgehoue indiwiduele hulpverlening wat vereis word;*

*b. dat indien ouer blinde en swaksiende kinders in dieselfde koshuise gehuisves word, daar in die opvoedings- en onderrigprogram duidelik gedifferensieer sal word ten opsigte van die behoeftes van blinde en swaksiende kinders, en*

*c. dat die ontplooiingsniveau waarop blinde kinders verkeer en hul verstandelike bekwaamhede in ag geneem sal word by 'n verdeling in koshuise.*

---

*Die uitplasing van ernstig verstandelik vertraagde blinde kinders na 'n afsonderlike inrigting sal die heterogeniteit van blinde kinders aan *skole* vir blindes ten opsigte van verstandelike bekwaamheid en dus die probleme in verband met die indeling van kinders in koshuise verminder (kyk 13.5.3.2).

## 13.15.3 BEPLANDE OPVOEDINGS- EN ONDERRIGPROGRAMME IN KOSHUISE EN DIE AANSTELLING VAN OPVOEDENDE KOSHUISPERSONEEL

Alhoewel daar aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool veel gedoen word om aan die opvoeding en onderrig van blindes in die koshuise reg te laat geskied, beskik hierdie skole nie oor kos= huispersoneel wat spesifiek vir hierdie taak verantwoordelik is nie. Wat betref die praktyk in sekere oorsese lande is daarop gewys dat spesiaal opgeleide opvoedende personeel in die koshuise aangestel word wat onder andere ten opsigte van die volgende as= pekte van die opvoedings- en onderrigprogram hulp aan leerlinge moet verleen: Persoonlike versorging, vryetydsbesteding, oriën= tasie en mobiliteit, die bemeestering van huishoudelike en ander alledaagse take en algemene selfstandigheidsonderrig. Aan 'n skool vir blindes in België is 10 "opvoeders" byvoorbeeld vir die opvoeding en onderrig van 128 koshuisleerlinge in voorafgenoemde verband verantwoordelik (kyk 10.4.3).

Aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool kan huismoederper= soneel nie alle aspekte van bogenoemde taak behartig nie en daar word ruim van diensdoende onderwyspersoneel in hierdie verband gebruik gemaak. Van onderwysers wat reeds gedurende die dag on= derwys gegee het, is dit baie gevra om ook vir die opvoedings- en onderrigtaak in die koshuise verantwoordelikheid te aanvaar. Heslinga (1967) verwerp dan ook 'n praktyk wat 'n dubbele daag= likse taak van die onderwyspersoneel van skole vir blindes ver= eis (pp. 111-112). Wat betref die situasie aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool is voorts gewys op die probleme wat ondervind word om geskikte opgeleide huismoederpersoneel te bekom, op die feit dat klein koshuiseenhede ruim personeelvoorsiening vereis, asook op die feit dat huismoeders wat vir hul taak opge= lei is, beter by die skool- en koshuisaktiwiteite inskakel, aange= sien hulle opvoedings- en onderrigtaak sterker beklemtoon word en

hulle nie meer as lekepersoneel bestempel kan word nie (kyk 10.3.2 en 10.3.3).

Aanbevelings

*Op grond van die opvoedings- en onderrigtaak wat in die koshuise verrig moet word en van die probleme wat ondervind word om geskikte opgeleide huismoederpersoneel te bekom, word aanbeveel -*

*a. dat die opvoedings- en onderrigprogram in die koshuise aan skole vir blindes op 'n beplande grondslag geplaas sal word en uitvoerig beskryf sal word in die lig van die behoeftes van blinde kinders op verskillende ontplooiingsniveaus en wat verskil ten opsigte van verstandelike bekwaamheid;*

*b. dat huismoederpersoneel aangemoedig word om 'n kursus in kinderversorging te deurloop; die suksesvolle deurloping van sodanige kursus met 'n salarisverhoging erken sal word, en huismoederpersoneel ooreenkomstig die verantwoordelikheid van hul taak besoldig sal word;*

*c. dat die indiensopleidingsprogram vir huismoederpersoneel op 'n beplande grondslag geplaas sal word en 'n beskrewe opleidingsprogram (in samewerking met die Departement van Nasionale Opvoeding) in die lig van soortgelyke programme in oorsese lande (byvoorbeeld dié aan Bartiméus Christelijk Instituut voor Blinden en Slechtzienden te Zeist, Nederland) daargestel sal word;*

*d. dat 'n personeellid met deeglike kennis van die problematiek van die opvoeding en onderrig van die blinde residensiële leerling verantwoordelikheid vir die indiensopleiding van huismoederpersoneel sal aanvaar en dat evaluering van kandidate by wyse van 'n mondelinge, skriftelike en praktiese eksamen sal geskied;*

e. *dat, indien wenslik, bogenoemde personeellid by wyse van 'n studiebesoek hom/haar op hoogte sal stel met sodanige indiens=opleidingsprogramme in oorsese lande;*

f. *dat die suksesvolle deurloping van hierdie indiensopleidings=kursus deur die Departement van Nasionale Opvoeding met 'n salarisverhoging erken sal word;*

g. *dat daar aanvanklik in al die koshuise vir juniors (dit wil sê blinde leerlinge tot ongeveer negejarige ouderdom) een addisionele huismoeder (opvoeder) aangestel sal word wat spe=sifiek in beheer van die opvoedings- en onderrigprogram in dié koshuise sal wees, en*

h. *dat skakeling tussen koshuispersoneel, onderwyspersoneel en onderwysersielkundiges op 'n beplande wyse sal geskied ten einde kontinuïteit in die onderrigprogram en konsekwentheid van opvoedingshandeling te verseker.*

### 13.15.4 DIE BEVORDERING VAN DIE OUER-KINDVERHOUDING EN VAN SKAKELING TUSSEN OUERS EN HUL BLINDE KINDERS

Alhoewel die koshuisouers die rol van "plaasvervangende ouers" moet vervul, is die verhouding tussen koshuisouers en kind 'n opsegbare relasie. Die kind in die koshuis bly kind van sy ouers en in die laaste instansie bly die ouers verantwoordelik vir hul kinders. Dit is dan ook die taak van koshuispersoneel (en onderwyspersoneel) om te poog om die vertrouensband tussen kind en ouer heg te hou en die kind vanuit die koshuis positief op hul ouers en ouerhuise te rig. Die ouer moet steeds erken word as onvervreembare eerste vennoot in die opvoeding van sy kind (kyk 10.2.3 en 10.2.4.1).

In die RSA waar die skole vir blindes in die geval van heelwat kinders honderde myle van hul ouerhuise verwyder is, moet dus besondere aandag aan die bevordering van skakeling tussen ouers en

kinders gegee word. Sommige blinde kinders aan die Skool vir Blindes besoek hul ouerhuise so min as twee keer per jaar (kyk 10.3.4). Sodanige langdurige verwydering en kortstondige samesyn hou die wesenlike gevaar van gevoelsmatige verwydering tussen ouers en kinders in en die ouer-kindverhouding kan gedwonge en kunsmatig word. Indien dit sou gebeur dat kinders verkies om gedurende na= weke of kort vakansies by skoolaktiwiteite ingeskakel te word, terwyl hul moontlik vir twee of drie maande nie hul ouers gesien het nie, ontstaan die vraag of in 'n voldoende mate daarin geslaag is om die band tussen ouers en kind heg te hou. In besonder lê die oplossing vir pedagogies onverantwoorde optrede deur ouers tydens naweke en vakansies nie in fisiese en gevoelsmatige verwy= dering tussen ouer en kind nie, maar eerder in voorligting aan ouers oor hoe om korrek op te tree. 'n Vervlakking in die ouer-kindverhouding sal die kind nadelig tref.

In Engeland en ander oorsese lande word 'n hoë premie op gereelde skakeling tussen ouers en koshuisgangers gestel. Ouers word aan= gemoedig om besoeke by die skool af te lê, terwyl die kinders aan= gemoedig word om hul ouerhuise so dikwels as moontlik te besoek (selfs elke naweek). Volgens die Vernonkomitee in Engeland (1972) is ongeveer 75 myl die maksimum afstand wat 'n skool van die kind se ouerhuis geleë kan wees om toereikende skakeling moontlik te maak (kyk 10.4.4).

### Aanbevelings

*Op grond van die betekenis van 'n hegte ouer-kindverhouding word aanbeveel -*

a. *dat ondersoek ingestel word na die moontlikheid of meer blinde kinders nie 'n skool vir blindes as dagskoliere kan bywoon nie (byvoorbeeld kinders wat nie verder as ongeveer 'n uur se reis van die skool woonagtig is nie);*

b. *dat kinders aangemoedig word om naweke, lang naweke en vakansies by hul ouers aan huis deur te bring, en dat kinders nie te dikwels by skoolaktiwiteite ingeskakel sal word ten koste van 'n besoek aan hul ouerhuise nie;*

c. *dat die skool Vrydagmiddae vroeër sal sluit, en op Maandagoggende later sal open, indien so 'n reëling meer leerlinge in die geleentheid sal stel om gedurende naweke en veral lang naweke na hul ouerhuise te gaan;*

d. *dat in gevalle waar die huislike omstandighede van die kinders besonder swak is, die skoolhoof (in die lig van sy kennis van die kind en sy huislike agtergrond en in medewerking met ander personeel) sal besluit oor die wenslikheid al dan nie van gereelde skakeling, en*

e. *dat die skole (in samewerking met die Departement van Nasionale Opvoeding), seker sal maak dat daar nie kinders is wat as gevolg van finansiële oorweginge nie gereeld na hul ouerhuise kan gaan nie, of dat gereelde besoeke deur kinders aan hul ouerhuise, die ouers nie in 'n ongunstige finansiële posisie sal plaas nie*.*

## 13.15.5 DIE UITBREIDING VAN SKAKELING TUSSEN DIE SKOOL EN OUERS VAN SKOOLGAANDE BLINDE KINDERS**

Die personeel van die residensiële skool vir blindes moet in 'n groot mate die opvoedingstaak van die ouers oorneem. Om hierin te slaag, is daar sekere voorvereistes. In die eerste plek is diepgaande kennis van die kind, van die ouer-kindverhouding en

---

*Gunstiger subsidiëring van reiskoste is hier te sprake.

**Aanbevelings in verband met skakeling tussen skole vir blindes en ouers van voorskoolse blinde kinders is in paragraaf 13.4.1 gemaak.

van die huislike agtergrond 'n vereiste. Voorts moet die ouers as eerste vennote geken word in die opvoeding van hul kinders. Derdens moet daar kontinuïteit in die opvoedingshandelinge by die skool en by die huis wees wat impliseer dat ouers ingelig sal word oor hul pedagogiese bemoeienis met hul blinde kinders gedurende die tydperke wat die kinders aan huis vertoef (kyk 10.2.4.1 en 10.2.4.3).

In verskeie oorsese lande is skole vir blindes betreklik naby die ouerhuise geleë en is dit vir ouers moontlik om die skool gereeld te besoek. Verder word skakeling bewerkstellig by wyse van die hou van ouer-personeelvergaderings en skoolpersoneel wat ouers aan huis besoek om die opvoeding en onderrig van hul kinders te bespreek (kyk 10.4.4).

Alhoewel die Skool vir Blindes te Worcester poog om skakeling met ouers te bewerkstellig (onder andere by wyse van ouerkonferensies, ouer-personeelvergaderings en die aanmoediging van ouers om die skool te besoek), lê die groot afstande wat heelwat van die ouerhuise van die skool geleë is, skakeling aan bande. 'n Ouer=konferensie wat in 1971 gehou is, is deur 80 ouers bygewoon, terwyl 'n ouer-personeelvergadering 38 ouers getrek het (kyk 10.3.5).

Daar word dus voor oë gestel dat skakeling tussen die Skool vir Blindes en ouers van skoolgaande blinde kinders uitgebrei sal moet word. In besonder sal toenemende skakeling met ouers wat nie die skool persoonlik kan besoek nie; ouers wat nie ouerkonfe=rensies en ouer-personeelvergaderings kan bywoon nie, en ouers van blinde kinders met wie spesifieke probleme ondervind word, be=werkstellig moet word.

### Aanbevelings

*In die lig van die noodsaaklikheid van toereikende skakeling tus=sen die skool en ouers van skoolgaande blinde kinders word*

*aanbeveel -*

a. *dat oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om ook ouers van skoolgaande blinde kinders aan die ouerklinieke verbonde aan skole vir gesigsgestremdes te ontvang;**

b. *dat aandag geskenk sal word aan die moontlikheid om brief=wisseling met ouers van blinde leerlinge uit te brei en hulle op hoogte te hou met alle aspekte van hul kind se skool- en koshuislewe (byvoorbeeld deur beheerpersoneel, onderwyser=sielkundiges, klasonderwyser, opvoedende koshuispersoneel, die verpleegster en personeel verantwoordelik vir ekstra=kurrikulêre aktiwiteite), en*

c. *dat steeds gepoog sal word om, indien enigsins moontlik, ouers deur personeel aan huis te laat besoek.***

## 13.16 DIE UITBOUING VAN EKSTRAKURRIKULÊRE HULPVER=LENING AAN BLINDE LEERLINGE

### 13.16.1 HULPVERLENING MET DIE SOSIALE INSKAKELING VAN BLINDE LEERLINGE

Daar is gewys op die vreemdheid van die blinde persoon aan sy siende medemens en dat algehele aanvaarding van die blinde deur die siende deur hierdie vreemdheid en sekere vooroordele ondermyn word. Voorts is die blinde in 'n mate van sy siende medemens geïsoleer en aan vereensaming blootgestel (kyk 2.2.3.2 b). Die sosiale inskakeling van veral die blinde kind aan 'n residensiële skool

---

*Die daarstelling van ouerklinieke aan skole vir gesigsgestremdes is by die bespreking van die situasie van voorskoolse blinde kinders aanbeveel (kyk 13.4.2).

**Die aanbevelings in verband met die aanstelling van addisionele onderwysersielkundiges, personeel in die ouerkliniek en opvoe=dende koshuispersoneel sal in die onderhawige verband nuwe moontlikhede skep.

vir blindes in die siende gemeenskap, moet daadwerklik nagestreef word en doelgerigte pogings tot sosiale inskakeling moet deur die ouers en die skool beplan word. In besonder moet daarteen gewaak word dat skakeling tussen blindes en siendes nie bloot op formele vlak sal geskied waar daar van werklik persoonlike interaksie min sprake is, asook dat blindes nie hul eie eksklusiewe groepies in die geselskap van siendes vorm nie (kyk 2.3.10). Om blinde en siende kinders te help om tot algehele aanvaarding te kom, is dit nodig dat hulle mekaar ten opsigte van alle dimensies van menswees sal leer *ken*, en in besonder ook as emosionele wesens, wat intimiteit en die openbaring van hul diepere self tot gevolg het.

## Aanbevelings*

*Op grond van die feit dat die sosiale inskakeling van die blinde kind doelbewus bevorder moet word en veral die informele by-mekaar-wees van blinde en siende kinders vir algehele aanvaarding van mekaar van groot belang is, word aanbeveel -*

a. *dat die moontlikheid om meer blinde kinders op 'n gereelde grondslag gedurende naweke by siende kinders aan huis te laat kuier, ondersoek sal word;*

b. *dat geleentheid aan blinde kinders gebied sal word om saam met siendes met vakansieuitstappies te gaan;*

c. *dat die Skool vir Blindes die moontlikheid sal ondersoek om meer aktiwiteite van 'n informele en ontspannende aard aan die*

---

*Aanbevelings in verband met die inskakeling van blinde leerlinge aan skole vir siendes vir die deurloping van sekere kursusse (kyk 13.8.1), en die voorlopige inskakeling van blinde leerlinge in beroepsituasies saam met siendes (kyk 13.9.2), sal ook in die onderhawige verband van waarde wees.

*skool aan te bied waar blinde en siende kinders met mekaar sal omgaan,* en

d. *dat die skool daadwerklik pogings sal aanwend om die noodsaak= likheid van hulpverlening aan blinde kinders ten opsigte van sosiale inskakeling (en wyses waarop dit kan geskied) onder die aandag van ouers van blinde kinders te bring.**

### 13.16.2 DIE BEPLANNING VAN DIE VRYETYDSAKTIWITEITE VAN BLINDE LEERLINGE

Die behoefte aan die beoefening van vryetydsaktiwiteite (ook as ontspannings- en sosialiseringsaktiwteite) is kenmerkend van alle mense. Sodanige aktiwiteite is egter in besonder vir die blinde kind van belang aangesien -

a. hy in 'n mate van sy medemens geïsoleer is en aan vereensaming blootgestel is (kyk 2.2.3.2 b);

b. sy selfstandigheid en keusevryheid in hierdie verband inge= perk is (kyk 2.2.3.4);

c. die "volgehoue" intellektuele inspanning wat deur blindwees geïmpliseer word, vermoeienis tot gevolg het (kyk 2.2.3.8), en

d. sy deelname aan sport ernstig aan bande gelê is (2.3.12).

By die beplanning van die vryetydsaktiwiteite van blinde kinders moet die volgende *beginsels* in ag geneem word:

a. Vryetydsaktiwiteite wat blindes saam met siendes kan beoefen, sal hul sosiale inskakeling in die siende gemeenskap verge= maklik.

---

*Die aanbevelings in verband met wyses waarop skakeling tussen die skool en die ouers bevorder kan word (kyk 13.15.5), sal die ver= werkliking van hierdie aanbeveling makliker moontlik maak.

b. Vryetydsaktiwiteite wat die blinde kind na skoolverlating kan voortsit, sal hom goed te stade kom.

c. Die keuse van die kind oor die wyse waarop hy sy vrye tyd wil bestee, moet gerespekteer word.

d. Van blinde kinders moet verwag word om soms self te beplan hoe hulle hul vrye tyd gaan bestee (bv. hul naweekaktiwiteite).

e. Vryetydsaktiwiteite wat blinde kinders saam met hul ouers kan beoefen, kan baie beteken ter verstewiging en verinnerliking van die ouer-kindverhouding.

f. Vryetydsaktiwiteite moet ook so gekies word dat die fisiese ontwikkeling en mobiliteit van die blinde kind daardeur be= vorder word.

g. Vryetydsaktiwiteite moet so beplan word dat aan blinde kinders die geleentheid gebied word om hul skeppingsmoontlikhede te verwerklik (kyk 2.3.12).

In die lig van bogenoemde beginsels behoort die moontlikheid om rolbal en balsaaldans as vryetydsaktiwiteit aan blinde kinders aan te bied, oorweeg word. Hierdie aktiwiteite bied besondere ge= leenthede vir sosialisering op informele vlak en om met siende kinders en met die teenoorgestelde geslag* te verkeer; kan na skoolverlating voortgesit word; bevorder fisiese ontwikkeling en mobiliteit, en kan saam met ouers beoefen word.

## Aanbevelings

*Daar word dus aanbeveel -*

---

*Die aangeleentheid van geslagsopvoeding en -voorligting word in paragraaf 13.16.5 bespreek.

a. *dat bogestelde beginsels by die beplanning van die vryetyds=aktiwiteite van blinde leerlinge in ag geneem sal word, en*

b. *dat die aanbieding van rolbal en balsaaldans as vryetydsakti=witeite aan senior blinde leerlinge aan die Skool vir Blindes oorweeg sal word.*

### 13.16.3 GELEENTHEDE AAN BLINDE LEERLINGE OM HUL SKEPPINGSMOONT=LIKHEDE TE VERWERKLIK

Die verwerkliking van sy skeppingsmoontlikhede beteken dat die mens outentiek aan sy menswees gestalte gee en 'n persoonlike stempel op die wyse van bestaan afdruk. Elke skeppende lewens=uiting werk bevrydend aangesien die persoon hom van homself dis=tansieer. Blindwees impliseer egter sekere beperkinge wat betref die verwerkliking van skeppingsmoontlikhede. In hierdie verband is gewys op die vreemdheid van die blinde aan die dinge en die *ondiensbaarheid van sekere dinge* in die werklikheid vir die blinde wat tot gevolg het dat sy gestremdheid op homself teruggewerp word (kyk 2.2.3.2 c); op die feit dat die blinde in 'n besondere mate op die siende aangewys is om sy wêreld vir hom te verduide=lik en te verklaar wat 'n mate van *noodwendige konformiteit* impli=seer en die skeppingsmoontlikhede van die persoon ondermyn, en op die *ontoeganklikheid van sekere terreine* waarop die mens hom skeppend verwerklik, vir die blinde persoon (kyk 2.2.3.6). Dit is dus noodsaaklik dat blinde leerlinge die geleentheid gebied moet word om hul soms sluimerende skeppingsmoontlikhede te ver=werklik by wyse van deelname aan aktiwiteite wat hul tot skeppen=de deelname leen en vir die blinde toeganklik is (kyk 2.3.13).

Aan sowel die Skool vir Blindes as die Prinshofskool word handwerk en musiek as kurrikulêre aktiwiteit aangebied, terwyl handwerk ook as opsionele ekstrakurrikulêre vak aan senior leerlinge aan die Skool vir Blindes aangebied word. Tans word beoog om 'n

kunssentrum aan die Skool vir Blindes in te rig (kyk 11.4.2). Uit die verkenning van die praktyk aan skole vir blindes in sekere oorsese lande het geblyk dat geleentheid gebied word vir die bespe= ling van musiekinstrumente, dans, spraakopleiding, drama en hand= werk. Aan die Chorleywood College vir blinde meisies in Engeland word van alle leerlinge verwag om die een of ander musiekinstrument te bespeel (kyk 11.4.3).

Ten slotte word weer eens beklemtoon dat die mens hom op enige terrein as skeppende wese kan verwerklik (sommige aktiwiteite leen hul slegs meer geredelik daartoe). Dis is dan ook moontlik om tydens die deelname aan verskillende aktiwiteite 'n beroep op die skeppingsmoontlikhede van die kind te doen.

## Aanbevelings

*Op grond van die betekenis wat dit vir die kind het om sy skeppings= moontlikhede te kan verwerklik, en van die beperkinge wat blindwees in hierdie verband impliseer, word aanbeveel -*

a. *dat die erkenning van die blinde kind as skeppende wese as fundamentele beginsel in die opvoeding en onderwys van blinde kinders aanvaar sal word, en dat in alle aktiwiteite (kurri= kulêr en ekstrakurrikulêr) steeds 'n beroep tot selfstandig= heid en die uitoefening van persoonlike inisiatief op die blinde kind gedoen sal word waardeur die verwerkliking van sy skeppingsmoontlikhede as lewenstyl by hom bevestig sal word;*

b. *dat gepoog sal word om soveel blinde leerlinge as moontlik (en nie slegs dié leerlinge wat besonder aanleg in dié ver= band toon nie) by aktiwiteite te betrek wat hulle veral tot skeppende deelname leen (byvoorbeeld die bespeling van musiek= instrumente en die beoefening van ander kunsvorme in die be= oogde kunssentrum);*

*c. dat oorweging geskenk sal word aan die moontlikheid om die aanbieding van genoemde aktiwiteite as vormende program tydens formele klasperiodes uit te brei*, en*

*d. dat indien die uitbreiding van die aanbieding van aktiwiteite wat hul tot skeppende deelname leen (kurrikulêr en ektrakurrikulêr), addisionele personeel noodsaak, die Departement van Nasionale Opvoeding sodanige personeel sal voorsien.*

## 13.16.4 DIE UITBREIDING VAN DIE ONDERRIG VAN ORIËNTASIE EN MOBILITEIT AAN BLINDE KINDERS

Die bewegingsmoontlikhede (mobiliteit) van die kind bied hom die geleentheid tot fisiese ontwikkeling, stel hom in staat om sy wêreld te verken en te verruim en verseker sodoende sy harmonieuse ontplooiing. Die bewegingsmoontlikhede van die blinde kind is ingeperk en daarmee ook sy belewenisgeleenthede. Die bevordering van die mobiliteit van die blinde kind verg dan ook spesiale aandag. Hoe meer volkome die ruimtelike oriëntasie van die blinde kind, hoe veiliger sal hy hom in die beweging= situasie voel en hoe doelgerigter sal hy in sy bewegings wees (kyk 2.3.6).

Alhoewel daar aan die Skool vir Blindes en die Prinshofskool aandag aan die onderrig van oriëntasie en mobiliteit gegee word, bestaan daar aan hierdie skole nie 'n beplande onderrigprogram in hierdie verband nie. Aan die Skool vir Blindes word wel beplan om die onderrig van oriëntasie en mobiliteit op 'n meer formele grondslag te plaas en twee onderwyseresse het vir hierdie doel opleiding in die buiteland deurloop. Al die skole vir blindes in oorsese lande waaroor inligting bekom is, bied

---

*By die aanbevelings met betrekking tot die inhoud van onderwysprogramme word voorsiening gemaak vir die aanbieding van Estetiese Opvoeding (kyk 13.7).

mobiliteitsonderrig aan (kyk 11.2).

## Aanbevelings

*Op grond van die noodsaaklikheid van die bevordering van die oriëntasie en mobiliteit van blinde kinders word aanbeveel -*

*a. dat voortgegaan sal word met die beplanning van 'n formele onderrigprogram in oriëntasie en mobiliteit aan die Skool vir Blindes;*

*b. dat (indien moontlik) die aanbieding van hierdie program aan die jonger blinde kinders (byvoorbeeld substanderd A tot standerd 1) as kurrikulêre aktiwiteit sal geskied;*

*c. dat wisselwerking in hierdie verband tussen personeel wat die program aanbied, opvoedende koshuispersoneel en onder= wyspersoneel verantwoordelik vir die aanbieding van Liggaam= like Opvoeding op 'n gekoördineerde en beplande wyse sal geskied, en*

*d. dat die pos van 'n personeellid wat vir die aanbieding van die onderrigprogram in oriëntasie en mobiliteit verantwoor= delik sal wees (moontlik met sekere deelopdragte) deur die Departement van Nasionale Opvoeding bewillig sal word.*

### 13.16.5 DIE BEHOEFTE AAN 'N PROGRAM VAN GESLAGSOPVOEDING EN -VOORLIGTING AAN SKOLE VIR BLINDES

Waar kennis en begrip van geslagsaangeleenthede by siendes aan= vanklik hoofsaaklik visueel verwerf word, impliseer blindwees 'n besondere agterstand in hierdie verband en ontstellende on= kunde oor geslagsaangeleenthede is by blinde kinders en selfs blinde volwassenes gevind. Die blinde seun en meisie ondervind dus probleme om tot 'n *sinvolle oriëntering* ten opsigte van sy of haar rol as die manlike of vroulike persoon te kom. Afgesien

van die verskaffing van inligting oor die geslagtelike, is die bevestiging van die regte *gesindheid* by die jeugdige blinde in hierdie verband van primêre belang (dit wil sê 'n beklemtoning van die pedagogiese aspek in teenstelling met bloot die biologiese). Indien die pedagogiese nie vooropgestel word nie, kan dit lei tot 'n vervlakking en verwatering van die norm en tot blote kennis=verowering as voorspel tot permissiwiteit. Om die regte gesind=heid by die kind tuis te bring, vereis veral ook 'n *verantwoorde voorlewing* deur personeel en ouers van die verhouding tussen die twee geslagte. Sodanige voorbeeld waarmee die kind hom kan iden=tifiseer, is vir die blinde kind slegs *ouditief* toeganklik en hier=die feit onderstreep die vanselfsprekende agterstand van die blinde kind in vergelyking met die siende in hierdie verband.

Daar is op gewys dat 'n hoof van 'n skool vir blindes in België geslagsvoorligting nie as nodig ag nie, aangesien blinde leerlinge aan hierdie skool elke naweek en vakansies by hul ouers aan huis deurbring. Waar voorligting en die bevestiging van 'n gesindheid ten opsigte van geslagsaangeleenthede in die eerste plek die ver=antwoordelikheid van die ouers is, kan dit dan tydens genoemde besoeke deur die ouers behartig word. Ander skole vir blindes in België bied geslagsvoorligting op 'n geleentheidsgrondslag aan (byvoorbeeld tydens godsdiensonderrig en in 'n program van "familieopvoeding"), terwyl "opvoeders" in koshuise ook hieraan aandag gee. Daarenteen bied 'n skool vir blindes in Nederland 'n volledige huweliks- en geslagsvoorligting program aan. Van 33 residensiële skole vir blindes in die VSA wat in 'n ondersoek be=trek is, het 21 (63,6%) geslagsonderrigprogramme aangebied (kyk 11.6.3).

Aan die Skool vir Blindes te Worcester vind voorligting aangaande geslagsaangeleenthede hoofsaaklik op 'n geleentheidsgrondslag plaas. Aangesien sommige blinde leerlinge betreklik min by hul

ouers aan huis kom en ouers dus nie altyd hul verantwoordelikheid in hierdie verband kan nakom nie, is wel oorweging geskenk aan die moontlikheid om geslagsvoorligting as 'n faset van die af= rondingskursus aan te bied (kyk 11.3.2).

Daar word dan voor oë gestel dat aan blinde seuns en meisies vanaf ongeveer twaalfjarige ouderdom (die begin van die puberteitsfase, kyk 13.6.1) 'n program van geslagsopvoeding en -voorligting aan= gebied sal word. Waar ouers in die eerste plek vir die opvoeding van hul kinders in hierdie verband verantwoordelik is, moet die inskakeling by hierdie program opsioneel wees en onderhewig aan goedkeuring deur die ouers. Wat betref die blinde leerlinge in die studiekursus vir lig verstandelik vertraagde kinders en die praktiese beroepsgerigte studiekursus, kan oorweging daaraan geskenk word om hierdie program as 'n faset van die vak Moeder= kunde en Gesondheidsopvoeding (kyk 13.6.4) aan te bied. Daaren= teen kan die aanbieding van hierdie program aan blinde kinders in die junior en senior sekondêre studiekursusse as 'n faset van die afrondingskursus aangebied word (kyk 11.3.2). Die pedago= giese inslag van die program sal sterk moet spreek en geslags= voorligtingsprogramme wat aan skole vir blindes in Nederland* en die VSA aangebied word, kan as waardevolle leidraad dien. En= kele aspekte wat in 'n program van geslagsopvoeding en -voorlig= ting aangesny sal moet word, is die volgende: Die verhouding en optrede van die twee geslagte teenoor mekaar; die rol van die man as man vir die vrou, en die vrou as vrou vir die man; die moontlikheid van blindheid by die nageslag deur oorerwing en die morele implikasies daarvan; die taak en verantwoordelikheid van die moeder en die vader in die huisgesin en sekere fisiologiese

*Byvoorbeeld die program wat aan Bartiméus Christelijk Instituut voor Blinden en Slechtzienden te Zeist onder leiding van Heslinga en Van der Zwan aangebied word (kyk 11.6.3).

aspekte van die geslagtelike.

Aanbevelings

*Op grond van die probleme wat die blinde kind ondervind om tot sinvolle oriëntering ten opsigte van die geslagtelike en van sy of haar rol as man of vrou te kom, en die verantwoordelikhede van die residensiële skool vir blindes word aanbeveel -*

a. *dat deur die Skool vir Blindes aan blinde leerlinge vanaf ongeveer twaalfjarige ouderdom 'n program van geslagsopvoe= ding en -voorligting (as kurrikulêre of ekstrakurrikulêre aan= geleentheid) aangebied sal word;*

b. *dat die pedagogiese inslag van hierdie program vooropgestel sal word;*

c. *dat geskikte getroude persone (moontlik koshuisouers) vir die aanbieding van die program verantwoordelik sal wees; aanbie= ding aan seuns en meisies afsonderlik sal geskied, en blinde leerlinge hiervoor ooreenkomstig die ontplooiingsfase waarin hulle verkeer, saamgegroepeer sal word;*

d. *dat 'n navorsingsprojek (moontlik deur die RGN) aangaande 'n program van geslagsopvoeding en -voorligting vir blinde kinders geloods sal word; dat in hierdie projek onder andere aandag gegee sal word aan geslagsopvoeding- en geslagsvoor= ligtingprogramme wat aan skole vir blindes in oorsese lande aangebied word (in besonder in Nederland, Engeland en die VSA), en dat die inhoud, funksionering en aanbieding van hierdie program vir seuns en meisies op verskillende ontplooiings= niveaus uiteengesit sal word;*

e. *dat die deurloping van hierdie program deur 'n betrokke kind opsioneel en onderhewig aan die toestemming van sy ouers sal wees;*

*f. dat ouers van blinde kinders voorgelig sal word aangaande hûl voorligtings- en opvoedingstaak in hierdie verband ten einde verantwoorde en konsekwente optrede deur ouers en wisselwer= king tussen huis en skool te bevorder, en*

*g. dat die skool steeds daarop sal let om aan blinde seuns en meisies die geleentheid te bied om op 'n informele en spon= tane wyse (byvoorbeeld op die skoolgrond, tydens deelname aan ontspanningsaktiwiteite en in sit- en eetkamers van die kos= huise) te sosialiseer.*

## 13.17 MAATREËLS OM DIE BEROEPSPLASING VAN BLINDE SKOOLVERLATERS TE BEVORDER

### 13.17.1 BEROEPSPLASINGDIENSTE AAN DIE SKOOL VIR BLINDES TE WORCESTER

Kennis van die moontlikhede en beperkthede van die blinde (brail= lekandidaat) skoolverlater, van sy beroepsaspirasies (vgl. 2.2.3.7) en van sy oogkondisie en die beroepskundige implikasies daarvan is voorvereistes vir verantwoorde beroepsplasing. Onderwyser= sielkundiges aan die Skool vir Blindes is dus in 'n besonder gun= stige posisie om te verseker dat beroepsplasing op 'n verantwoorde wyse geskied. In die lig van hul intieme kennis van elke kind (onder andere word 'n omvattende persoonsbeeld van elke kind op= gebou) kan verseker word dat 'n korrekte plasing gedoen word (kyk 9.2.3.3).

Die Skool vir Blindes gee wel aandag aan beroepsverkenning en -plasing (onder andere deur 'n onderwysersielkundige en die skakelbeampte van die skool). Hierdie diens word egter deur personeel gelewer as 'n taak bo en behalwe hul gewone daaglikse pligte en dit sou van besondere waarde wees indien 'n personeel= lid as 'n belangrike deel van sy pligte aan hierdie faset van hulpverlening aan die blinde skoolverlater aandag kon gee. In

Engeland word skakeling tussen beroepsplasingbeamptes wat in die omgewing van die ouerhuise van blinde skoolverlaters werksaam is en dié wat in die omgewing van die skool werksaam is, sterk be= klemtoon. Die Vernonkomitee (1972) in Engeland het die mening uitgespreek dat dit van groot waarde sou wees indien elke sekon= dêre skool vir blinde leerlinge 'n personeellid sou aanwys wat onder andere vir skakeling met werkgewers en instansies wat met beroepsplasing gemoeid is, verantwoordelik sou wees (kyk 12.3.3.1). Alhoewel die betreklik afgeleë ligging van die Skool vir Blindes te Worcester doeltreffende skakeling met die oog op beroepsplasing bemoeilik, skep die *uitgestrektheid* van die land noodwendig skake= lingsprobleme.

## Aanbevelings

*Op grond van die waardevolle diens wat die Skool vir Blindes op die terrein van beroepsverkenning en -plasing kan lewer, word aan= beveel -*

a. *dat die taak van beroepsverkenning, -plasing en nasorg aan 'n onderwysersielkundige as 'n belangrike deel van sy pligte op= gedra sal word;**

b. *dat met verloop van tyd (in die lig van die doeltreffendheid en die noodsaaklikheid van die uitbreiding van die diens) oor= weging geskenk sal word aan die instelling van 'n pos van be= roepsplasingbeampte aan die Skool vir Blindes;*

c. *dat die die taak van hierdie persoon sal wees om by wyse van besoeke aan (en briefwisseling met) werkgewende instansies beroepsverkenning te doen; om blinde leerlinge tydens voor= lopige besoeke aan werkgewende instansies, asook by finale*

---

*In paragraaf 13.12.3 is 'n verbetering in die toekenning van onderwysersielkundiges aanbeveel.

*plasing te vergesel; om werkgewers in te lig oor die moont= likhede en beperkthede van die blinde beroepsbeoefenaar en van 'n spesifieke blinde skoolverlater; om nasorgwerk te doen by wyse van persoonlike besoeke en briefwisseling; om met ander instansies wat beroepsplasing behartig (die Depar= tement van Arbeid, SANRB, SABWO en burgerlike verenigings vir blindes), te skakel, en om hulpverlening van ander per= soneel in verband met beroepsverkenning en -plasing te beplan en te koördineer.*

13.17.2 BEROEPSPLASING DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE RAAD VIR BLINDES

Sowel die Departement van Arbeid as SANRB is vir die beroepspla= sing van blindes (nie slegs blinde skoolverlaters nie) verant= woordelik. Slegs enkele blinde persone doen by die Departement van Arbeid om beroepsplasing aansoek en dit is dus nie vir die Departement sinvol om beroepsplasingbeamptes aan te stel wat in die plasing van blinde persone spesialiseer nie (kyk 12.3.2.3 a). Daarenteen beskik SANRB wel oor 'n beroepsplasingbeampte wat in die beroepsplasing van blinde persone onderlê is, kennis dra van die moontlikhede en beperkthede van blinde beroepsbeoefenaars, beroepsontleding en -evaluering in verband met die plasing van blinde persone doen en wat heelwat blinde persone suksesvol plaas. Die SANRB ondervind egter soms finansiële probleme om die pos van beroepsplasingbeampte in stand te hou en beskik nie oor die fondse om 'n assistent-beroepsplasingbeampte aan te stel nie. Die SANRB beskik ook nie (soos in die geval van die Departement van Arbeid) oor takkantore wat landswyd versprei is en beroepsplasing verge= maklik nie, alhoewel skakeling met SABWO en burgerlike verenigings vir blindes in ander sentra met die oog op beroepsplasing wel plaasvind (kyk 12.3.2.4).

Aanbevelings

*Op grond van die feit dat SANRB in die beroepsplasing van blindes spesialiseer en wel heelwat blinde persone suksesvol in beroepe plaas, word aanbeveel -*

a. *dat die Departement van Arbeid genader sal word om die pos van die beroepsplasingbeampte van SANRB te subsidieer, en*

b. *dat die beroepsplasingbeampte van SANRB in die geleentheid gestel sal word om direk met beroepsplasingdienste van die Departement van Arbeid in die verskillende sentra te skakel om die beroepsplasing en nasorgwerk ten opsigte van blinde persone te vergemaklik.*

### 13.17.3 DIE BESKIKBAARSTELLING VAN TEGNIESE HULPMIDDELS AAN BLINDE BEROEPSBEOEFENAARS

Sekere take wat oënskynlik nie deur blinde werknemers verrig kan word nie, kan soms wel doeltreffend deur hulle verrig word indien sekere tegniese hulpmiddels tot hul beskikking gestel word, of sekere aanpassings aan masjiene en ander apparaat waarmee hulle werk, gemaak word. Sodanige hulpverlening aan blinde beroepsbe= oefenaars vind in die RSA nie op 'n gevestigde grondslag plaas nie en dit gebeur wel dat blinde persone as gevolg van 'n gebrek aan hulpverlening (of 'n vertraging in hulpverlening) nie in 'n sekere beroep geplaas kan word nie, of tereg kan kom nie (kyk 12.3.2.4).

In Engeland doen die tegniese departement van die Royal National Institute for the Blind navorsing in verband met hulpmiddels wat blinde beroepsbeoefenaars kan help om hul werk doeltreffend te verrig. Ook die Industrial Advisers to the Blind (Engeland) onder= soek moontlikhede om by wyse van aanpassings aan bestaande masjiene, meer masjienoperateursberoepe vir blindes toeganklik te maak. In die VSA en België word ook spesiale voorsiening vir hulpverlening in hierdie verband gemaak (kyk 12.3.3).

Aanbevelings

*In die lig van die voorafgaande word aanbeveel -*

*a. dat die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, in same= werking met die Departement van Arbeid (en ander belangheb= bende staatsdepartemente en instansies), die Wetenskaplike Nywerheids- en Navorsingsraad (WNNR) sal nader aangaande die moontlikheid om hulp te verleen insake aanpassings aan ma= sjiene en apparaat wat blindes in staat sal stel om hul werk doeltreffend te verrig;*

*b. dat hierdie hulpverlening die ontwerp en vervaardiging van nuwe hulpmiddels wat meer beroepe vir blindes toeganklik sal maak, sal insluit, en*

*c. dat hierdie hulpverlening op 'n vaste grondslag geplaas sal word.*

## 13.18 DIE UITBREIDING VAN BEROEPSGELEENTHEDE VIR BLINDES

### 13.18.1 BEROEPSVERKENNING EN -ONTLEDING OP NASIONALE VLAK

Gerigtheid op die toekoms is wesenlik aan menslike bestaan. Die blinde kind beleef egter 'n onsekere toekomsverwagting. Hierdie onsekerheid beleef hy (en veral die meer intelligente blinde kind) ook ten aansien van sy beroepstoekoms as hy tot die besef kom dat hy moontlik nie sy beroepsaspirasies sal kan verwerklik nie as ge= volg van die beperkinge wat blindwees op hom lê, en noodgedwonge sal moet berus in die "keuse" van 'n "minderwaardige" beroep. Hierdie toedrag van sake kan tot gevolg hê dat die sin en beteke= nis van sy studie vir die blinde kind verduister word en sy ywer en gerigtheid ondermyn word (kyk 2.2.3.7). In besonder het geblyk dat die beroepsgeleenthede vir blinde persone wat standerd 10 suksesvol deurloop het en nie beoog om tersiêre opleiding te

deurloop nie, uiters beperk is (kyk 12.4.2.1). Dit gebeur dan ook dat blinde persone wat standerd 10 geslaag het, noodgedwonge oplei= ding in klavierstem- en klavierherstelwerk of telefonie moet deur= loop en tot een van hierdie twee beroepe moet toetree.

Uit die verkenning van beroepe wat deur blindes in Engeland, Bel= gië, Nederland en die VSA beoefen word, blyk dat daar soortgelyke probleme as hier te lande ondervind word. In die VSA waar blindes wel tot 'n redelike verskeidenheid beroepe kan toetree, is dit opmerklik dat die meerderheid van hierdie beroepe 'n besonder gespesialiseerde taak behels. Hieruit kan afgelei word dat by wyse van beroepsontleding en -evaluering daarin geslaag is om sekere beroepe sodanig te segmenteer dat blindes wel diensbaar ingeskakel kon word (kyk 12.4.3.4).

Om dus daarin te slaag om die beroepsgeleenthede vir blindes uit te brei, is dit noodsaaklik dat die samewerking van werkgewende instansies (en veral ook staatsdepartemente) verkry sal word, sodat by wyse van beroepsontleding en -evaluering vasgestel kan word watter take wel doeltreffend deur blindes verrig kan word. In hierdie verband word verwys na die suksesvolle ondersoek wat deur die SANRB in samewerking met die Stadsraad van Pretoria uit= gevoer is en wat daartoe gelei het dat beroepe as meterhersteller en -toetser, klagtebeampte, rekenaarassistent, radio-operateur en fotostatiese afdrukassistent vir blindes gevind is (kyk 12.3.2.4).

## Aanbevelings

*Op grond van die noodsaaklikheid dat beroepsgeleenthede vir blin= des uitgebrei sal word, word aanbeveel -*

*a. dat die ontginning van nuwe beroepsgeleenthede vir blindes as 'n projek op nasionale vlak geloods sal word;*

*b. dat die sukses wat met die ontginning van nuwe beroepsgeleent=*

*hede vir blinde persone by wyse van beroepsontleding en -eva= luering deur die SANRB behaal is, asook die noodsaaklikheid van die uitbreiding van beroepsgeleenthede vir blindes, onder die aandag van die verantwoordelike Minister gebring sal word ten einde die samewerking van werkgewende instansies (veral staats- en semi-staatsinstansies) op nasionale vlak te verkry;*

c. *dat die SANRB hierdie projek sal loods (met die moontlikheid om hulp te koöpteer), aangesien hulle oor personeel beskik (ook blinde persone) wat die moontlikhede en beperkthede van die blinde beroepsbeoefenaar ken en dat hulle in hierdie ver= band die nodige finansiële hulp van owerheidsweë sal ontvang, en*

d. *dat die beroepsontleding en -evaluering wat gedoen sal word en die beroepsnorme wat vasgestel sal word, veral ook op hoër vlak beroepe (dit wil sê beroepe waarvoor minstens die ver= werwing van 'n standerd 10-sertifikaat as vereiste gestel word) toegespits sal wees.*

### 13.18.2 DIE MOONTLIKHEID VAN VERPLIGTE WERKVERSKAFFING AAN BLINDES

As teenvoeter vir die beperkte beroepsgeleenthede vir blindes word die moontlikheid van verpligte werkverskaffing dikwels geopper. Dit wil sê 'n praktyk waarin werkgewende instansies verplig word om aan 'n sekere aantal blinde persone (en ook andersinds gestrem= de persone) werk te verskaf. Die sukses van verpligte werkver= skaffing hang egter met sekere beginsels saam.

Verantwoorde beroepsplasing vereis dat 'n persoon ooreenkomstig sy beroepsaspirasies en sy persoonsmoontlikhede in 'n beroep ge= plaas word. Om sodanige plasing te bewerkstellig, vereis dat werkgewende instansies blinde werknemers selfverwerklikend sal in= skakel (kyk 12.3.4.1). Sodoende word die blinde werknemer se

moontlikhede nie misken nie en word hy die geleentheid gegun om vertroue in sy diensbaarheid te wek. Om hierin te slaag, is dit nodig dat die werkgewer kennis sal dra van die moontlikhede van sy blinde werknemer.

In België en Nederland waar wetlik vir die indiensneming van ge=stremde persone voorsiening gemaak word, word die stelsel nie as besonder doeltreffend geag nie en word dit steeds as onontbeerlik beskou dat werkgewers persoonlik deur instansies wat vir die be=roepsplasing van blindes verantwoordelik is, genader moet word (kyk 12.3.3.2 en 12.3.3.3).

### Aanbeveling

*Op grond van die eise van verantwoorde beroepskeuse en -plasing word aanbeveel dat prioriteit steeds gegee moet word aan die self=verwerklikende, produktiewe en diensbare inskakeling van blindes in 'n beroep en dat die moontlikheid van verpligte werkverskaffing aan blindes slegs sonder prysgawe van hierdie beginsels oorweeg sal word.*

## 13.19 NAVORSING OOR DIE OPVOEDING EN ONDERWYS VAN BLINDE KINDERS

In die RSA is nog nie veel navorsing oor die opvoeding en onderwys van blinde kinders gedoen nie. Navorsing wat wel gedoen is, is hoofsaaklik deur die Skool vir Blindes te Worcester geïnisieer en deurgevoer. In hierdie verband is gewys op die komitees wat aan dié skool funksioneer en knelpunte ondersoek (kyk 8.2.1.2), en die oorsese studiereise wat deur personeel van die skool onderneem is en deur verslae oor hul bevindinge opgevolg is (kyk 8.2.1.3). Ander navorsing in die RSA waarna in hierdie ondersoek verwys is, is dié wat referate wat tydens die gereelde konferensies oor die onderwys van gesigsgestremdes (wat deur skole vir gesigsgestremdes

aangebied word) gelewer word, onderlê, asook dié wat uit amptelike verslae van komitees van ondersoek blyk. Verder is ook verwys na die standaardisering van toetse deur die RGN vir gebruik met gesigsgestremdes (kyk 9.2.3.3 c).

In die lig van die betreklike klein aantal blinde leerlinge in die RSA,* is dit verstaanbaar dat buitengewoon groot bedrae geld nie aan navorsing in hierdie verband bestee kan word nie. Dit is dus noodsaaklik dat kennis geneem sal word wat op hierdie gebied in oorsese lande gedoen word.**

## Aanbevelings

*Op grond van die behoefte aan planmatige kennisname van navorsing oor die opvoeding en onderwys van blinde kinders in oorsese lande, inisiëring van navorsing in S.A. in hierdie verband en die bevordering van die kontinuïteit van skakeling tussen skole vir blindes (en die Departement van Nasionale Opvoeding) en navorsingsinstansies (in besonder die RGN) word aanbeveel -*

a. *dat 'n pos van navorsingspromotor deur die Departement van Nasionale Opvoeding ingestel sal word;*

b. *dat hierdie persoon die sameroeper van 'n staande navorsingskomitee insake navorsing oor die opvoeding en onderwys van die blinde kind sal wees waarop skole vir blindes (en ander belanghebbende instansies) verteenwoordig sal wees;****

---

*Gedurende 1974 was daar ongeveer 160 *blinde* leerlinge op skool in die RSA.

**In paragraaf 13.10.4 is aanbevelings gemaak in verband met oorsese studiebesoeke deur personeel verbonde aan skole vir blindes.

***Soortgelyke komitees insake navorsing oor ander tipologieë gestremde kinders moet ook saamgestel word.

c. *dat dit die taak van hierdie komitee sal wees om knelpunte in die opvoeding en onderwys van blindes te identifiseer, navorsingsbehoeftes te formuleer en met die nodige motivering aan navorsingsinstansies (byvoorbeeld die RGN en universi= teite) voor te lê, en tydens die verloop van die navorsing kontinue skakeling met die navorsingsinstansie te bewerkstel= lig, en*

d. *dat die navorsingspromotor verder verantwoordelik sal wees vir die planmatige kennisname van navorsing wat in oorsese lande gedoen word, die uitbouing van skakeling met hierdie lande en die bekendstelling van belangrike navorsingsresul= tate.*

## 13.20 SLOTOPMERKING

Met hierdie studie is gepoog om die hele terrein van die opvoe= ding en onderwys van blinde kinders in die RSA in die blikpunt te stel. Knelpunte wat in die lig van die eise van 'n verantwoorde opvoedings-, onderwys-, opleidings- en inskakelingspraktyk na vore gekom het, is bespreek en in die lig van begronde beginsels is sekere aanbevelings gemaak. Die implementering van hierdie aan= bevelings sal daartoe bydrae dat elke blinde kind as volwaardige mens tot meer volkome selfverwerkliking in 'n siende gemeenskap sal kom en sô ook in sy lewe die lof van God in 'n groter mate sal verkondig.

SUMMARY

FORMAL AND FORMATIVE EDUCATION FOR THE BLIND IN THE RSA

PROMOTOR: Prof. dr. H.B. Kruger
DEPARTMENT: Guidance and Special Education
DEGREE: D.Ed.

The *aim* of this investigation was to review the position of the formal and formative education of the blind in the RSA, to pay particular attention to crucial problems and, by means of a scientifically accountable interpretation and evaluation, to arrive at meaningful recommendations in respect of a system of education for blind pupils. As regards the situation in the RSA, various *methods* were employed to obtain information. Visits were paid to schools, questionnaires completed by school principals and members of the staff, and interviews conducted with experts in various fields. Questionnaires were also sent to schools for the blind in certain overseas countries and an intensive litera= ture study was undertaken.

*Being blind implies particular limitations* in comparison with the seeing person. The blind person's exploration of his world is hampered; he is deprived, to a certain extent, of his freedom as a person and limitations are imposed on his potential of self-determination; his fellow-man may deny his human dignity; his opportunities and possibilities for self-actualization are re= stricted, and his future perspective is blurred. Certain *educa= tional directives* arise from these implications of being blind. These include the following: The necessity of differentiated formal and formative education; the preparation of the blind child for the reality of life among the seeing, but also ack= nowledgement of the blind person's potential and limitations;

the advancement of the mobility of the blind; the necessity of the effective use of his remaining senses, and aid to the blind child in respect of social integration, use of leisure, orienta= tion with regard to the opposite sex, and his creative self-realization.

The NG Kerk has made a particular contribution towards the establishment of education for the blind in the RSA. Education for the blind has, in die main, remained centralized at the School for the Blind at Worcester because the number of blind pupils has never increased to such an extent to justify a fully fledged second school for White blind children. Schools for the visually handicapped (blind and partially sighted children) are *government-aided.* The task of the church control bodies of these schools is, strictly speaking, mainly of a advisory nature. The fact that financial assistance for expansion, additional staff and other educational services can be provided by the church con= trol body offers the principals of these schools the opportunity to display personal initiative in order to eliminate educational problems.

As in the case of the RSA, there are indications that there is *no significant increase* in the number of blind children in overseas countries, although the percentage of multihandicapped blind chil= dren is increasing. Whereas mentally handicapped blind children are in fact admitted to schools for the blind in the RSA, it is the tendency in some overseas countries to provide for those chil= dren in separate schools or institutions.

Comparative studies have revealed that the young blind child gene= rally takes longer to obtain a grip on reality, is slower to mas= ter language and develops at a tardier tempo at the motor and social level than the normally sighted child. The presence of a blind child in a family often impairs the parent-child relationship.

For this reason, parents have a need of assistance with regard to the formal and formative education of their *pre-school blind children*. In some overseas countries, such assistance takes the form of visits to parental homes by teachers and social workers as well as the establishment of parent clinics which are attended by parents and their blind toddlers and nursery schools for blind children.

There are three factors basic to the uncertainty in respect of the applicability of a numerical criterion as a yardstick for *admission to schools for the blind*, viz: The possibility of a faulty evaluation on the part of the ophthalmologist; the fact that visually handicapped children sometimes use their remaining vision in totally different ways, and the uncertainty with regard to the determination of the progressiveness of the eye condition. At some schools for the blind in overseas countries, the inflex= ible separation of braille candidates and the partially sighted is eliminated by instructing *border-line cases* through the tac= tile as well as the visual medium.

School-going pupils may be divided into *three categories*, viz pupils who are prepared for entry into sheltered workshops; pupils who, after receiving vocational training at school, make a direct entry into the open labour market and pupils who com= plete their secondary school careers successfully and continue their training at tertiary level. This provides an indication of the *comprehensive nature* of the School for the Blind at Worcester.

As regards *pre-primary blind children*, they are provided for, from the approximate age of five years, in a preparatory class which offers a formative educational programme. The instruction programme in this class includes, *inter alia*, number concepts, religion, oral work, singing and music, elementary handwork and

the elementary principles of braille. The extramural programme of these children is concentrated in particular on the promotion of their orientation in respect of reality, socialization and mobility. During the exploratory visits to schools for the blind, it appeared that *primary school* teachers succeed in individuali= zing the instruction to a considerable extent, in ensuring the in= volvement of the blind child in the classroom activities and in breaking through his wall of isolation. They are also capable of integrating educational aids in an accountable manner and to give priority to assisting the young blind child in his development to= wards independence. At the School for the Blind, remedial educa= tion is offered in Adjustment classes, whereas mentally retarded blind pupils are transferred to Special classes.

Syllabuses and curricula offered in the *secondary section* of the School for the Blind are basically similar to those at schools for normally sighted pupils. Differentiation within the class context occurs mainly by devoting individual attention to pupils, inter= class grouping, variation in the rate of progress and the elimina= tion of more difficult sections of the subject-matter for less gifted pupils. The matriculation results of the School for the Blind compare extremely favourable with those of schools for normally sighted pupils.

It appears from the educational programme which is offered that *spesific attempts are made to cope with the unique problems* which confront the education of the blind. There is differentiation in respect of the various aspects of the educational programme. These methods of differentiation refer to blind pupils among them= selves as well as to blind pupils in contrast with normally sighted pupils. By employing an adaptable approach, considerable progress has already been made towards extending effectively the educational programme for the blind in the light of the blind

pupil's needs and the demands of a seeing world.

As regards *vocational training* at the School for the Blind, provision is made for various categories of blind children. The most important problems which are experienced in this re= gard are the limited occupational opportunities existing for the blind, which consequently hamper the extension of vocatio= nal training at the school. The nature of the vocational trai= ning of the blind in various overseas countries is largely similar to that offered in this country. Unlike the practical situation at the School for the Blind at Worcester, general education still forms an integral part of vocational training programmes at schools and training institutions for the blind in England and Belguim, in particular.

A considerable number of the teaching staff at the School for the Blind at Worcester do not possess the Diploma in Special Education. This may be attributed to the fact that some tea= chers took the former internal course which the school itself offered; that others were trained abroad; that some have had so many years of teaching experience that further training is not deemed necessary and that others are still engaged in the course. In addition to the tertiary *training of the staff*, particular attention is devoted to in-service training at schools for the blind in the RSA.

The improvement in the course of time in the *staff position* at schools for the blind in the RSA indicates that, with the aid and co-operation of the responsible departments, much has been achieved. However, the fact that certain class groups have, of necessity, to be grouped together and that certain posts are financed by church control bodies' would indicate that problems regarding adequate teaching staff are constantly being experienced. The comprehensive character of the School

for the Blind, in particular, renders liberal staffing essential.

The scope of *psychological and guidance services* at schools for visually handicapped is impressive. Pedodiagnosis is undertaken and individual assistance is provided in respect of pupils with problems pertaining to the person structure; complete personal profiles of pupils are drawn up; remedial instruction is given on an individual basis; play therapy is applied and guidance offered with regard to the choice of subjects, field of study and occupation. However, problems are experienced in obtaining suitable evaluation media.

Ophthalmic, optometric, medical, physiotherapeutic and speech therapeutic services, on a full-time or part-time basis, are available at schools for the visually handicapped in the RSA. The increasing number of multihandicapped blind children de= mands that *medical and paramedical services* should be concen= trated to a greater extent on the needs of these children.

The provision and use of *educational aids* which render possible and facilitate learning through the tactile and auditive medium are directly related to the degree of success achieved in the teaching of the blind. The School for the Blind at Worcester has a tape recording studio and a braille printing works. In order to try and ensure that the blind child will arrive at meaningful interpretation and the accurate forming of concepts, use is made, *inter alia*, of true-to-life models which the child can feel.

The *hostel as an educational milieu* has been established by the edu= cational authorities but does not, as such, constitute a natural educational environment. Justice can only be done to the task of education in the hostel if the child accepts the authority of the house parents, education by means of identification suc= ceeds, house parents are required to assume responsibility for

educating only a fairly small group of children and one guards against the real danger of isolating the blind child. The con= siderably distances between many parental homes and the School for the Blind at Worcester cause some pupils to visit their parents at home comparatively rarely and liaison between parents and staff is also affected as a result.

Apart from the more formal educational, training and guidance programmes which are offered, schools for the blind have a particular responsibility in various other respects. Instruc= tion in *orientation and mobility*, as well as in the *mastery of everyday household tasks*, is provided at the School for the Blind at Worcester. An important aim of the participation of the blind in recreational and cultural activities is to promote their *social integration* in the seeing community. Various schools for the blind in overseas countries devote attention to *sex education*. The formal sex and marriage guidance programme which is offered at the Bartiméus Institute in Zeist (Nether= lands) is regarded as successful and even parents of blind day scholars have requested that their children be included in this programme.

Fields of study in which blind school-leavers of the School for the Blind continue their *studies at tertiary training institutions* are the following: Theology, law, teaching, physiotherapy, so= cial work and music. Students sometimes experience specific pro= blems in obtaining textbooks in braille or on tape. Fields of study in which some blind persons are studying at the tertiary level in overseas countries but which have not, at this stage been established as fields of study with occupational possibili= ties for the blind are nursing, programming, journalism and the natural sciences.

In addition to the School for the Blind, there are various bodies which concern themselves with the *occupational placement* of the blind, as well as with *after-care* on behalf of blind persons who pursue occupations. The major problem with regard to the occupa= tional placement of the blind is the fact that occupational oppor= tunities are limited which renders difficult an accountable occu= pational choice on the part of the blind person. Blind persons in the United States of America enter a wider variety of occupa= tions than in the case of any other country involved in the in= vestigation. The exploration of accessible occupations for the blind in the USA is based mainly on occupational analysis and va= rious occupations are split up in such a way that blind persons may be integrated productively.

In the light of the investigation, recommendations were made in respect of the following aspects of the education for the blind in the RSA:

1. The control of education for blind pupils.
2. Certain organizational aspects of the education for blind pupils.
3. Provision for the pre-school blind child.
4. Measures with reference to the admission of pupils to schools for the blind.
5. Differentiation in various study courses with reference to different categories of blind pupils.
6. The curricula with reference to various study courses and school phases.
7. Grouping of pupils and, in particular, the combined instruc= tion of blind and partially sighted pupils (border-line cases) in the classroom.

8. Continued vocational training at schools for the blind and the nature of the vocational training courses.
9. The training of teaching staff.
10. Staffing at schools for the blind.
11. Psychological and guidance services at schools for the blind.
12. The production of literature in braille and on tape and the manufacture of other educational aids.
13. The integration of braille candidates in ophthalmic and opto= metric services and the provision of medical and paramedical services with reference to multihandicapped blind children.
14. Measures regarding residential schools for the blind.
15. The expansion of the teaching of orientation and mobility to blind children, use of leisure, the social integration of the blind child, marriage and sex guidance to blind children, and the creation of opportunities for blind children to realise their creative potential.
16. Measures to promote the occupational placement of blind school-leavers.
17. The expansion of occupational opportunities for the blind.

These recommendations with regard to the formal and formative edu= cation of the blind in the RSA envisage the introduction of cer= tain essential innovations, the eliminations of existing crucial problems and the extension of differentiated education.